

Die impak van die skapping van artikel 11(bA) op die aftrekbaarheid van voorproduksie leningskommissie aangegaan in die uitbreiding van 'n bestaande bedryf.

deur

GERHARD THOMAS BARKHUIZEN

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.REKENINGKUNDE (BELASTING) aan die FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE, Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Mnr. Leonard Christian Willemse

Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Skool van Rekeningkunde

Desember 2014

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Gerhard Thomas Barkhuizen, dat hierdie werkstuk my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.

GT Barkhuizen

1 Desember 2014

BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- My Hemelse Vader, met wie se genade en krag ek hierdie verhandeling kon voltooi;
- My verloofde, Suzaan, vir haar geduld, bystand, ondersteuning en opoffering;
- My ouers, Frikkie en Rina, vir hul ondersteuning en aanmoediging;
- My studieleier, Leonard Willemse, vir sy geduld, insig, leiding en bydraes gedurende die voltooiing van die verhandeling;

OPSOMMING

Die doel van die studie is om die vraagstuk te ondersoek of belastingpligtiges in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A van die Inkomstebelastingwet No.58 van 1962 spesifiek in verband met voorproduksie-leningskommissie aangegaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf.

Daar word in *CSARS v South African Custodial Services (Pty) Ltd* bevind dat leningskommissie ingelees kan word onder die frase *rente en verwante finansieringskoste* soos gevind in artikel 11(bA) en dus aftrekbaar is in terme van hierdie bepaling. Artikel 11(bA) is egter onlangs uit die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwetgewing geskrap en met artikel 11A vervang. In terme van regspresedent, *stare decisis*, is daar bewys dat leningskommissie ook aftrekbaar is in terme van artikel 24J (wat die aftrekkingsbedrag in terme van artikel 11A reguleer en dus ook aftrekbaar in terme van artikel 11A is).

Daar is bevind dat voorproduksie-leningskommissie aangegaan omhein sal word in terme van artikel 11A tot en met die tydstip dat daar genoegsame belasbare inkomste is uit die spesifieke bedryf wat uitgebrei word waarteen hierdie uitgawes afgespeel kan word. Artikel 11(bA) bevat egter geen omheiningsbeperking nie en dus kan 'n aangeslane verlies geskep en aangewend word teen die belasbare inkomste van die bedrywe wat deur die belastingpligtige verdien word. Daar is verder ook bevind dat die inkomstebelastingposisie van die leningskommissie deur die belastingpligtige aangegaan, bepaal word deur die tydstip waarop die bedryf in aanvang geneem word in terme van artikel 11(bA) en artikel 11A.

Ten einde die vraagstuk bevredigend te beantwoord, word vier scenario's ondersoek wat die aftrekking van voorproduksie-leningskommissie vir inkomstebelastingdoeleindes op verskillende tye ondersoek en vergelyk in terme van artikel 11(bA) en artikel 11A. Die huidige waarde van die voorproduksie-leningskommissie-aftrekking in terme van bogenoemde artikels word met mekaar vergelyk om tot 'n slotsom te kom rakende of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A. Daar word bevind dat die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A in meeste gevalle meer nadelig vir die belastingpligtige is.

SUMMARY

The study explores the question as to whether income taxpayers are in a more disadvantaged position due to the deletion of section 11(bA) and the replacement thereof with section 11A of the Income Tax Act No.58 of 1962 specifically regarding pre-production raising fees incurred during the expansion of an existing industry.

It was found in *CSARS v South African Custodial Services (Pty) Ltd* that raising fees can be read in under the phrase *interest and related finance cost* as found in section 11 (bA) and therefore deductible under this provision. Section 11 (bA) was however recently deleted from the South African Income Tax Act and replaced with section 11A. In terms of judicial precedent, *stare decisis*, it was proved that raising fees will also be deductible in terms of section 24J (section 24J regulates and determines the amount of pre-production raising fees that may be deducted for income tax purposes in terms of section 11A).

It was found that pre-production raising fees incurred will be ring-fenced in terms of section 11A until such a time that sufficient taxable income is generated from that specific industry that is being expanded. Section 11 (bA) contains no such ring-fencing restrictions and thus an assessed loss may be created and used against other taxable income of the taxpayer. It was also found that the income tax position of raising fees incurred by the taxpayer is determined by the exact time that the entity starts with the carrying on of a trade in terms of section 11 (bA) and section 11A.

To answer the question satisfactorily, four scenarios were examined all with different stages where pre-production raising fees will be deductible in terms of section 11 (bA) and section 11A. The present value of the pre-production raising fees deduction calculated in terms of section 11(bA) and section 11A are compared against each other to ascertain whether or not the income taxpayer is in a more disadvantaged position due to the deletion of section 11(bA) and the replacement thereof with section 11A. It was found that the deletion of section 11 (bA) and the replacement thereof with section 11A is in most cases more detrimental to the taxpayer.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING.....	i
BEDANKINGS	ii
OPSOMMING	iii
SUMMARY	iv
Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Probleemstelling.....	4
1.3 Doelstelling van die studie	4
1.4 Motivering vir studie	5
1.5 Navorsingsmetodologie.....	6
1.6 Raamwerk van die studie	6
1.6.1 Hoofstuk 1: Inleiding	6
1.6.2 Hoofstuk 2: Omskrywing van leningskommissie en verwante finansieringskoste.....	6
1.6.3 Hoofstuk 3: 'n Kritiese evaluering van die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A met artikel 24J.....	7
1.6.4 Hoofstuk 4: Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië.....	7
1.6.5 Hoofstuk 5: Inkomstebelastinghantering van voorproduksie verwante finansieringskoste wat aangegaan is vir die uitbreiding van 'n bestaande bedryf.....	7
1.6.6 Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en aanbevelings.....	8
Hoofstuk 2: Omskrywing van leningskommissie en verwante finansieringskoste	9
2.1 Inleiding.....	9
2.2 Verskillende tipes leningskommissie.....	9
2.2.1 Fooi vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite	10
2.2.2 Ondersoekfooie	10
2.2.3 Waarborgfooie	11
2.2.4 Fooi vir die reël van lening.....	11
2.3 Die omskrywing en betekenis van die begrippe rente, finansieringskoste en verwant	11
2.3.1 Rente	15
2.3.2 Finansieringskoste.....	18
2.3.3 Verwant	18
2.4 Regspraak rakende die term verwante finansieringskoste	19

2.5	Kan leningskommissie beskou word as verwante finansieringskoste soos omskryf in artikel 11(bA) en artikel 24J.	23
2.6	Samevatting en gevolgtrekking	26
Hoofstuk 3: 'n Kritiese evaluering van die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A in samewerking met artikel 24J		28
3.1	Inleiding.....	28
3.2	Bepalings aangaande leningskommissie	29
3.3	Werking en wisselwerking tussen die voor die aanvang van bedryf bepalinge	32
3.3.1	Oorhoofse werking van artikel 11(bA) en artikel 11A.....	32
3.3.2	Wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A	37
3.4	Werking en wisselwerking tussen die rente en verwante finansieringskoste bepalinge.....	40
3.4.1	Oorhoofse werking van artikel 24J	40
3.4.2	Wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 24J.....	42
3.5	Wisselwerking tussen artikel 11(bA), 11A en 24J met artikels wat aftrekkings beperk.....	43
3.6	Noodsaaklikheid van artikel 11(bA).....	47
3.7	Aanvang van die beoefening van 'n bedryf.....	49
3.8	Gevolgtrekking en samevatting rakende die aanvang van beoefening van 'n bedryf	54
Hoofstuk 4: Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië.....		55
4.1	Inleiding.....	55
4.2	Motivering vir die gebruik van die Verenigde Koninkryk en Australië as voorbeelde van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die buiteland	55
4.2.1	Verenigde Koninkryk	56
4.2.2	Australië.....	57
4.3	Agtergrond en tersaaklike bespreking van die struktuur en werking van die inkomstebelastingwetgewing, relevante praktyk en regspraak in die Verenigde Koninkryk en Australië	58
4.3.1	Verenigde Koninkryk	60
4.3.2	Australië.....	61
4.4	Bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk	65
4.4.1	Individue	65
4.4.2	Maatskappye	69

4.5	Bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in Australië	74
4.6	Gevolgtrekking en samevatting	84
4.6.1	Verenigde Koninkryk	84
4.6.2	Australië.....	85
Hoofstuk 5: Inkomstebelastinghantering van voorproduksie-vernante finansierings-koste wat aangeaan is vir die uitbreiding van 'n bestaande bedryf ...		88
5.1	Inleiding.....	88
5.2.	Belastinghantering van voorproduksie-leningkommissie aangeaan ter uitbreiding van 'n bestaande bedryf	89
5.3.	Belastinghantering van voorproduksie-leningkommissies aangeaan ter uitbreiding van 'n bestaande bedryf indien artikel 11(bA) steeds van toepassing was.....	90
5.4.	Illustrasie van die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningkommissie aangeaan.....	91
5.4.1	Scenario 1	97
5.4.1.1.	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J	97
5.4.1.2	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA).....	98
5.4.2	Scenario 2	99
5.4.2.1	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J	99
5.4.2.2	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA).....	99
5.4.3	Scenario 3	100
5.4.3.1	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J	100
5.4.3.2	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA).....	100
5.4.4	Scenario 4	101
5.4.4.1.	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J	101
5.4.4.2	Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA).....	101
5.4.5	Samevatting van scenario 1 tot 4	102
5.5	Belastinghantering van leningskommissie indien artikel 11A en artikel 24J nie van toepassing is nie.....	103
5.6	Gevolgtrekking en samevatting	110
Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en samevatting		113
6.1	Inleiding.....	113
6.2	Die aard van leningskommissie en die skakeling daarvan met verwante finansieringskoste sowel as die toepaslikheid van artikels 24J en 11(bA).....	113
6.3	Die moontlike toepassing van artikel 24J, insluitend artikel 11A, op leningskommissie	114

6.4	Inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië	115
6.5	Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan in die uitbreiding van 'n bestaande bedryf.....	116
6.6	Die moontlike inkomstebelastinghantering van leningskommissie indien dit nie aan die omskrywing rente en verwante finansieringskoste voldoen nie.	118
6.7	Samevatting en gevolgtrekking	120
Bronnelys	122

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Agtergrond

Die verkryging van lenings deur plaaslike en internasionale maatskappye geskied daaglik weens 'n wye verskeidenheid kommersiële redes. Finansiering word gewoonlik benodig tydens die oprigtingsfase van 'n maatskappy, die uitbreiding van die maatskappy of as die maatskappy weens verskeie redes nie sy operasionele skulde kan delg nie (Chiang, Di & Hanke, 2010:412). Maatskappye kan hierdie addisionele befondsing verkry deur óf gelde van hul aandeelhouders te ontvang óf deur lenings te verkry. Die keuse tussen die verhoging van skuld of die verhoging van aandeelhoudersbelang moet opgeweeg word na aanleiding van die maatskappy se finansiële posisie en omstandighede. Vanuit 'n belastingsoogpunt het lenings die voordeel dat rente betaalbaar op lenings meestal vir belastingdoeleindes aftrekbaar is, terwyl die dividende wat as vergoeding vir aandeelhoudersbelang verklaar word, nie in Suid-Afrika aftrekbaar is nie.

Lenings is dikwels onderhewig aan verskeie terme en voorwaardes asook addisionele kostes wat gehef word bo en behalwe rente. Hierdie kostes is addisioneel tot die rente betaalbaar aan die uitlener (bv. 'n finansiële instelling). Die addisionele kostes wat deur finansiële instellings gehef word, bestaan onder andere uit sogenaamde fooie vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite (“holding fees”), ondersoekfooie (“investigation fees”), waarborgfooie (“guarantee fees”) en fooie vir die reël van lenings (“arrangement fees”).

Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010:632) is die kollektiewe naam vir hierdie addisionele kostes *leningskommissie*. Die breë betekenis wat deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010:632) aan leningskommissie verleen word “is die geld wat aan iemand betaal word vir die verkryging en sluiting van 'n lening”. Daar word aan die hand gedoen - na aanleiding van die verskeie tipes leningskommissie wat bestaan - dat leningskommissie óf die vorm van 'n persentasie van die lening óf 'n vaste bedrag aanneem (Zulman, Stretch & Silke, 2013).

Rente word as “opbrengs van belegde geld” (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 2010:995) omskryf. Rente word ook deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2000:910) as “vergoeding vir die gebruik van geld” omskryf. Daar word aan die hand gedoen deur Stretch & Silke (2000) dat die onderskeid wat getref kan word

tussen leningskommissie en rente is dat leningskommissie die koste vir die *verkryging* van kapitaal is, terwyl rente die koste verbonde aan die *gebruik* van kapitaal is.

Die belastinghantering van leningskommissie lok verskillende menings uit. Williams (1997:114) en Brincker (2011:M-2) is beide van mening dat leningskommissie in sekere gevalle kapitaal van aard is en dat dit nie altyd aftrekbaar is vir belastingdoeleindes nie. Williams (1997:114) meen verder dat leningskommissie kwalitatief anders is as rente. In teenstelling hiermee word daar aangevoer dat leningskommissie so nou verwant is aan rente dat die belastinghantering hiervan met rente moet ooreenstem (De Jager, 1987:11).

Die uitsprake van die Suid-Afrikaanse belastinghof kompliseer die onderwerp deurdat daar nie eenvormigheid bestaan in die uitsprake deur die hof gelewer nie. Die uitsprake van die belastinghof is daarop gebaseer dat daar hoofsaaklik op die doel van die lening gefokus moet word om sodoende te bepaal of leningskommissie aftrekbaar is al dan nie. Die Hoogste Hof van Appèl (“appèlhof”) het onlangs beslis in *C:SARS v South African Custodial Services (Pty) Ltd* 2012 (1) SA 522 (SCA), 74 SATC 61 (“SA Custodial”) dat leningskommissie op ’n lening wat van ’n kapitale aard was wel aftrekbaar is. Brincker (2011) het die uitspraak gekritiseer op die basis dat die appèlhof nie die beginsels wat deur die belastinghof neergelê is, naamlik of die lening vaste kapitaal of bedryfskapitaal in die hande van die belastingpligtige is, oorweeg het nie. Die hantering in die appèlhof van leningskommissie is teenstrydig met die siening van Zulman *et al.*, (2013). Zulman *et al.*, (2013) voer aan dat daar na die aard van die lening gekyk moet word om die belastinghantering van leningskommissie te bepaal.

Leningskommissie, as kollektiewe term, word nie gedefinieer in die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 (hierna genoem “die Wet”) nie en geen bepaling in die Wet verwys direk na leningskommissie nie. De Koker & Williams (2014) is egter in *Silke on South African Income Tax* by paragraaf 8.90 van mening dat leningskommissie beskou kan word as verwante finansieringskoste. Die term *rente en verwante finansieringskoste* word voorts ook nie gedefinieer in die Wet nie (Stretch & Silke, 2000). Die term *verwante finansieringskoste* word egter gevind in artikel 24J van die Wet wat ’n spesifieke bepaling is wat die belastinghantering van rente uiteensit. Die term word ingebring in artikel 24J deur artikel 24J(1) wat verwante finansieringskoste spesifiek insluit by die definisie van rente. Artikel 24J versprei die belastingaftrekking van die kwalifiserende artikel 24J rentes oor die termyn van die lening.

Die term *verwante finansieringskoste* is ook vroeër in die Wet onder artikel 11(bA) aangetref. Artikel 11(bA) is egter geskrap met effek van 1 Januarie 2012 en is in die Wet met artikel 11A vervang. Met verwysing na artikel 11(bA) kon rentes (met inbegrip van verwante finansieringskoste) wat aangegaan is om sekere bates te verkry, afgetrek word sodra die bates in gebruik geneem is in die beoefening van die belastingpligtige se bedryf. Stiglingh, Koekemoer, van Schalkwyk, Wilcocks, de Swart & Jordaan (2011:267) verwys na hierdie tipes rentes as voorproduksierente.

Artikel 11A laat op sy beurt egter slegs 'n aftrekking toe vir uitgawes en verliese aangegaan voor die betrokke bedryf in aanvang geneem het vir sover as wat dit toegelaat sou word met verwysing na onder andere artikels 11 en 24J. Gevolglik sou die aftrekking toelaatbaar in artikel 24J vir verwante finansieringskoste aftrekbaar wees met verwysing na artikel 11A in sover die bedryf nog nie in aanvang geneem het nie. Hierdie artikel 11A-aftrekking mag ook eers geëis word wanneer daar begin word met die beoefening van die relevante bedryf (Interpretasie nota 51, 2009:6).

Die wesenlike verskil tussen hierdie twee artikels is dat artikel 11A tot uitgawes aangegaan voor die begin van die beoefening van 'n bedryf beperk is, terwyl artikel 11(bA) verwys het na rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die bate in die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem is (m.a.w. voor produksie). Artikel 11(bA) se vertrekpunt was dus die tydstop voordat 'n bate vir bedryfsdoeleindes in gebruik geneem is. Met verwysing na huidige wetgewing sal die belastinghantering van voorproduksieverwante finansieringskoste dus bepaal moet word aan die hand van of die beoefening van 'n bedryf reeds in aanvang geneem het wanneer die uitgawes of verliese aangegaan is en nie meer wanneer die bate in gebruik geneem is nie. Artikel 23(g) beperk egter die moontlike aftrekking in sover as wat die gelde nie vir bedryfsdoeleindes bestee is nie.

Die kwessie rakende of 'n bedryf beoefen word tydens die uitbreiding van 'n bestaande besigheid is 'n kwessie waarvoor daar tans onduidelikheid heers. Interpretasie nota 51 (2009:8) stel dit dat die uitbreiding van 'n bestaande besigheid, en meer spesifiek die uitgawes aangegaan voor die ingebruikneming van 'n bate, kapitaal van aard is en nie aangegaan is in die beoefening van 'n bestaande bedryf nie. Marais (2004:2) beklemtoon dat die Suid-Afrikaanse hof aangedui het in hul uitsprake dat die vraagstuk of 'n bedryf beoefen word al dan nie, 'n feitevraag is al is die term *bedryf* gedefinieer in die Wet. Volgens Clegg (2012) het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nog geen duidelike standpunt ingeneem met betrekking tot wanneer 'n bedryf in aanvang geneem het nie.

1.2 Probleemstelling

Die belastingaftrekking toegestaan onder die geskrapte artikel 11(bA) het 'n volle aftrekking van verwante finansieringskoste toegestaan mits dit ten opsigte van kwalifiserende bates aangegaan is.

Indien verwante finansieringskoste nie met verwysing na artikel 11(bA) afgetrek kan word nie, sal dit afgetrek kan word met verwysing na artikel 24J en versprei word oor die termyn van die lening, mits daar aan al die vereistes van die bepaling voldoen word.

Die primêre vraag wat hierdie studie beoog om te beantwoord, is of die belastingpligtige tans in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die vervanging van artikel 11(bA) met artikel 11A, al dan nie. Die studie sal spesifiek fokus op die posisie van belastingpligtiges wat voorproduksie verwante finansieringskoste aangegaan het om hul bestaande besighede uit te brei.

Om die primêre vraag te kan beantwoord sal die volgende sekondêre vrae eers beantwoord moet word:

- Bestaan daar geldige gronde om die siening dat leningskommissie as verwante finansieringskoste gesien kan word, te ondersteun?
- Indien leningskommissie as verwante finansieringskoste geag kan word, sal die bepaling van artikels 24J en 11(bA) daarop toegepas kan word?
- Kan voorproduksie leningskommissie wat aangegaan is om 'n bestaande besigheid uit te brei, afgetrek word ingevolge artikel 11A of artikel 24J, of selfs geensins?
- Indien leningskommissie nie onder die gedefinieerde begrip van rente soos in artikel 24J gelys ressorteer nie, sal dit alternatiewelik onder artikel 11(a) saamgelees met artikels 23(g) en 23H afgetrek kan word?

1.3 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van die studie is om uitsluitel te verkry rakende die kwessie of belastingpligtiges wat voorproduksie verwante finansieringskoste aangegaan het in 'n meer nadelige posisie is met die skraping van artikel 11(bA) en die vervanging hiervan met artikel 11A. Die studie sal spesifiek fokus op die uitklaring van die belastinghantering van belastingpligtiges wat voorproduksie verwante finansieringskoste aangegaan het om 'n bestaande bedryf uit te brei.

1.4 Motivering vir studie

Leningsooreenkomste van miljoene rande word daaglik in Suid-Afrika gesluit. Die leningskommissie verwant aan hierdie transaksies kan ook uit wesenlike bedrae bestaan. Die belastinghantering van hierdie kostes is dus baie relevant vir belastingpligtiges sowel as die fiskus vanweë die bedrae betrokke by hierdie transaksies. Voorts is dit ook belangrik vir belastingpligtiges om te verstaan of hul belastingposisie verander het met die vervanging van artikel 11(bA) met artikel 11A. In die praktyk word daar gevind dat maatskappye nie aldag seker is oor die korrekte benadering tot leningskommissie vir inkomstebelastingdoeleindes nie.

Die bogenoemde stand van sake laat die belastingpligtige in 'n onbenydenswaardige posisie deurdat daar onsekerheid is of leningskommissie wat gehef word op lenings spesifiek aangegaan om 'n bestaande bedryf uit te brei, wel aftrekbaar is of nie. Die studie sal dus poog om 'n waardevolle bydrae te lewer tot die uiteensetting van die belastinghantering van leningskommissie, spesifiek ten opsigte van voorproduksie leningskommissie wat aangegaan is ten opsigte van die uitbreiding van 'n bestaande bedryf.

Vanuit 'n akademiese oogpunt is dit ook uiters belangrik om te bepaal of artikel 11(bA) ooit relevant was vir belastingdoeleindes. Deur die wisselwerking tussen artikels 11(bA), 11A en 24J tesame met die algemene aftrekkingsbepaling in artikel 11(a) te ondersoek, sal daar gepoog om te bepaal of die aftrekkings wat toegestaan is onder artikel 11(bA) nie in elk geval onder ander bepalings afgetrek sou kon word nie.

1.5 Navorsingsmetodologie

Die navorsing in hierdie werkstuk bestaan hoofsaaklik uit 'n literatuur- en regspraakstudie van suiwer teoretiese aspekte. Daar word gebruik gemaak van die historiese navorsingsmetodiek. Vir die doeleindes van hierdie studie en die historiese navorsingsmetodiek gaan 'n ondersoek in die volgende historiese bronne gedoen word om die doelstelling van die studie te bereik:

- Relevante Suid-Afrikaanse wetgewing.
- Relevante internasionale regspraak.
- Relevante Suid-Afrikaanse regspraak.
- Die menings van erkende belastingdeskundiges, soos vervat in handboeke en tegniese tydskrifte.

1.6 Raamwerk van die studie

1.6.1 Hoofstuk 1: Inleiding

- 1.1 Agtergrond
- 1.2 Probleemstelling
- 1.3 Doelstelling van die studie
- 1.4 Motivering vir die studie
- 1.5 Navorsingsmetodiek
- 1.6 Raamwerk van die studie

1.6.2 Hoofstuk 2: Omskrywing van leningskommissie en verwante finansieringskoste

As vertrekpunt vir die studie sal die betekenis van die woorde *leningskommissie*, *rente*, *finansieringskoste* en *verwant* bespreek word. 'n Kort bespreking sal ook gevoer word rakende die verskillende tipes en aard van die mees alledaagse leningskommissie wat in die besigheidswêreld gevind word. Die hoofstuk sal ook bespreek of leningskommissie as sulks ingelees kan word onder verwante finansieringskoste soos omskryf in artikel 24J en artikel 11(bA).

1.6.3 Hoofstuk 3: 'n Kritiese evaluering van die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A met artikel 24J.

Die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A met artikel 24J sal bespreek word in hierdie hoofstuk. Daar sal ook kortliks bespreek word of artikel 11(bA) relevant was vir inkomstebelastingdoeleindes en of die aftrekking wat toegestaan sou word nie onder enige ander bepaling sou kon geskied nie. Die studie sal ook kortliks bespreek wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem, met die spesifieke fokus op of die uitbreiding van 'n bestaande bedryf die voortsetting van 'n bestaande bedryf is en of daar 'n nuwe bedryf tot stand gekom het.

1.6.4 Hoofstuk 4: Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië word in hierdie hoofstuk bespreek. Die doel van die hoofstuk is om na die buiteland se hantering van die kwessie te kyk en om te bepaal of die hantering daarvan moontlik byval sal vind by die Suid-Afrikaanse hantering van die leningskommissie vir belastingdoeleindes. Dit kan lei tot moontlike riglyne vir Suid-Afrika oor hoe om die leningskommissie vir belasting te hanteer en eenvormigheid te verkry rondom hierdie tipe kostes met die buiteland.

1.6.5 Hoofstuk 5: Inkomstebelastinghantering van voorproduksie verwante finansieringskoste wat aangegaan is vir die uitbreiding van 'n bestaande bedryf

Die belastinghantering van voorproduksie verwante finansieringskoste wat aangegaan is vir die uitbreiding van 'n bestaande bedryf sal in hierdie hoofstuk ondersoek word. Die klem sal val op of bogenoemde verwante finansieringskoste afgetrek moet word in terme van artikel 11A of artikel 24J. Die studie sal verder ook bestudeer hoe hierdie onkoste afgetrek sou geword het voor artikel 11(bA) geskrap is. Die belastinghantering van leningskommissie wat nie aftrekbaar is in terme van artikel 11(bA), 11A of 24J nie, sal oorweeg en bespreek word. Indien dit nie onder laasgenoemde artikels aftrekbaar is nie, sal die aftrekbaarheid daarvan onder artikel 11(a) gelees met artikel 23(g) en 23H bepaal word.

1.6.6 Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en aanbevelings

Hierdie hoofstuk bevat 'n oorsig van die navorsing en bespreking wat onderneem is in hierdie studie ten einde 'n werkbare oplossing te bied vir die primêre probleemstelling. 'n Gevolgtrekking sal dus gemaak word rakende of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skapping van artikel 11(bA) en die vervanging hiervan met artikel 11A. 'n Gevolgtrekking sal verder ook gemaak word oor onder watter artikel in die Wet die voorproduksie-verwante finansieringskoste aftrekbaar is.

Hoofstuk 2: Omskrywing van leningskommissie en verwante finansieringskoste

2.1 Inleiding

Die struktuur van hierdie hoofstuk in terme van die uitleg van die definisies *rente*, *verwant en finansieringskoste* stem nouliks ooreen met die struktuur gebruik in hoofstuk 4 van die Magister-verhandeling *Die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto* (de Villiers, 32:2001). Hierdie Magister-verhandeling het, onder andere, oor die definisie van “rente” gehandel en die bronne wat geraadpleeg is, sluit verskeie algemene verklarende woordeboeke, Suid-Afrikaanse wetgewing en regspraak in.

Die vertrekpunt vir hoofstuk 2 is 'n tersaaklike bespreking van sekere tipes leningskommissie wat in die sakepraktyk gevind word. 'n Aspek van leningskommissie wat bestudeer sal word, is of leningskommissie 'n *persentasie van die totale leningsbedrag* is en of dit 'n *vaste bedrag is wat eenmalig gehef* word op die verkryging van die spesifieke lening (Zulman *et al.*, 2013). Die hoofokus van die hoofstuk is die ondersoek na die betekenis en omskrywing van relevante begrippe soos *leningskommissie*, *rente*, *finansieringskoste* en *verwant*. Belangrike relevante wetsuitlegbeginsels word ook bespreek. Die hoofstuk sluit af met 'n ondersoek na of leningskommissie binne die beskrywing van *rente en verwante finansieringskoste* soos gevind in artikel 11(bA) en artikel 24J ingelees kan word.

2.2 Verskillende tipes leningskommissie

Leningskommissie is die kollektiewe naam, verskaf deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010:632), vir addisionele kostes gehef tydens die verkryging van 'n lening deur die lener. Hierdie kostes is addisioneel tot rente. Leningskommissie word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010:632) omskryf as “die geld wat aan iemand betaal word vir die verkryging en sluiting van 'n lening”. Leningskommissie word volgens De Jager (1987:1) hoofsaaklik in gevalle en tye waar lenings moeilik verkrygbaar is, betaal. Die heffing van leningskommissie in sulke omstandighede deur die uitlener en betaling daarvan deur die lener help om te verseker dat die lening wel verkry sal word deur die lener. Die heffing van leningskommissie is egter nie slegs afhanklik van tye waarin lenings moeilik verkrygbaar is nie. Leningskommissie word ook aangegaan vir verskeie ander redes en doeleindes wat verder in die hoofstuk bespreek sal word. Leningskommissie, soos reeds bespreek, word hoofsaaklik bereken as 'n *persentasie* van die lening verkry of as 'n *eenmalige* vaste bedrag.

Die verskillende tipes leningskommissie wat tans in die praktyk aangetref word, en bespreek gaan word in die studie, is soos volg (Zulman *et al.*, 2013):

- fooie vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite (“holding fees”);
- ondersoekfooie (“investigation fees”);
- waarborgfooie (“guarantee fees”); en
- fooie vir die reël van lenings (“arrangement fees”).

2.2.1 Fooi vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite

Finansiële instellings verskaf, afhangende van die terme van die leningsooreenkoms, beskikbare kredietfasiliteite aan die lener wat gebruik kan word soos en wanneer die lener dit benodig. Finansiële instellings sal gevolglik nie meer inkomste verdien op hierdie gelde wat hul aan die lener beskikbaar stel nie, weens die feit dat hul die gelde reserveer vir die lener. Die gelde kan weens die reservering daarvan vir die lener nie meer deur die finansiële instelling aan ander kliënte geleen word om inkomste op te verdien nie. Die verlies aan inkomste lei daartoe dat hierdie tipe leningskommissie gehef word as vergoeding vir die inkomste wat die finansiële instelling moes opgee deur die fondse opsy te sit. Hierdie fooi word dus bereken op die deel van die beskikbare leningsfasiliteit wat nie deur die lener gebruik word nie en terselfdertyd ook nie deur die finansiële instelling aangewend kan word om inkomste elders te verdien nie (Zulman *et al.*, 2013).

2.2.2 Ondersoekfooie

Vanweë verskeie risiko's verbonde aan lenings, ondergaan uitleners dikwels onkoste aan om die bedrywighede van die instansie wat aansoek doen vir 'n lening te ondersoek. Dit word gedoen om onder andere die kredietwaardigheid van die lener te ondersoek en om te bepaal of die lener oor die vermoë beskik om die lening terug te betaal. Die kostes wat aangegaan word om die lener se bedrywighede te ondersoek, sal dikwels van die lener verhaal word. Hierdie fooi word meestal gehef as 'n persentasie van die bedrag geleen (Zulman *et al.*, 2013).

2.2.3 Waarborgfooie

Aansienlike kapitaalbedrae word dikwels deur ondernemings benodig om beoogde projekte te finansier. Die lener word meestal, veral tydens kapitaal-intensiewe projekte, vereis om bewys te lewer aan die ander partye in die beoogde projek dat die nodige finansiering wel bekom sal word deur die lener. Die lener het dikwels nie die nodige kapitaalbedrae om hierdie bewys te lewer nie en benodig gevolglik die uitlener om waarborg te verskaf dat hul die nodige lening sal voorsien soos en wanneer dit benodig word. Die uitlener dra dus die risiko vir die uitreiking van die lening. As vergoeding vir die uitreiking van die waarborg word 'n waarborgfooi deur die uitlener op die lener gehef (Zulman *et al.*, 2013).

2.2.4 Fooi vir die reël van lening

Leners benodig dikwels aansienlike bedrae kapitaal en banke is individueel nie altyd bereid om die risiko van die verskaffing van kapitaal alleen te dra nie. Die dienste van 'n makelaar word dan gebruik om die nodige kapitaal te verkry van verskeie finansiële instellings. Dit kan egter wel gebeur dat die makelaar die nodige kapitaal verkry van slegs een finansiële instelling. Die makelaar sal dan 'n fooi op die reël van die lening aan die lener hef as vergoeding vir sy dienste gelewer om die lening te verkry (De Jager, 1987:1).

2.3 Die omskrywing en betekenis van die begrippe *rente*, *finansieringskoste* en *verwant*

Die betekenis van die frase *verwante finansieringskoste*, soos reeds genoem, word nie deur die Wet gedefinieer nie. Clegg en Stretch (2014) by paragraaf 2.6 bevestig die siening, soos hierbo gehuldig, dat die gewone woordeboekbetekenis aan woorde toegeken moet word wat nie deur die Wet gedefinieer word nie. In *Union Government v Mack* 1917 AD 731 het regter Solomon JA, die volgende stelling gemaak:

“Now the primary rule in the construction of statutes is that the language of the legislature should be read in its ordinary sense; but this is a rule which is subject to exceptions, and there are many cases in the reports in which the Courts have taken upon themselves to modify the plain meaning of the language...”

Die betekenis van *verwante finansieringskoste* sal dus afgelei word vanaf die gewone betekenis van verwante finansieringskoste tensy die hof bevind dat daar 'n ander betekenis aan verwante finansieringskoste geheg moet word om die ware bedoeling van die Wetgewer te verkry. Gesag vir hierdie siening kan gevind word in die uitspraak deur Lord Wensleydale in *Grey v Pearson* (1857) 6 HL Cas 61 (Bill of Rights Compendium, 2012), waar hy soos volg aanvoer:

“the grammatical and ordinary sense of the words is to be adhered to, unless that would lead to some absurdity, or some repugnance or inconsistency with the rest of the instrument, in which case the grammatical and ordinary sense of the words may be modified, so as to avoid that absurdity and inconsistency, but no further.”

Regter Innes CJ het in *Venter v Rex* 1907 TS 910 op bladsye 914-15 ook in sy uitspraak tot dieselfde gevolgtrekking gekom:

“that when to give the plain words of the statute their ordinary meaning would lead to absurdity so glaring that it could never have been contemplated by the Legislature, or where it would lead to a result contrary to the intention of the Legislature, as shown by the context or by such other consideration as the Court is justified in taking into account, the Court may depart from the ordinary effect of the word to the extent necessary to remove the absurdity and to give effect to the true intention of the Legislature.”

Willemse (2011:120) verwys na Clegg en Stretch (2014) wat benadruk dat hof slegs sal afwyk van die gewone woordeboekbetekenis van 'n woord waar die afwyking daartoe sal lei dat daar aan die ware bedoeling van die Wetgewer voldoen sal word. Dit sal gebeur waar die gewone betekenis van die woord tot 'n absurditeit sal lei wat nie deur die Wetgewer bedoel is nie en daar dus afgewyk moet word van die gewone betekenis van die woord. Willemse (2011:121) verwys ook na *New Union Goldfields Ltd v CIR* 1950 (3) SA 392 (A), 3 All SA 57 (A) en stel dit dat die hof ook in die saak dit duidelik maak dat die hof nie sal afwyk van die letterlike betekenis van 'n betrokke woord op so 'n wyse dat die hof in effek die bewoording van die Wet daarmee sal verander nie.

Kellaway (1995:72) voer aan dat waar woorde 'n wye betekenis het dit noodsaaklik is dat daar na die bedoeling van die Wetgewer gekyk moet word en wat die Wetgewer wil bereik en ook om die ware bedoeling van die Wetgewer te bevestig. Gesag hiervoor word gevind in *Goldberg v PJ Joubert Ltd* 1960 (1) SA 521 (T) asook *Stellenbosch Farmers's Winery Ltd v Distillers Corporation (SA) Ltd and Another* 1962 (1) SA 458 (A). Die bedoeling van die Wetgewer rakende die items wat moontlik aan die omskrywing van die begrip *rente* sal voldoen, toe artikel 24J in die Wet ingesluit is, soos gevind in die Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill (1995:11), is soos volg:

“Interest” — the definition is not exhaustive and includes the gross amount of any interest or related finance charges, discount or premium payable or receivable in terms of a financial arrangement. “

Daar kan aan die hand van die beskrywing in die bogenoemde verklarende memorandum gedoen word dat die begrip *rente* vir die doeleindes van artikel 24J baie wyd omskryf is. Die term *rente* sluit onder andere rente, verwante finansieringskoste, afslag en premie in, maar is nie beperk tot slegs hierdie items nie. Die bedoeling van die Wetgewer was dus om 'n wye verskeidenheid van items onder die definisie van rente in te sluit wat soortgelyk is aan rente, verwante finansieringskoste, afslag en premie tot in so 'n mate as wat hierdie kostes betaalbaar is in terme van 'n finansiële ooreenkoms.

Meyerowitz (2008:3-17) verwys na gevalle waar spesifieke woorde gevolg word deur algemene woorde op so 'n wyse dat die betekenis van algemene woorde beperk moet word tot items soortgelyk aan die spesifieke woorde, tensy die wetgewing teenstrydig hiermee is. Dié regsbeginsel staan bekend as die sogenaamde *Ejusdem generis* wetsuitlegreël. Willemse (2011:122) bevestig die bogenoemde siening deur die *Ejusdem generis* wetsuitlegreël te omskryf as “*besondere items met 'n gemeenskaplike karaktereienskap, wat van hierdie items 'n genus ('n kategorie of klas) maak, en hierdie besondere items word dikwels gevolg deur algemene woorde of frases*”. Regter Innes CJ het in *Director of Education, Transvaal v McCagic & Others* 1918 A.D. 616 op bladsy 623 die volgende uitleg aan die woorde “a university degree or other evidence of the necessary academic qualification” verskaf:

“The words ‘other evidence’ are, no doubt, wide, but their interpretation must be affected by what precedes them. General words following upon and connected with specific words are more restricted in their operation than if they stood alone. Noccuntur a sociis, they are coloured by their context; and their meaning is cut down so as to comprehend only things of the same kind as those designated by the specific words – unless, of course there is something to show that a wider sense was intended.”

In terme van artikel 24J en artikel 11(bA) word die spesifieke woord *rente* gevolg deur die term *verwante finansieringskoste*. Daar word aan die hand gedoen dat die wetsuitlegreël *Ejusdem generis* die betekenis van die term *verwante finansieringskoste* beperk tot items van 'n soortgelyke aard (genus of klas) as *rente*.

Die Wetgewer dui spesifiek aan dat die *rente* definisie verwys na *enige* *rente* of enige *verwante finansieringskoste*. Daar word aan die hand gedoen dat die ware bedoeling van die Wetgewer is dat *alle* finansieringskoste, wat verwant is aan *rente*, deel vorm van *rente* soos dit gedefinieer is. Daar is dus geen onduidelikheid in die bedoeling van die Wetgewer nie en dit sal dus ook nie tot absurditeit lei nie. Daar word voorgehou dat die houe na die gewone woordeboekbetekenis van die frase *verwante finansieringskoste* moet kyk en hul sal nie 'n ander betekenis daaraan kan gee as die gewone betekenis nie (de Villiers, 2001:35). Daar word verder aan die hand gedoen dat die hof hulself nie sal hoef te bemoei met die vraagstuk oor of hul 'n ander betekenis moet heg aan die gewone woordeboek en gemene reg betekenis van *verwante finansieringskoste* nie.

Die woordeboekbetekenis van *finansieringskoste* sal gevolglik ontleed moet word om eerstens te bepaal of leningskommissie wel finansieringskoste is, al dan nie. Indien daar bevind word dat leningskommissie wel finansieringskoste is, sal daar verdere ondersoek ingestel moet word rakende die woordeboekbetekenis van *rente* en *verwant*. Dit sal na alle waarskynlikheid bepaal of leningskommissie nagenoeg verwant is aan *rente* om binne die definisie van *rente* in artikels 24J en 11(bA) te val.

2.3.1 Rente

Die gewone betekenis van die woord *rente* word nie uitsluitlik in woordeboeke aangetref nie. Verskeie hofsake het die betekenis van rente ingevolge gemene reg beginsels ondersoek. Dit is dus belangrik dat daar nie slegs gekyk word na die woordeboekbetekenis daarvan nie, maar ook na die betekenis wat deur die hofe aan die term *rente* gegee is.

2.3.1.1 Woordeboekbetekenis van rente

Die woordeboekbetekenis van die woord word gegee as gelde wat gereeld betaal word, teen 'n sekere koers, vir die gebruik van geld geleen, of as betaling vir die uitstel van die terugbetaling van skuld (Oxford Dictionary of English, 2005:902). Die woordeboekbetekenis word ondersteun deur die *The South African Concise Oxford Dictionary* (2002:601) wat rente beskryf as geld betaal vir die leen van geld of vir die uitstel van die betaling van skuld. Dit wil dus blyk uit die bogenoemde dat die gewone woordeboekbetekenis van die woord *rente* verwys na die betaling van geld deur die lener aan die uitlener vir die geld wat verleen is deur die uitlener. Dit kan ook gesien word as vergoeding wat deur die lener aan die uitlener betaal word vir die feit dat die lener nie dadelik die betrokke kapitaal wat geleen is aan die uitlener terugbetaal nie.

Die gewone woordeboekbetekenis soos wat hierbo aan *rente* verleen word, word verder bevestig deur *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2000:910) wat rente beskryf as die *opbrengs van geld wat uitgeleen of belê is, vergoeding vir die gebruik van geld*. *Die Woordeboek van Regs en Handelsterme* (1992:132) omskryf rente vervolgens as *die opbrengs van kapitaal wat belê of uitgeleen is*. Laastens, vind ons dat die betekenis wat aan rente verleen word ook die *opbrengs van belegde geld* (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 2010:995) insluit.

Black's Law Dictionary (2007:829) definieer rente as "*The compensation fixed by agreement or allowed by law for the use or detention of money, or for the loss of money by the one who is entitled to its use, especially the amount owed to a lender in return for the uses of borrowed money – Also termed finance charge*". Dit blyk dus uit *Black's Law Dictionary* dat rente se woordeboekbetekenis ook finansieringskoste insluit.

2.3.1.2. Reguitspraak rakende die betekenis van rente

Die betekenis van die woord *rente* wat deur die Suid-Afrikaanse hofe uitgelê is, verleen gesag aan die betekenis van die woord. In *CIR v Lever Brothers & Unilever* 1946 AD 441, 14 SATC 1 het Watermeyer CJ op bladsy 9 die stelling gemaak dat die voorsiening van kapitaal die bron is van die rente soos ontvang deur die uitlener. In sy uitspraak beslis hy soos volg:

“In the case of a loan of money the lender gives the money to the borrower, who in return incurs an obligation to repay the same amount of money at some future time and if the loan is one which bears interest, he also incurs an obligation to pay that interest. Though I use the words ‘gives the money’ this must not be taken literally as the usual way of making a loan. As a rule the lender gives credit to the borrower or transfers to him certain rights of obtaining credit which had previously belonged to the lender, and this supply of credit is the service which the lender performs for the borrower, in return for which the borrower pays him interest. Consequently this provision of credit is the originating cause or source of the interest received by the lender.”

In *CIR v Giuseppe Brollo Properties (Pty) Ltd* 1994 2 SA 147 (A), 56 SATC 47 het Nicholas AJA goedkeurend verwys na die saak *CIR v Allied Building Society* 1963 4 SA 1(A), 25 SATC 343 wat weer goedkeurend verwys het na *Farmer v Scottish North America Trust Ltd* 1912 AC 118 (“Farmer”). Op bladsy 127 van *Farmer* het die regter bevind dat rente die betaling is vir die gebruik van gelde deur die lener. Die regter het soos volg beslis:

“The interest is, in truth, money paid for the use or hire of an instrument of their trade, as much as rent paid for their office or the hire paid for a typewriting machine. It is an outgoing by means of which the company procures the use of the thing by which it make its profit, and, like any similar outgoing should be deducted from the receipts as to ascertain the taxable profits and gains which the company earns.”

Brincker (2011:V-3) haal goedkeurend vir *Schulze v SW Bested (Surveyor of Taxes)* 7 TC 20 op bladsy 33 van die hofspraak aan waar die regter rente verder omskryf het as:

“consideration paid for the use of money or as the creditor’s share of the profit which the borrower or debtor is presumed to make from the use of the money.”

Brincker (2011:V-3) haal ook in sy algemene beskrywing van die aard van rente *Halsbury’s Laws of England 4ed vol 32* paragraaf 106 aan, wat rente omskryf as die “vergoeding of kompensasie vir die gebruik of behoud deur een persoon van ’n bedrag geld wat aan iemand anders behoort, of geskuld word” (eie vertaling). Die belastinghof het in *ITC 1485 (1990) 52 SATC 337 (T)* beslis dat dit ook gestel kan word dat rente die uitgawe is om die uitlener te vergoed vir die tydperk wat die geld aan ’n ander party geleen word (eie vertaling).

Ter opsomming van die hoewe se beslissings blyk dit dat die betekenis wat deur hul geheg word aan die woord *rente* die vergoeding is aan die uitlener vir die gebruik van sy geld deur die lener. Dit kan gesien word as betaling vir ’n verskeidenheid van redes, hetsy vir die verskaffing van krediet, of die gebruik van die uitlener se kapitaal of selfs as deel van die wins van die lener vir die gebruik van die uitlener se kapitaal.

Daar word aan die hand gedoen dat rente die betaling is wat die uitlener ontvang as vergoeding vir die tydperk wat hy nie oor sy eie kapitaal beskik het nie. Die siening word ondersteun deur die volgende stelling deur Brincker (2011:V-2):

“Such compensation may be payable either because of the fact that the borrower was entitled to use the lender’s money for a certain period or because of the fact that a certain amount was not paid on due date by the borrower (so-called mora interest).”

Ter samevatting kan rente dus beskryf word as die betaling van vergoeding vir die gebruik van geld wat nie aan die lener behoort nie, maar wel aan die uitlener. Daar bestaan dus geen twyfel met betrekking tot die betekenis van die woord *rente* nie. Daar word aan die hand gedoen dat daar ’n wyer betekenis geheg kan word aan die woord *rente* as wat die woordeboekbetekenis daarvan is weens die verdere omskrywing van die betekenis daarvan deur die Suid-Afrikaanse hoewe.

2.3.2 Finansieringskoste

2.3.2.1 Woordeboekbetekenis van finansieringskoste

Volgens *Die Woordeboek van Regs en Handelsterme* (1992:51) word *finansier* omskryf as die *voorsiening, verkryging, beheer van finansies*. *Black's Law Dictionary* (2007:662) definieer finansiering as *om fondse te verkry of te voorsien*. *Black's Law Dictionary* (2002:663) dui aan dat finansiering ook die daad of proses is om fondse te verkry ("act or process of raising or proving funds"). *The South African Concise Oxford Dictionary* (2002:430) omskryf weer finansiering as die geldelike ondersteuning van 'n onderneming ("*monetary support of an enterprise*"). *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2000:224) omskryf finansier as *geld verskaf of verkry*. *Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (2010:265) omskryf finansiering as die *verskaffing van geld*.

Dit blyk uit die bogenoemde dat die gewone woordeboekbetekenis van die woord *finansieringskoste* verwys na die koste om geld te verkry, asook die koste om fondse te voorsien. Leningskommissie is die koste vir die verkryging van lenings en vervolgens word daar aan die hand gedoen dat dit binne die gewone woordeboekbetekenis van finansieringskoste val.

Die vraagstuk of *finansieringskoste* naby *verwant* is aan *rente* moet bepaal word om tot 'n gevolgtrekking te kan kom of *leningskommissie* binne die omskrywing *rente en verwante finansieringskoste* val. Die betekenis van die woord *verwant* word voorts bespreek om tot die bogenoemde gevolgtrekking te kan kom.

2.3.3 Verwant

Die term *rente* sal ook as finansieringskoste gesien kan word (*Black's Law Dictionary*, 2007:829). Rente en leningskommissie kan dus gesien word as finansieringskoste. Die belangrike kwessie is dus of die leningskommissie wel gesien kan word as *verwant* aan rente. Die feit dat beide finansieringskoste is, beteken egter nie noodwendig dat die twee verskillende finansieringskoste aan mekaar *verwant* is nie. Daar sal gekyk moet word na die woordeboekbetekenis van die woord *verwant* om te verstaan of daar 'n oorsaaklike verband tussen die twee begrippe is.

Die *Woordeboek van Regs en Handelsterme* (1992:177) omskryf die begrip “verwant” as *van dieselfde soort, aard of waartussen ’n verband bestaan*. Verwant word in die *Oxford Dictionary of English* (2005:1486) gedefinieer as om aan dieselfde groep of tipe te behoort, verbind is aan die gespesifiseerde item of proses, veral oorsaaklik (“*belonging to the same group or type, connected; associated with the specified item or process, especially causally*”). ’n Verdere betekenis van die woord *verwant* kan gevind word in die *The South African Concise Dictionary* (2002:986) wat dit omskryf as die vestiging van ’n oorsaaklike verbintenis tussen (“*establish a causal connection between*”). Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2000:1284) definieer *verwant* as *wat ooreenskomste toon; ooreenkomende; soortgelyk* terwyl die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (2010:1444) daarna verwys as items wat ooreenkomste toon, van dieselfde soort is.

Die algemene eienskap van die woord *verwant* soos gevind in die woordeboekbetekenis daarvan, is dat dit ooreenkomstig moet wees aan iets, of altans soortgelyk aan iets is. Daar bestaan voorts ook ooreenkomste tussen die twee terme wat verwant aan mekaar is.

Daar word derhalwe aan die hand gedoen dat die term *rente* en *leningskommissie* nie net beide finansieringskoste is nie, maar ook dat die terme verwant aan mekaar is. In beide gevalle word kostes aangegaan as gevolg van die gemeenskaplike verkryging van die lening deur die lener. Indien die lener nie die lening verkry het nie, sou nóg leningskommissie, nóg rente betaalbaar gewees het. Dus is daar ’n oorsaaklike verband tussen rente en leningskommissie in terme van hul verwantskap met mekaar. Na aanleiding hiervan word daar aan die hand gedoen dat leningskommissie ingesluit kan word by die definisie van *rente en verwante finansieringskoste*. Die beslissing van die Suid-Afrikaanse howe rakende die term *verwante finansieringskoste* bied verdere gesag rakende die belastinghantering daarvan.

2.4 Regspraak rakende die term verwante finansieringskoste

Verdere gesag vir die insluiting van leningskommissie by *verwante finansieringskoste* word gevind in *SA Custodial*. Die belastingpligtige was verantwoordelik vir die oprigting van tronkfasiliteite in Suid-Afrika. In terme van die kontrak met die Departement van Korrektiewe Dienste, moes die belastingpligtige ’n tronk in die Louis Trichardt-omgewing ontwerp, oprig en vir ’n tydperk van 25 jaar bestuur. Die belastingpligtige moes, as deel van die bepaling van die kontrak, finansiering bekom. Die belastingpligtige het lenings by verskeie banke aangegaan om die nodige finansiering van R384 miljoen te bekom.

Die belastingpligtige moes verskeie fooie betaal aan die banke, onder andere waarborgfooie, bekendstellingsfooie, finansiële adviesfooie, margefooie (“margin fees”) asook verbintenisfooie (“commitment fee”), administratiewe- en regskostes. Die kostes is aangegaan tydens die verkryging en sluiting van die lenings om die nodige finansiering te bekom. Daar kan aan die hand gedoen word dat die kostes kollektief leningskommissie is, uitsluitend die regskostes aangegaan. Brincker (2011) verwys ook na hierdie kostes as leningskommissie alhoewel hy egter die feit dat regskostes deur die hof bepaal is om van dieselfde aard as finansiële adviesfooie te wees, bevraagteken.

Die belastingpligtige het bogenoemde kostes afgetrek vir belastingdoeleindes waarop die Kommissaris, op sy beurt, die aftrekking geweier het. Die belastingpligtige het suksesvol by die belastinghof geappelleer (*ITC 1845 73 SATC 80*). Die belastinghof het bevind dat al die gemelde uitgawes, insluitende die aftrekbaarheid van die leningskommissie, wel aftrekbaar was. Die Kommissaris was ontevrede met die beslissing en die saak is verwys na die appèlhof. Die appèlhof is toe versoek om te beslis oor die aftrekbaarheid van die items, insluitende die aftrekbaarheid van die leningskommissie, soos beslis in *ITC 1845*.

Die belastingpligtige het tydens die *SA Custodial*-saak in die appèlhof aangevoer dat om die nodige fondse te verkry om aan die kontrakvoorwaardes te kan voldoen en dus aansoek te kan doen vir die kontrak, hy leningskommissie moes aangaan. Die belastingpligtige was van mening dat hierdie kostes afgetrek kon word onder artikel 11(bA) omrede die kostes ingelees kon word as verwante finansieringskoste. Artikel 11(bA) het die volgende bepaal:

“enige rente (met inbegrip van verwante finansieringskoste) wat nie andersins as ’n aftrekking ingevolge hierdie Wet toelaatbaar is nie, wat werklik deur die belastingpligtige aangegaan is op ’n lening, voorskot of krediet deur hom aangewend by die verkryging, installasie, oprigting of konstruksie van enige masjinerie, installasie of gebou, of verbeterings aan ’n gebou, wat deur hom gebruik gaan word vir die doeleindes van sy bedryf, en wat aldus aangegaan is ten opsigte van ’n tydperk vóór die ingebruikneming van bedoelde masjinerie, installasie, gebou of verbeterings vir die doeleindes van die belastingpligtige se bedryf, bedoelde aftrekking toegelaat te word in die jaar van aanslag waarin bedoelde masjinerie, installasie, gebou of verbeterings vir genoemde doeleindes in gebruik geneem word.”

Plasket J het bevind dat die rente, soos deur die belastingpligtige opgeloo, aftrekbaar was in terme van artikel 11(bA) van die Wet omrede dit werklik deur die belastingpligtige aangegaan is t.o.v. 'n lening vir die finansiering en oprigting van die tronk. Die regter het verder beslis dat die leningskommissie en regskostes ook ingevolge artikel 11(bA) aftrekbaar was omrede die nabye verbintenis daarvan met die verkryging van lenings en die bevordering van die belastingpligtige se projek. Voorts kwalifiseer hierdie leningskommissie kostes as “verwante finansieringskoste”. Dit was ten spyte van die feit dat 'n kapitale bate in die vorm van 'n tronk opgerig is. Brincker (2011) het sy misnoeë uitgespreek met die feit dat die appèlhof nie die beginsels, soos deur die belastinghewe uitgeengesit, oorweeg het in die bereiking van die beslissing nie. Die beginsels, soos vervat deur die belastinghewe, meen dat wanneer die inkomstebelastinghantering van leningskommissie oorweeg word, daar na die aard van die lening wat toegestaan is met betrekking tot die leningskommissie gekyk moet word en daar bepaal moet word of die lening van 'n vaste kapitale aard of 'n bedryfskapitale aard is. In die *SA Custodial*-saak het die appèlhof nie die belastinghof se beginsels oorweeg nie, deurdat die beslissing slegs gemaak is op grond van die feit dat die kostes aftrekbaar is in terme van artikel 11(bA) omrede dit verwant is aan die verkryging van lenings.

Die appèlhof het dus 'n direkte verband geskep tussen leningskommissie as finansieringskoste en rente in die *SA Custodial*-saak deurdat daar gevind is dat die leningskommissie aangegaan nou verbind is aan die verkryging van lenings wat rente dra. Die beginsel van wetsuitleg genaamd *stare decisis*, bepaal dat regspreedent geskep word deurdat hewe gebind word deur besluite van 'n hoër hof of 'n volbank-hof op dieselfde vlak, en dat die hof sy eie vorige beslissings moet volg. Schultz JA het tot die volgende gevolgtrekking gekom in *Robin Consolidated Industries Ltd v CIR* 1997 (3) SA 654 (SCA), 2 All SA 195 (A) (“*Robin Consolidated*”):

“However, I should state again, that for good reason this court is reluctant to depart from its own decisions... and that once the meaning of the words of a section in an Act of Parliament have been authoritatively determined by this court, that meaning must be given to them, even by this court, unless it is clear to it that it has erred... Particularly it is important to observe stare decisis when a decision has been acted on for a number of years in such a manner that rights have grown up under it... For 45 years businessmen and the revenue have been ordering their affairs that the SA Bazaars case laid down the law. There has been no material change in the context in which the

rule in that case operates, so that this would have been a case in which this court would have been especially slow to depart from its earlier decision.”

Die appèlhof het dus 'n regsprecedent geskep in sy beslissing in die *SA Custodial*-saak deurdat leningskommissie, wat naby verwant aan die verkryging van lenings is en die bevordering van die belastingpligtige se bedryf, kwalifiseer as rente en verwante finansieringskoste. Dis is belangrik in terme van hierdie studie om kennis te neem dat die saak beslis is in terme van artikel 11(bA) wat egter sedertdien geskrap is uit die Wet. Die enigste ander bepaling in die Wet wat verwys na verwante finansieringskoste is artikel 24J. Die volgende vraagstuk is dus of die betekenis wat gegee is aan verwante finansieringskoste onder artikel 11(bA) in die *SA Custodial*-saak ook geïnterpreteer kan word as die verwante finansieringskoste soos aangedui in artikel 24J.

In terme van die interpretasie van wetsuitleg, word daar aangevoer dat as 'n sekere betekenis aan 'n sekere stel woorde gegee word, dieselfde betekenis ook daaraan toegeskryf kan word in ander artikels. Kellaway (1995:74) stel dit dat as die Wetgewer dieselfde woord in dieselfde wet gebruik, moet dit dieselfde betekenis dra. Steyn JA het in *Minister of the Interior v Machadodorp Investments (Pty) Ltd* 1957 (2) SA 395 (A), 2 All SA 355 (A) op bladsy 404 van die hofsaak soos volg beslis:

“... it may reasonably be supposed that out of a proper concern for the intelligibility of its language, it would intend the word to be understood, where no clear indication to the contrary is given, in the same sense throughout the enactment.”

Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die term *rente en verwante finansieringskoste* dieselfde betekenis gegee moet word in terme van artikel 24J as wat daaraan toegeken is in terme van artikel 11(bA). Kellaway (1995,74) bevestig die bogenoemde wetsuitlegbeginsel deur te verwys na die feit dat Suid-Afrikaanse howe die betekenis van 'n woord in 'n wet dieselfde betekenis op 'n ander plek in die wet sal gee. Daar word egter ook aangevoer dat indien dit duidelik is dat die bedoeling van die Wetgewer met betrekking tot die bedoeling van die woord anders is of dat die woord 'n nouer of 'n wyer betekenis het, dan moet die bedoeling daarvan gegee word soos wat die Wetgewer beoog het. Ondersteuning hiervoor word gevind in *SIR v Somers Vine* 1968 (2) SA 138 (A), 2 All SA 31 (A) waar die siening van die howe deur Taljaard (2001:62) beaam dat die gebruik van dieselfde woorde deur die Wetgewer in dieselfde wet se betekenis ook

moet ooreenstem. Indien dit egter blyk uit die wet dat dit nie die geval is nie, moet die betrokke wetgewing deur die howe uitgelê word (Willemse, 2011:121).

2.5 Kan leningskommissie beskou word as verwante finansieringskoste soos omskryf in artikel 11(bA) en artikel 24J.

Met die omskrywings van leningskommissie en verwante finansieringskoste wat in die vorige afdelings bespreek is, word daar vervolgens ondersoek ingestel oor of leningskommissie as verwante finansieringskoste beskou kan word. Indien leningskommissie nagenoeg verwant is aan rente, behoort dit na alle waarskynlikheid as verwante finansieringskoste beskou te kan word. Indien nie, bestaan die moontlikheid dat leningskommissie nie ingevolge artikels 11(bA) en 24J aftrekbaar sal wees nie.

De Jager (1987:11) is van mening dat daar 'n besondere nabye verwantskap bestaan tussen rente en leningskommissie. Hy gaan verder deur daarna te verwys dat beide rente en leningskommissie deel is van die koste om geld te leen. Die feit dat leningskommissie direk verwant is aan die bedrag en termyn van die lening is volgens De Jager ook 'n bewys dat leningskommissie se belastinghantering moet ooreenstem met die belastinghantering van rente op die spesifieke transaksie. De Jager is verder ook van mening dat selfs in gevalle waar die leningskommissie se terme van die van rente verskil, en dit eenmalig betaal word, dit op dieselfde manier as rente hanteer moet word. De Villiers (2001:42) is van mening dat *verwante finansieringskoste* die term *leningskommissie* insluit in die frase *rente en verwante finansieringskoste* soos gevind in artikel 24J.

Brincker (2011:M-2) huldig ook die siening dat rente en leningskommissie waarskynlik dieselfde hanteer moet word deur goedkeurend regter Schreiner JA se beslissing in *CIR v Genn & Co (Proprietary) Limited* 1955 (3) SA 293 (A), 20 SATC 113 ("Genn Co") op bladsy 119 aan te haal en soos volg te interpreteer:

"It was not possible to differentiate between the interest on the loans and commissions (raising fees): in effect they formed one consideration which the company had to pay for the use of the money for the period of the loan, and the principles to be followed were equally applicable to both (at 119)."

Daar word dus aan die hand gedoen dat rente en leningskommissie dieselfde hanteer moet word weens die feit dat dit 'n enkele betaling is vir die gebruik van die geld oor die termyn van die lening deur die lener. De Koker & Williams (2014) in *Silke on South African Income Tax* by paragraaf 8.90, se siening rakende leningskommissie is dat die term

verwante finansieringskoste waarskynlik na leningskommissie t.o.v. 'n lening binne die konteks van artikel 11(bA) aangegaan, verwys. De Koker & Williams (2014) beklemtoon ook dat sedert die skraping van artikel 11(bA), hierdie finansieringskoste nou in terme van artikel 24J aftrekbaar behoort te wees.

In teenstelling met die sienings soos hierbo genoem, is Williams (1997:644) van mening dat leningskommissie nie rente is nie, alhoewel hy nie aandui of leningskommissie nie moontlik verwante finansieringskoste kan wees of nie. In sy bespreking rakende die moontlike kapitaal hantering van rente (die bespreking het geskied voor die inwerkingtreding van artikel 24J wat nie 'n inkomstevereiste bevat nie) het hy die volgende stelling gemaak het:

“Rent and interest are examples par excellence of the ‘fruit’ (revenue) as opposed to the tree (‘capital’), seen from the point of view of both incomings and outgoings. It is possible that the payment of ‘raising fee’ could in some situations be of a capital nature, but a raising fee, in my opinion, is qualitatively different from interest. It is usually levied as a percentage of the amount borrowed, without reference to the period of the loan.”

Daar kan aan die hand van Williams se stelling hierbo gedoen word dat rente en huurinkomste inkomste van aard is en nie kapitaal van aard is nie. Voorts is leningskommissie in wese anders as rente.

Zulman *et al.*, (2013) ondersteun die siening dat leningskommissie nie finansieringskoste is nie, en voorts ook nie *verwante* finansieringskoste binne die omskrywing van artikel 11(bA) is nie. Die gevolgtrekking deur Zulman *et al.*, (2013), rakende die inkomstebelastinghantering van leningskommissie, word gebaseer op die volgende feitestel:

- Leningskommissie is 'n *koste* van kapitaal, terwyl rente 'n betaling vir die *gebruik* van kapitaal is;
- Leningskommissie is 'n *eenmalige* betaling waar rente gewoonlik 'n *herhalende* betaling is;
- Rente word bereken met verwysing na *tyd*, terwyl leningskommissie gewoonlik nie verbonde aan tyd is nie;
- Voorproduksie-rente is nie 'n uitgawe van 'n kapitale aard nie vanweë sy herhalende natuur.

In ooreenstemming met die siening van Zulman *et al.*, (2013), was daar 'n beskrywing van leningskommissie in die Wet, soos gevind in die onlangs geskrapte artikel 24F. Artikel 24F is geskrap in terme van artikel 67 van Wet No. 31 van 2013: Wysigingswet op Belastingwette (2013:119). Artikel 24F(1) het, onder die definisie van produksiekoste (e) soos volg ge lees:

“interest, finance charges and raising fees incurred for the purposes of or in connection with the production of the film;”

Dus het die Wetgewer 'n duidelike onderskeid getref tussen die terme *rente*, *finansieringskoste* en *leningskommissie*. Die Wetgewer se bedoeling kan in die huidige omstandighede aan die hand van die wetsuitlegreël, genaamd toutologie, beoordeel word. Toutologie word beskryf as die onnodige herhaling van iets wat reeds gesê is (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 2010:1331). Die aanname word gemaak dat geen woord onnodig is en dat verskillende woorde nie vir dieselfde konsep deur die Wetgewer gebruik word nie. Mahomed CJ het in *Moodley v Umzinto North Town Board* 1998 (2) SA 188 (SCA), 2 All SA (A) op bladsy 63 van die hofsaak die volgende gesê:

“The lawmaker cannot be presumed to use different words to convey the same idea simply for the purposes of literary variety. A change in the language prima facie indicates a change in intention, especially where the change occurs in immediately successive sections within the same ordinance.”

Daar kan dus aangevoer word dat die Wetgewer 'n duidelike onderskeid tussen leningskommissie en finansieringskoste (Zulman *et al.*, 2013) tref. Zulman *et al.*, (2013) gaan verder deur by te voeg dat indien die Wetgewer die leningskommissie as finansieringskoste gesien het, sou dit nie noodsaaklik gewees het om beide finansieringskoste en leningskommissie in artikel 24F te gebruik nie. Daar bestaan dus uiteenlopende sienings rakende die belastinghantering van leningskommissie tussen belastingkommentare. Daar bestaan egter geen omskrywing vir die term *verwante finansieringskoste* in die Wet nie.

Clegg en Stretch (2014) is van mening dat die gewone woordeboekbetekenis aan 'n woord toegeken moet word indien die Wet nie hierdie woord of frase omskryf nie. Daar word aangevoer dat, al verwys artikel 24F na *rente*, *finansieringskoste* en *leningskommissie*, dit nie die belastinghantering daarvan bepaal nie. Daar bestaan 'n duidelike onderskeid in

die konstruksie van die twee artikels. In terme van artikel 11(bA) en 24J verwys die rente spesifiek na sekere finansieringskoste en sluit dit nie, soos artikel 24F, finansieringskoste en leningskommissie uit die definisie nie. Die Wetgewer sluit ook die woorde *diskonto* en *premie* by die definisie van rente in vir die doeleindes van artikel 24J. Deurdat die Wetgewer spesifiek na hierdie tipes kostes verwys in die definisie van rente, wat nie normaalweg onder die betekenis van rente te vinde sal wees nie, kan daar dus aangevoer word dat daar na die wye betekenis van rente gekyk moet word wat die insluiting van leningskommissie dus regverdig. Die *Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill* (1995:11) stel dit duidelik dat rente se omskrywing nie alomvattend is nie. Daar sal dus bepaal moet word of die gewone woordeboekbetekenis van die onderskeie woorde die insluiting van leningskommissie by die term *verwante finansieringskoste* regverdig.

2.6 Samevatting en gevolgtrekking

Daar word aangevoer dat die verwysing na *verwante finansieringskoste* in die Wet na 'n wyer betekenis as die nouer woordeboek en gemene reg betekenis van die woord *rente* verwys. Die vraagstuk ontstaan dus oor of leningskommissie binne die omvang van die betekenis van rente val. Die gebruik van die woord *verwant* deur die Wetgewer impliseer dat nie alle finansieringskoste ingesluit kan word by die definisie van rente soos gevind in artikel 24J nie. Vir finansieringskoste om deel te vorm van die gedefinieerde term van rente, moet dit verwant wees aan die rente van die betrokke transaksie. Dieselfde beginsel is ook van toepassing op artikel 11(bA) waar die bewoording van die bepaling ook verwys na *verwante finansieringskoste*. Uit die bogenoemde ondersoek van verskeie hofbeslissings, sowel as gemene reg beginsels en woordeboek betekenis van die woorde *leningskommissie*, *rente*, *verwant* en *finansieringskoste* asook die term *rente* en *verwante finansieringskoste*, blyk dit dat leningskommissie ingesluit kan word by die term *rente* en *verwante finansieringskoste*.

Verder blyk dit ook uit die regsbeginsel *stare decisis* en die hofuitspraak in die SA *Custodial*-saak dat die term *leningskommissie* ingesluit kan word by die definisie van *rente* soos gevind in artikel 24J. Dit is vanweë die feit dat die *leningskommissie finansieringskoste* is wat na genoeg *verwant* is aan die *rente* en dus aan die omskrywing voldoen, asook die feit dat die hof beslis het dat leningskommissie aangegaan *verwante finansieringskoste*, soos gevind in artikel 11(bA), en dus ook van toepassing op artikel 24J is.

Die vraagstuk oor of leningskommissie ingevolge artikel 24J aftrekbaar is, moet bepaal word met betrekking tot die vereistes van artikel 24J. Hierdie vereistes sal in hoofstuk 3 van die studie bespreek word.

Hoofstuk 3: 'n Kritiese evaluering van die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A in samewerking met artikel 24J

3.1 Inleiding

Hoofstuk 2 het kortliks sekere tipes leningskommissie wat in die finansiële markte aangetref word, sowel as hul aard, bespreek. Die studie se fokus het toe verskuif na die betekenis van die term *rente* en *verwante finansieringskoste* sowel as gesag van die houe rondom die hantering van die term *rente* en *verwante finansieringskoste*. Die vraag is gestel of *leningskommissie* ingelees kan word binne die omskrywing van *rente* en *verwante finansieringskoste*. Daar is in hoofstuk 2 bevind dat leningskommissie ingelees kan word onder die term *verwante finansieringskoste* en dus moontlik onder artikel 24J en die geskrapte artikel 11(bA) afgetrek kan word, mits dit aan al die vereistes van hierdie spesifieke bepalings voldoen.

'n Breë oorsig van die waarskynlike bepalings in die Wet wat die aftrekbaarheid van leningskommissie kan bepaal, sal in hoofstuk 3 bespreek word. Die bespreking sal hoofsaaklik fokus op die spesifieke bepalings in die Wet wat die aftrekbaarheid van leningskommissie reguleer, naamlik artikel 24J en die onlangs geskrapte artikel 11(bA). Dit word gedoen vanweë die verwysing in beide hierdie bepalings na die terme *rente* en *verwante finansieringskoste*. Die oorhoofse werking van artikel 11(bA) en artikel 24J, wat die aftrekbaarheid van *rente* en *verwante finansieringskoste* bevat, sal vervolgens in meer diepte in die hoofstuk bestudeer word. Die hoofstuk sal ook artikel 11A bestudeer wat verwys na die aftrekbaarheid van uitgawes en verliese aangegaan voor die betrokke bedryf in aanvang geneem het.

Daar sal ook verder ondersoek ingestel word na die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A asook die wisselwerking tussen artikel 11(bA) in samewerking met artikel 24J. In terme van artikel 11(bA) word 'n aftrekking toegestaan wanneer die bate in gebruik geneem word, terwyl artikel 11A 'n aftrekking toestaan wanneer die belastingpligtige 'n bedryf begin beoefen. Beide artikel 11(bA) en artikel 24J bevat aftrekkings vir *rente* en *verwante finansieringskoste*.

Die hoofstuk sal verder ook klem lê op die wisselwerking tussen artikels 11A, 11(bA) en 24J met die relevante artikels wat die waarde van die aftrekking in terme van eersgenoemde artikels moontlik kan beperk. Artikel 23M en 23N sal bestudeer word, wat onderskeidelik *rente*-aftrekkings beperk ten opsigte van artikel 24J-*rente* betaal aan

persone wat nie aan belasting onderworpe is nie sowel as rente aangegaan tydens reorganisasie- en verkrygingstransaksies. Artikel 23H sal ook bestudeer word wat in sekere gevalle die toelaatbare aftrekking van vooruitbetaalde uitgawes beperk. Hierdie artikel is slegs van toepassing op artikel 11A en is nie van krag op artikel 11(bA) en artikel 24J nie. Die laaste aftrekking wat moontlik die artikels 11A-, 11(bA)- en 24J-aftrekkings kan beperk, is artikel 23(g). Artikel 23(g) bevat die sogenaamde negatiewe gedeelte van die algemene aftrekkingsformule en bepaal dat uitgawes wat nie geheel en al of gedeeltelik vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee is nie, nie aftrekbaar vir inkomstebelastingdoeleindes is nie. Die studie sal oorsigtelik die wisselwerking tussen artikel 23(g) en 11A, 11(bA) en 24J bespreek in terme van leningskommissie aangegaan.

Die hoofstuk sal ook kortliks fokus op die nut van artikel 11(bA) in die Wet. 'n Tersaaklike bespreking sal geskied rakende of die belastingpligtige die aftrekking vir die tipe rente wat hy onder artikel 11(bA) kon aftrek, onder enige ander bepaling in die Wet kon aftrek.

Laastens sal daar kortliks 'n bespreking geskied rondom of daar 'n bedryf beoefen word by die uitbreiding van 'n bestaande bedryf deur die belastingpligtige. Die bepaling van wanneer die bedryf begin beoefen word is van kritieke belang vir die studie. Dit reguleer die bepaling van die tydstip waarop leningskommissie aftrekbaar is. Die bespreking rondom die inkomstebelastinghantering van leningskommissie, wat aangegaan is om 'n bestaande bedryf uit te brei, sal in hoofstuk 5 geskied.

3.2 Bepalings aangaande leningskommissie

Leningskommissie se woordeboekdefinisie, soos bespreek in hoofstuk 1, is die gelde wat betaalbaar is vir die sluiting en verkryging van 'n lening. Anders gestel, dit is die koste om die lening te verkry.

Die Wet bevat geen spesifieke aftrekkingsbepaling wat die bewoording *leningskommissie* bevat nie. Die aftrekbaarheid van leningskommissie vir inkomstebelastingdoeleindes sal eerstens aan die hand van enige ander spesifieke bepaling in die Wet, waarvolgens dit afgetrek kan word, getoets word. Indien daar geen spesifieke bepaling is waarvolgens leningskommissie se aftrekbaarheid bepaal kan word nie, sal daar bepaal moet word of dit aftrekbaar is in terme van die algemene aftrekkingsformule soos gevind in artikel 11(a). Die aftrekbaarheid van leningskommissie in terme van artikel 11(a) is egter onderhewig aan die beperkende voorwaardes soos vervat in artikels 23(g) en 23H. Daar sal dus

noukeurig gekyk word om te bepaal of hierdie laasgenoemde twee artikels 'n uitwerking sal hê op leningskommissie se moontlike artikel 11(a)-aftrekbaarheid.

Die bogenoemde beginsel dat 'n spesifieke bepaling voorrang geniet bo 'n algemene bepaling is ook in ooreenstemming met die regsbeginsel *generalia specialibus non derogant*. Meyerowitz (2008:3-14) huldig die siening dat dié regsbeginsel beteken dat die werking van 'n algemene artikel nie bo die werking van 'n spesifieke artikel kan geskied nie. Hierdie regsbeginsel word bevestig deur die Suid-Afrikaanse howe in regter Cillie JP se uitspraak in *S v Ffrench-Beytagh* 1971 (4) SA 333 (T), 4 All SA 391 (T) op bladsy 395 van die saak:

“In my opinion, furthermore, the maxim, generalia specialibus non derogant, applies in the interpretation of the sections under consideration. This principle of construction is discussed at p 175 of Steyn, Die Uitleg van Wette, supra, where the learned author quotes the following passage from R v Gwantshu, 1931 EDL 29 at p 31:

“When the Legislature has given attention to a separate subject and made provision for it the presumption is that a subsequent general enactment is not intended to interfere with the special provision, unless it manifests that intention very clearly. Each enactment must be construed in that respect according to its own subject-matter and its own terms. Where general words in a later Act are capable of reasonable and sensible application without extending them to subjects specially dealt with by earlier legislation, that earlier and special legislation is not to be held indirectly . . ., altered . . ., merely by force of such general words, without any indication of a particular intention to do so.”

Dit blyk dat daar dus eers gekyk moet word na spesifieke bepalings in die Wet rakende leningskommissie voordat 'n studie gedoen kan word rakende leningskommissie se aftrekbaarheid in terme van artikel 11(a). Die Wet bevat verder ook 'n bepaling wat voorkom dat 'n item dubbel afgetrek word. Hierdie bepaling word vervat in artikel 23B(3). In terme van hierdie bepaling sal die leningskommissie slegs aftrekbaar wees in terme van artikel 11(a), indien dit nie onder enige van die spesifieke bepalings in die Wet afgetrek kan word nie. Die bepaling lees soos volg:

“23B Verbod op dubbele aftrekkings

- (3) Geen aftrekking word ingevolge artikel 11(a) toegestaan nie ten opsigte van enige onkoste of verlies van 'n soort ten opsigte waarvan 'n aftrekking of vermindering ingevolge 'n ander bepaling van hierdie Wet toegestaan mag word, ondanks dat –
- (a) bedoelde ander bepaling 'n beperking op die bedrag van bedoelde aftrekking of vermindering plaas; of
 - (b) daardie aftrekking of vermindering ingevolge daardie ander bepaling in 'n ander jaar van aanslag toegestaan mag wees.”

Indien leningskommissie onder 'n spesifieke bepaling aftrekbaar is, kan dit nie ook in terme van artikel 11(a) afgetrek word vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Leningskommissie is hoofsaaklik verbonde aan lenings wat toegestaan word, hetsy as 'n persentasie van die leningsbedrag of 'n vaste, berekende bedrag. Die mening van De Jager (1987:11) is dat leningskommissie niks anders as rente is nie en dus dieselfde vir inkomstebelasting hanteer moet word as rente. De Koker & Williams (2014) in *Silke on South African Income Tax* paragraaf 8.90 is verder ook van mening dat leningskommissie ingesluit moet word in die definisie van verwante finansieringskoste. Die terme *rente* en *verwante finansieringskoste* word aangetref in die Wet in artikel 24J. Die relevante dele van hierdie definisie van rente is soos volg:

“**Rente** ook die

- (a) bruto bedrag van enige rente of verwante finansieringskoste, diskonto of premie betaalbaar of ontvangbaar ingevolge of ten opsigte van 'n finansiële reëling”

Daar sal dus bepaal moet word of leningskommissie aftrekbaar is in terme van die spesifieke bepalinge aangaande rente en verwante finansieringskoste, soos gevind in artikel 24J. Indien leningskommissie nie aftrekbaar is in terme van die spesifieke bepalinge aangaande rente en verwante finansieringskoste nie, sal die aftrekbaarheid daarvan getoets word aan die hand van die algemene aftrekkingsformule soos gevind in artikel 11(a), gelees in samewerking met artikels 23(g) en 23H.

Rente word spesifiek in artikel 24J gedefinieer as onder andere *rente of verwante finansieringskoste* soos wat ook te vinde was in die nou geskrapte artikel 11(bA) waar daar verwys is na *enige rente* (insluitend verwante finansieringskoste). Die verwysing in beide bepalings na *verwante finansieringskoste* impliseer dat daar 'n wye verskeidenheid kostes moontlik ingesluit kan word by die bepaling van *rente* soos gevind in artikel 24J. In hoofstuk 2 is daar bevind dat leningskommissie binne die omvang van rente en verwante finansieringskoste val, soos gevind in artikel 24J en die onlangs geskrapte artikel 11(bA). Beide artikels 24J en 11(bA) het verdere vereistes waaraan voldoen moet word voordat rente en verwante finansieringskoste in terme daarvan afgetrek kan word. Daar word dus aan die hand gedoen dat leningskommissie, indien dit aan die verdere vereistes van artikels 24J en 11(bA) voldoen, aftrekbaar is in terme van hierdie spesifieke bepalings en dus sal artikel 11(a) nie van toepassing wees nie.

3.3 Werking en wisselwerking tussen die voor die aanvang van bedryf bepalings

3.3.1 Oorhoofse werking van artikel 11(bA) en artikel 11A

Die oprigting van nuwe besighede is van groot belang vir die Suid-Afrikaanse ekonomie (Interpretasie nota 51, 2009:2). Daar is dikwels aansienlike bedrae oprigtingskoste betrokke by die oprigting of totstandkoming van 'n nuwe onderneming.

Die algemene aftrekkingsformule, soos gevind in artikel 11, laat slegs aftrekkings toe vir uitgawes aangegaan indien die uitgawes aangegaan in die beoefening van 'n bedryf is. Artikel 23(g) beperk verder enige geld geëis as 'n aftrekking van inkomste uit 'n bedryf gekry, vir sover die geld nie vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee is nie. Die Inkomstebelastingwet maak egter nie spesifieke voorsiening vir die aftrekking van oprigtingskoste van 'n maatskappy wat aangegaan is voor die beoefening van 'n bedryf in aanvang geneem het nie, behalwe vir rente en verwante finansieringskoste, soos gevind in artikel 11A, en in sekere gevalle voor 1 Januarie 2012, in die nou geskrapte artikel 11(bA).

Die aanhef van artikel 11 bevat die vereiste dat die uitgawes of verliese in die beoefening van 'n bedryf moes aangegaan gewees het voordat die belastingpligtige 'n bedrag in terme van die Wet mag aftrek. Dit volg dus dat indien die belastingpligtige nog nie 'n bedryf beoefen nie, die belastingpligtige op geen aftrekkings in terme van artikel 11 geregtig is nie. Artikel 11(x) bring die aftrekbaarheid van artikel 24J en artikel 11A binne die reikwydte van artikel 11. Witthoft (2011) haal Huxham en Haupt se *Notes on South African Income*

Tax 2011 aan met die stelling dat kostes wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf, as kapitaal hanteer moet word. Dit is vanweë die feit dat die kostes die inkomste genererende struktuur van die onderneming daarstel. Die siening word ook gehuldig deur Interpretasie nota 51 (2009:3) wat aandui dat kostes aangegaan voor die beoefening van 'n bedryf meestal van 'n kapitale aard is.

'n Verdere belangrike faktor by die bepaling rakende of 'n item van 'n kapitale aard of inkomste aard is, is die bedoeling met die aangaan van die onkoste. Regter Rumpff J het in *Reef Estates Ltd v CIR* 1954 (2) SA 593 (T), 19 SATC 153 op bladsy 157 goedkeurend regter Watermeyer CJ aangehaal in die *New States Areas Ltd v CIR* 1946 AD 610, 14 SATC 155 wat die volgende in sy beslissing gesê het:

“The conclusion to be drawn from all these cases seems to be that the true nature of each transaction must be enquired into in order to determine whether the expenditure attached to it is capital or revenue expenditure. Its true nature is a matter of fact and the purpose of the expenditure is an important factor; if it is incurred for the purpose of acquiring a capital asset for the business it is capital expenditure...”

Daar kan dus aan die hand van bogenoemde beslissing gedoen word dat indien die bedoeling ten tye van die aangaan van die onkoste was om die kapitaalstruktuur van die onderneming uit te brei, die onkoste van 'n kapitale aard is. Regter Rumpff J het voortgegaan deur te beslis dat die munisipale heffings wat betaal is deur die belastingpligtige nie aftrekbaar is vir belasting nie. Dit is vanweë die feit dat die erf, waarop die munisipale heffings betaal is, verhuur is as parkeerarea. Die belastingpligtige se bedoeling was egter altyd om die erf te ontwikkel en huurinkomste te ontvang. Die regter het gevolglik beslis dat die munisipale uitgawes aangegaan is met die doel om 'n kapitale bate uit te brei, en nie met die doel om inkomste as 'n parkeerarea te verdien nie. Dus, waar die bedoeling is om 'n kapitale bate uit te brei, volg dit uit bogenoemde regspraak dat die uitgawes só aangegaan van 'n kapitale aard is.

Indien oprigtingskoste nie aftrekbaar was in terme van artikel 11 nie sou dit die stigting van nuwe ondernemings uitermatig duur maak het sowel as ontmoedig het. Die Wetgewer het die belastinglas van die belastingpligtiges verlig met die inwerkingtreding van artikel 11(bA) wat die aftrekking van voorproduksie-rente en verwante finansieringskoste toelaat wat andersins nie aftrekbaar sou gewees het nie (De Jager, 1987:8).

Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui, het artikel 11(bA) soos volg in die Wet gelees:

“enige rente (met inbegrip van verwante finansieringskoste) wat nie andersins as ’n aftrekking ingevolge hierdie Wet toelaatbaar is nie, wat werklik deur die belastingpligtige aangegaan is op ’n lening, voorskot of krediet deur hom aangewend by die verkryging, installasie, oprigting of konstruksie van enige masjinerie, installasie of gebou, of verbeterings aan ’n gebou, wat deur hom gebruik gaan word vir die doeleindes van sy bedryf, en wat aldus aangegaan is ten opsigte van ’n tydperk vóór die ingebruikneming van bedoelde masjinerie, installasie, gebou of verbeterings vir die doeleindes van die belastingpligtige se bedryf, bedoelde aftrekking toegelaat te word in die jaar van aanslag waarin bedoelde masjinerie, installasie, gebou of verbeterings vir genoemde doeleindes in gebruik geneem word.”

Artikel 11(bA) staan dus ’n aftrekking toe vir rente en finansieringskoste aangegaan, vir die bate soos hierbo gelys in die bepaling, voor die onderneming die bate in gebruik neem in die beoefening van sy bedryf. Artikel 11(bA) vereis dat die kostes reeds aangegaan moes gewees het voor die bedryf begin beoefen is om sodoende ten volle aftrekbaar te wees wanneer die bate in gebruik geneem word ter beoefening van die bedryf (De Jager, 1987:9). Artikel 11(bA) se voorbehoudsbepaling bepaal dat die aftrekbaarheid van hierdie rente en verwante finansieringskoste, in terme van hierdie bepaling, slegs van toepassing is wanneer die rente en verwante finansieringskoste nie in terme van enige ander bepaling in die Wet afgetrek kan word nie.

Die rente en verwante finansieringskoste aangegaan in terme van artikel 11(bA) is eers aftrekbaar in terme van hierdie bepaling wanneer die bate in die beoefening van ’n bedryf in gebruik geneem word. Interpretasie nota 51 (2009:17) ondersteun hierdie siening deur ’n voorbeeld aan te haal in die interpretasie nota. In die voorbeeld gebruik hul ABC (Edms) Bpk met ’n jaar van aanslag wat eindig op 30 Junie. Die maatskappy het begin met die beoefening van ’n bedryf op 1 April 2008. Die maatskappy het ’n bate gekoop op 1 Februarie 2008. Die bate is egter eers in gebruik geneem op 15 Augustus 2008. Die inkomstebelastinghantering van bogenoemde gevallestudie, soos verskaf deur die Interpretasie nota, is dat al die rente wat betaalbaar is gedurende die periode van 1 Februarie tot 14 Augustus 2008 aftrekbaar is in terme van artikel 11(bA) wanneer die bate in gebruik geneem is. Die interpretasie nota gaan verder deur te bevind dat artikel 11A veroorsaak dat ’n vroeër aftrekking nie vir hierdie rentes toelaatbaar is wanneer ’n

bedryf beoefen word nie, omrede die beginsel van die bate wat in gebruik geneem moet word, soos uiteengesit deur artikel 11(bA), voorrang geniet onder artikel 11A(1)(b).

Artikel 11A is in die wet ingebring om die aftrekbaarheid van kostes voor die begin van die beoefening van 'n bedryf te reguleer (*Explanatory Memorandum on the Income Tax Bill, 2003:52*). Interpretasie nota 51 (2009:5) voer aan dat die doel van artikel 11A is om onkoste en verliese wat aftrekbaar sou gewees het indien dit aangegaan is tydens die beoefening van 'n bedryf, aftrekbaar te maak wanneer daar wel met die beoefening van 'n bedryf begin word. Artikel 11A soos dit tans in die Wet uiteengesit word lees soos volg:

“Artikel 11A. Aftrekking ten opsigte van onkoste en verliese aangegaan voor bedryf aanvang neem.

- (1) Vir van die vasstelling van die belasbare inkomste verkry gedurende enige jaar van aanslag deur 'n persoon uit die beoefening van enige bedryf, word daar as 'n aftrekking toegelaat van die inkomste aldus verkry, enige onkoste en verliese-
 - (a) werklik deur daardie persoon aangegaan voor die aanvang van en in voorbereiding vir die beoefening van daardie bedryf;
 - (b) wat as 'n aftrekking toelaatbaar sou wees ingevolge artikel 11 (behalwe artikel 11 (x)), 11B, 11D of 24J, indien die onkoste of verliese deur daardie persoon aangegaan is na die beoefening van daardie bedryf 'n aanvang geneem het; en
 - (c) wat nie as 'n aftrekking in daardie jaar of enige vorige jaar van aanslag toegelaat is nie.
- (2) Soveel van die onkoste en verliese in subartikel (1) bedoel wat die inkomste gedurende die jaar van aanslag uit die beoefening van daardie bedryf verkry, na aftrekking van enige bedrae wat in daardie jaar van aanslag ingevolge enige ander bepaling van hierdie Wet toelaatbaar is, oorskry, word nie teen enige inkomste van daardie persoon wat verkry is anders as van die beoefening uit daardie bedryf verreken nie, ondanks artikel 20(1)(b).”

Artikel 11A bevat dus vier kernbeginsels wat die aftrekbaarheid van onkoste en verliese, wat aangegaan is voor die bedryf in aanvang geneem het, reguleer. Eerstens bepaal artikel 11A(1) dat die bedryf, wat verband hou met die onkoste en verliese wat tans gepoog word om afgetrek te word, moes in aanvang geneem het vir die uitgawes om afgetrek te mag word ingevolge daarvan. Dus sal onkoste en verliese wat aan die bepalings van artikel 11A voldoen eers afgetrek kan word sodra die bedryf in aanvang geneem het. Artikel 11A sluit spesifiek artikel 11(x) uit omrede hierdie bepaling al die ander aftrekkings in die Wet, wat nie in artikel 11 val nie, binne die omvang van artikel 11 bring. Die rede volgens Brincker (2011:H-11) kan gevind word in die feit dat die ander bepalings hul eie spesifieke reëls het vir die aftrekking van onkoste en verliese.

Tweedens moes die onkoste en verliese werklik aangegaan gewees het voor die aanvang van die bedryf en ter voorbereiding van hierdie bedryf. Die onkoste en verliese kon dus nie vir ander doeleindes aangegaan gewees het om te kwalifiseer vir die aftrekking nie.

Derdens bepaal artikel 11A(1)(b) dat die onkoste en verliese wat aangegaan is voor die bedryf in aanvang geneem het aftrekbaar moes gewees het onder artikels 11 (uitgesluit artikel 11(x)), 11B, 11D en 24J indien die veronderstelling gemaak word dat 'n bedryf beoefen is op daardie tydstip. Laastens stel artikel 11A(1)(c) dit dat die onkoste en verliese moes nie as aftrekking toegelaat gewees het in die huidige jaar van aanslag of enige vorige jaar van aanslag nie.

'n Verdere belangrike komponent van artikel 11A(2) is dat die aftrekking nie 'n aangeslane verlies vir die belastingpligtige mag skep rakende die bepaalde bedryf wat in aanvang geneem is nie. Die aftrekking sal dus beperk word tot die belasbare inkomste van die belastingpligtige net voor die aftrekking van artikel 11A vir die bedryf wat in aanvang geneem het. Enige verliese mag nie benut word deur die belastingpligtige vir 'n ander bedryf wat deur die belastingpligtige onderneem word nie, ondanks artikel 20(1)(b) wat dit onder ander omstandighede sou toelaat. Die deel wat nie so afgetrek mag word nie, mag wel oorgedra word na die volgende jaar van aanslag vanweë die feit dat artikel 11A(2) slegs artikel 20(1)(b) belet, maar nie artikel 20(1)(a) nie. 'n Situatie kan dus ontstaan waar die belastingpligtige oor beide 'n aangeslane verlies sowel as voorproduksie onkoste en verliese, wat nog nie vir inkomstebelastingdoeleindes afgetrek is nie, beskik.

Die beginsel rakende wanneer die aanvang van die beoefening van 'n bedryf werklik geskied het, is van uiterste belang vir artikel 11A omrede die aftrekking eers van hierdie datum af in werking tree. Dit is ook belangrik vir die bepaling of artikel 11A of artikel 24J geld ten tye van die aangaan van die onkoste en verliese. Anders gestel, die beperking op artikel 11(a) en 24J word opgeskort sodra daar begin word met die beoefening van 'n bedryf (Interpretasie nota 51, 2009:6). Hierdie beginsel sal later in die hoofstuk bespreek word.

3.3.2 Wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 11A

Onduidelikheid het voor die skraping van artikel 11(bA) ontstaan rakende of artikel 11(bA) of artikel 11A die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste reguleer (Brincker, 2011:H-8). Brincker gaan so ver as om aan te dui dat na sy mening moes artikel 11(bA) heelwaarskynlik verwyder gewees het en dat artikel 11A voorsiening moes gemaak het vir alle voorproduksie-aftrekkings. Dit was vanweë die feit dat onkoste wat toelaatbaar is om onder artikel 24J afgetrek te word indien 'n bedryf reeds beoefen is, toegelaat sal wees om in terme van artikel 11A afgetrek te word indien die bedryf nog nie in aanvang geneem is nie.

Beide artikel 11(bA) en artikel 24J bevat die terme *rente* en *verwante finansieringskoste*, soos bespreek in hoofstuk 2. In terme van artikel 11(bA) kan die toelaatbare rente en verwante finansieringskoste afgetrek word sodra die bate in gebruik geneem word. Interpretasie nota 51 (2009:17) dui aan dat artikel 11(bA) voorrang geniet bo artikel 11A omrede artikel 11A(1)(b) vereis dat die onkoste aangegaan voor die bedryf begin is, aftrekbaar moet wees onder artikel 11 as daar aangeneem word dat die bedryf reeds begin het. Die bogenoemde onsekerheid is egter sedert die skraping van artikel 11(bA) verwyder.

Die kritiese evaluering van die verskille tussen artikel 11(bA) en artikel 11A is egter baie belangrik om die studie se vraag te beantwoord rakende of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A. Die heel eerste verskil, soos reeds bespreek in hierdie hoofstuk, is die tydsberekening van die aftrekbaarheid van onkoste en verliese wat toelaatbaar is om afgetrek te word in terme van artikel 11A. Artikel 11A geld vir alle rente en verwante finansieringskoste, sover as wat dit toelaatbaar sou gewees het onder artikel 24J, voordat daar begin word met die beoefening van 'n bedryf. Sodra die onderneming dus begin met

die beoefening van 'n bedryf, is die opgelope uitgawes, soos bepaal in terme van artikel 11A, aftrekbaar.

Onkoste en uitgawes wat aangegaan word na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf sal nie in terme van artikel 11A afgetrek kan word nie. Die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste aangegaan na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf sal vir inkomstebelastingdoeleinde bepaal word in terme van artikel 24J. Artikel 11(bA) laat egter die aftrekking van voorproduksie rente en verwante finansieringskoste aangegaan tot en met die ingebruikneming van die bate toe al het die spesifieke bedryf al in aanvang geneem.

'n Baie belangrike onderskeid word dus tussen artikel 11A en artikel 11(bA) gevind met betrekking tot die feit dat waar die artikel 11(bA)-aftrekking slegs toelaatbaar is wanneer die bate in gebruik geneem word en nie met die begin van die beoefening van 'n bedryf soos in die geval van artikel 11A nie. Dus sal items vroeër in terme van artikel 11A as artikel 11(bA) afgetrek kan word indien die bate eers na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem word.

Artikel 11A(2) bevat 'n beperking op die bedrag wat as 'n aftrekking toelaatbaar is in die jaar waarin die bedryf in aanvang geneem het, ondanks die bewoording van artikel 20(1)(b). Artikel 20(1)(b) laat die belastingpligtige toe om teen sy verkreeë inkomste 'n vasgestelde verlies gedurende dieselfde jaar van aanslag deur die belastingpligtige gely uit die beoefening van enige ander bedryf te eis. Die spesifieke bewoording van artikel 11A(2) oorheers die bepaling van artikel 20(1)(b). Die aangeslane verlies só verkry, word dan dus omhein binne die nuwe bedryf en slegs inkomste uit die nuwe bedryf mag aangewend word teen die aangeslane verlies. Geen beperking op die oordrag van 'n aangeslane verlies word vervat in Artikel 11A nie, dus sal hierdie koste oorgedra word na die daaropvolgende jare van aanslag. Die aftrekking van uitgawes en onkoste in terme van artikel 11A mag nie 'n aangeslane verlies laat ontstaan of 'n aangeslane verlies verder vergroot nie.

'n Verdere beperking in artikel 11A bepaal dat die onkoste en verliese aangegaan slegs in terme van hierdie artikel afgetrek mag word van inkomste verdien uit hierdie bedryf. Dit beteken dus dat indien die belastingpligtige geen belasbare inkomste het vir die spesifieke bedryf in die jaar van aanslag nie, maar wel belasbare inkomste uit 'n ander bedryf, kan die artikel 11A-koste nie teenoor die ander bedryf gebruik word nie, ondanks artikel 20(1)(b).

Artikel 11(bA) bevat daarteenoor geen beperking wat verhoed dat 'n aangeslane verlies tot stand gebring mag word of vergroot word soos wat gevind word in artikel 11A nie. Verder kan die artikel 11(bA)-aftrekking teen enige bedryf aangewend word wat deur die belastingpligtige beoefen word. Die enigste beperkende faktor tot artikel 11(bA) is dat die kostes slegs aftrekbaar is wanneer die bate in gebruik geneem word in die beoefening van die belastingpligtige se bedryf. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar slegs gefokus word op voorproduksie verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor daar met die beoefening van 'n bedryf begin is en nie ander voorproduksie uitgawes aangegaan nie.

'n Verdere verskil tussen hierdie artikels bestaan rondom die onderskeie bedrae wat aftrekbaar is wanneer daar aan al die vereistes van onderskeidelik artikel 11A en artikel 11(bA) voldoen word. Indien rente en verwante finansieringskoste onder artikel 11A aftrekbaar is, stel die Wet dit duidelik dat die bedrag wat aftrekbaar is moet ooreenstem met die bedrag wat afgetrek sou word sover as wat dit toelaatbaar sou wees onder artikel 24J. Dit sal beteken dat die rente en verwante finansieringskoste oor die termyn van die lening versprei moet word in terme van artikel 24J. Indien die kostes dus aan die begin van die leningstermyn betaal is, moet die kostes nogtans versprei word oor die termyn van die lening. Die beginsels van artikel 24J, spesifiek die verspreiding van die rente en verwante finansieringskoste oor die termyn van die instrument, sal later kortliks in die hoofstuk bespreek word. Hierteenoor laat artikel 11(bA) die volle bedrag aangegaan as aftrekking toe wanneer die bate in gebruik geneem word in die produksie van inkomste.

Dit is dus moontlik dat daar 'n tydperk is tussen die begin van die beoefening van 'n bedryf en die ingebruikneming van die bate wat deur artikel 11(bA) hanteer word in die Wet, maar nie deur artikel 11A nie. Artikel 11A hanteer nie hierdie periode nie omrede die aftrekking geneem moet word wanneer die bedryf begin beoefen word. Die hoofvraagstuk van hierdie studie, wat in hoofstuk 5 bespreek sal word, is of daar nadelige gevolge vir die belastingpligtige is as gevolg van die feit dat die Wet die tydstip van aftrekking verander het van die ingebruikneming van die bate soos gevind in artikel 11(bA) na die begin van die beoefening van 'n bedryf soos gevind in artikel 11A.

3.4 Werking en wisselwerking tussen die rente en verwante finansieringskoste bepalinge

3.4.1 Oorhoofse werking van artikel 24J

Die oorhoofse werking van artikel 11(bA) is reeds hierbo bespreek. Artikel 24J is aanvanklik ingebring om die tydsberekening van die aftrekbaarheid van rente te bepaal en was oorspronklik nie 'n heffingsbepaling nie (Stiglingh *et al.*, 2011:673). Die Wet is egter in 2004 verander om voorsiening te maak dat artikel 24J die aftrekbaarheid van rente reguleer (Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill, 2004:20). Voor artikel 24J verander is, is rente aangegaan se aftrekbaarheid bepaal in terme van artikel 11(a). Artikel 24J is egter in 2004 verander en rente word nou in terme van hierdie bepaling bereken vir insluiting by die inkomstebelasting opgawe van die onderneming.

Artikel 24J(2) soos vervat in die Wet:

“Artikel 24J(2) se heffingsbepaling lees soos volg:

- (2) Waar 'n persoon die uitreiker met betrekking tot 'n instrument gedurende 'n jaar van aanslag is, word bedoelde persoon by die toepassing van hierdie Wet geag 'n bedrag aan rente aan te gee gedurende bedoelde jaar van aanslag, wat gelyk is aan—
- (a) die som van alle toevallingsbedrae met betrekking tot alle toevallingstydperke wat, hetsy in geheel of gedeeltelik, binne bedoelde jaar van aanslag ten opsigte van bedoelde instrument val; of
 - (b) 'n bedrag ooreenkomstig 'n alternatiewe metode met betrekking tot bedoelde jaar van aanslag ten opsigte van bedoelde instrument vasgestel,

wat van die inkomste van daardie persoon uit die beoefening van 'n bedryf verkry afgetrek moet word, indien daardie bedrag in die voortbrenging van die inkomste aangegaan is.”

Rente en verwante finansieringskoste sal in terme van artikel 24J versprei word op 'n dag-tot-dag basis oor die termyn van die instrument (wat in die Wet na verwys word as die “opbrengs tot op vervaldatum”) of in terme van die alternatiewe metode (Stiglingh *et al.*, 2011:675). Die omskrywing van die alternatiewe metode in die Wet verwys daarna dat die metode slegs gebruik kan word indien die resultaat daarvan nie wesenlik verskil met dié van die opbrengs tot op vervaldatum nie. Weens die feit dat beide metodes dieselfde resultaat moet oplewer, gaan die studie slegs die opbrengs tot op vervaldatum bespreek en nie ook die alternatiewe metode nie. 'n Belangrike komponent van artikel 24J se opbrengs tot op vervaldatum berekening is dat daar 'n “toevallingsbedrag” moet wees. Die toevallingsbedrag word bereken deur die aangepaste aanvangsbedrag te vermenigvuldig met die opbrengs tot op vervaldatum (Stiglingh *et al.*, 2011:678).

Leningskommissie, soos reeds bespreek, word aangegaan in terme van 'n “instrument”. Verder, weens die feit dat die leningsbedrag asook die lening en leningskommissie bekend is, is dit ook moontlik om die “opbrengs tot op die vervaldatum” uit te werk.

Emslie (2010:4) dui aan dat vir rente om afgetrek te kan word in terme van artikel 24J(2), moet daar 'n uitreiker wees sowel as 'n instrument. 'n Instrument word deur die Wet gedefinieer as enige vorm van 'n rentedraende reëling, hetsy skriftelik al dan nie. Die Wet omskryf uitreiker soos volg:

“uitreiker”, met betrekking tot 'n instrument—

- a) 'n persoon wat ingevolge daardie instrument enige rente aangegaan het of enige verpligting het om 'n bedrag terug te betaal; of
- b) op 'n bepaalde tydstip, 'n persoon wat, indien enige rente betaalbaar ingevolge bedoelde instrument op daardie tydstip verskuldig en betaalbaar was, vir die betaling van bedoelde rente aanspreeklik is;

Soos reeds in hoofstuk 2 bespreek, word *rente* op sy beurt in artikel 24J(1) soos volg omskryf in die Wet:

- “a) bruto bedrag van enige rente of verwante finansieringskoste, diskonto of premie betaalbaar of ontvangbaar ingevolge of ten opsigte van 'n finansiële reëling;

.... ongeag of bedoelde bedrag

- i) met verwysing na 'n vaste koers van rente of 'n veranderlike koers van rente bereken word; of
- ii) as 'n enkelbedrag of in ongelyke paaieimente gedurende die termyn van die finansiële reëling betaalbaar of ontvangbaar is”

Leningskommissie, soos in hoofstuk 2 bevind, kan ingelees word onder die term *rente* en *verwante finansieringskoste*. Selfs 'n eenmalige bedrag leningskommissie of ongelyke paaieimente van leningskommissie kan as rente gesien word. Dit is vanweë die feit dat rente en verwante finansieringskoste enkelbedrae en ongelyke paaieimente kan insluit, soos bepaal deur die omskrywing van rente in artikel 24J van die Wet.

Artikel 24J laat aftrekkings toe slegs wanneer die bedrag in die voortbrenging van inkomste aangegaan is en 'n bedryf reeds aan die gang is (Witthoft, 2011). Artikel 24J bevat geen verwysing, soos artikel 11(a), wat die aftrekking van items van 'n kapitale aard verbied nie. Indien leningskommissie binne die definisie van rente kan val, soos omskryf deur artikel 24J, is dit dan nog nodig dat dit getoets moet word aan die hand van kapitaal of inkomste rekening. Daar word aan die hand gedoen dat daar slegs gelees moet word of dit onder rente soos omskryf val en nie na die kapitale aard nie. Soos artikel 11(a) moet daar egter wel 'n bedryf beoefen word en die onkoste en verliese moet aangegaan word in die voortbrenging van inkomste. Voorproduksie leningskommissie kan egter nie in terme van artikel 24J afgetrek word nie weens die feit dat dit aangegaan is voor die belastingpligtige met 'n bedryf begin het. Artikel 11A laat egter 'n aftrekking toe sover dit toelaatbaar sou wees onder artikel 24J. Die datum wanneer die bedryf in aanvang neem is dus van kardinale belang omrede dit bepaal of artikel 24J of artikel 11A van toepassing is.

3.4.2 Wisselwerking tussen artikel 11(bA) en artikel 24J

Die inkomstebelastinghantering van onkoste en verliese in terme van artikel 11A is, soos reeds bespreek, afhanklik van die werking van artikel 24J. Die wisselwerking tussen artikel 11(bA) en 24J sal dus help om die primêre vraagstuk te beantwoord, naamlik of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A.

Eerstens, vir rente en verwante finansieringskoste om aftrekbaar te wees onder artikel 24J, moes dit aangegaan gewees het in die beoefening van 'n bedryf. Dus moes 'n bedryf reeds in aanvang geneem het vir leningskommissie om aftrekbaar te wees in terme van artikel 24J. Die artikel 11(bA) leningskommissie kon aangegaan gewees het voor daar begin is met die beoefening van 'n bedryf. Artikel 11(bA) laat die aftrekking van voorproduksie-rente en verwante finansieringskoste toe sodra die bate in die gebruik van die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem word.

Artikel 24J bevat verder ook geen beperking dat rente en verwante finansieringskoste nie van 'n kapitale aard mag wees nie. Artikel 11(bA) bevat wel die bepaling dat rente en verwante finansieringskoste nie van 'n kapitale aard mag wees nie. Dit blyk egter na aanleiding van die *SA Custodial*-saak dat die bepaling of leningskommissie van 'n kapitale aard is of nie, nie meer van belang is nie weens die *stare decisis* regsbeginsel en die regsprecedent wat deur die appèlhof geskep is.

Laastens, artikel 24J versprei die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste oor die termyn van die instrument terwyl artikel 11(bA) die aftrekking ten volle toelaat wanneer die bate in gebruik geneem word. Daar is dus 'n wesenlike verskil in die tydperk waarvoor leningskommissie afgetrek mag word in terme van artikel 24J (versprei oor die termyn van die lening) en artikel 11(bA) (onmiddellik wanneer die bate in gebruik geneem word in die beoefening van 'n bedryf).

3.5 Wisselwerking tussen artikel 11(bA), 11A en 24J met artikels wat aftrekkings beperk

Wisselwerking met artikel 23M en artikel 23N

Artikel 23M en artikel 23N is deur onderskeidelik artikel 61 en artikel 63 van die Wet No. 31 van 2013: Wysigingswet op Belastingwette (2013:109-117) in die Wet ingebring. Artikel 23M beperk die aftrekkings ten opsigte van rente betaal aan persone wat nie aan belasting onderworpe is nie. Artikel 23N beperk op sy beurt rente-aftrekkings in terme van reorganisasie- en verkrygingstransaksies. In beide gevalle word die rente beperking deur die Wet gehef op artikel 24J-rente deur die spesifieke omskrywing van rente as artikel 24J-rente in die relevante artikels. Die studie fokus op die voorproduksie leningskommissie aangegaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande besigheid en sluit dus enige reorganisasie- en verkrygingstransaksie, soos omskryf deur artikel 23N, uit. Die studie sal dus nie verder op artikel 23N fokus nie. Stiglingh, Koekemoer, van Schalkwyk, Wilcocks,

de Swart & Jordaan (2014:777) skryf dat die beperkings ingestel is om die Suid-Afrikaanse fiskus te beskerm teen oormatige rente-aftrekkings wat uiteindelik die belasbare inkomste van Suid-Afrikaanse belastingpligtiges en moontlik die Suid-Afrikaanse belastingbasis kan uitdun.

Artikel 23M(2) dui aan dat die betrokke artikel van toepassing is waar 'n bedrag rente gedurende die jaar van aanslag aangegaan word ten opsigte van skuld verskuldig aan 'n krediteur wat 'n in 'n beheerende verhouding met die lener is. Artikel 23M is ook van toepassing waar die krediteur geld voorskiet aan die lener deur geld verkry van 'n entiteit met 'n beheerende belang in die lener en of die krediteur die skuld leen aan die lener as gevolg van 'n waarborg deur 'n entiteit met 'n beheerende belang in die lener. 'n Verdere vereiste is dat die persoon aan wie die rente toeval nie belasting daarop betaal nie. Die Wet omskryf in artikel 23M(3) die ingewikkelde berekeningsmetode van die deel van rente wat toegeval het, wat nie vir belastingdoeleindes afgetrek mag word van die lener se inkomstebelastingopgawe nie.

Die berekening van die beperking in terme van artikel 23M en artikel 23N word nie in die studie behandel nie. Daar word aan die hand gedoen dat in die uitsonderlike gevalle waar artikel 23M en artikel 23N wel van toepassing is die belastingpligtige die spesifieke formules wat die aftrekking beperk, bestudeer. Artikel 23M en artikel 23N is van toepassing vanaf 1 Januarie 2015 op bedrae rente wat op of na daardie datum aangegaan is. Daar word dus aan die hand gedoen dat beide hierdie artikels ook nie van toepassing sou gewees het op artikel 11(bA) indien dit nie geskrap was nie.

Wisselwerking met artikel 23H

Stiglingh *et al.*, (2014:151) dui aan dat aftrekkings in sekere gevalle, ten opsigte van vooruitbetaalde uitgawes, beperk sal word. Die voorbeeld word gegee dat indien daar vir dienste betaal word maar nie al die dienste word in die huidige jaar van aanslag gelewer nie, mag slegs die deel wat verband hou met die dienste wat in die huidige jaar van aanslag gelewer is, afgetrek word vir inkomstebelastingdoeleindes. Die Wet bepaal dat artikel 23H slegs van toepassing is as daar aan twee spesifieke voorwaardes voldoen word en as geen van die voorbehoudsbepalings soos gevind in artikel 23H van toepassing is nie.

Die eerste voorwaarde in 23H(1)(a) bepaal dat artikel die 23H-beperking slegs van toepassing sal wees op aftrekkings wat toelaatbaar is in terme van artikel 11(a), artikel 11(c), artikel 11(d), artikel 11(w), artikel 11A of artikel 11D(1). Artikel 24J word dus nie ingereken by die artikels waar artikel 23H van toepassing sal kan wees nie. Artikel 23H(1)(a) het ook nie artikel 11(bA) ingesluit by die moontlike aftrekkings wat beperk word nie ten tye van die werking van artikel 11(bA) nie (Stiglingh *et al.*, 2011:117). De Koker & Williams (2014) in *Silke on South African Income Tax* by paragraaf 17.61 dui in die voetnota aan dat artikel 23H nie van toepassing is op rente waar artikel 24J van toepassing is nie. Daar kan dus aan die hand gedoen word dat artikel 23H nie van toepassing is op leningskommissie wat aftrekbaar is in terme van artikel 24J nie.

Daar word tweeledig aangevoer dat artikel 23H ook verder geen impak het op artikel 11A-aftrekkings wat bereken word in terme van artikel 24J nie. Eerstens word artikel 24J spesifiek uitgesluit by die beperking van artikel 23H en dus enige rente wat bereken word in terme hiervan is dus ook buite berekening van artikel 23H, selfs al word die rente opgehoop in terme van artikel 11A en is eers aftrekbaar wanneer die bate in gebruik geneem word.

Tweedens word daar aangevoer dat indien artikel 23H wel van toepassing was op artikel 11A, dit geen effek sal hê op die bedrag wat aftrekbaar is in terme van artikel 11A nie. Dit is weens die feit dat artikel 24J die rente en verwante finansieringskoste versprei oor die termyn van die lening en dus is die artikel 11A-aftrekking reeds versprei oor die periode waarin die voordeel toegeval het.

In terme van die derde voorbehoudsbepaling tot artikel 23H(1)(b) moet die voordeel versprei word oor die aantal maande in die jaar waarin die voordeel geniet sal word tot die totale aantal maande waarin die voordeel ontvang sal word deur die belastingpligtige. Die artikel 11A-aftrekking wat toelaatbaar is vir leningskommissie is dus reeds versprei oor die totale maande vanaf die verkryging van die lening tot en met die begin van die beoefening van 'n bedryf en die voordeel ontvang oor die hele termyn van die lening verkry. Daar word dus aan die hand gedoen dat artikel 23H nie 'n impak het op die aftrekbaarheid van voorproduksie leningskommissie in terme van artikel 11A nie.

Wisselwerking met artikel 23(g)

Stiglingh *et al.*, (2014:155) verwys na artikel 23(g) as die “sogenaamde negatiewe gedeelte van die algemene aftrekkingsformule”. Stiglingh *et al.*, (2014:143) is verder van mening dat artikel 23(g) ook gelees kan word as “geheel en al of gedeeltelik vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee”.

Artikel 23(g) word as volg omskryf in die Wet:

23. Aftrekkings nie by vasstelling van belasbare inkomste toegestaan nie. — Aftrekkings vind in geen geval ten opsigte van die volgende aangeleenthede plaas nie, tewete —

(g) geld geëis as 'n aftrekking van inkomste uit 'n bedryf verkry, vir sover die geld nie vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee is nie;

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 23(g) enige aftrekking verbied sover as wat die gelde nie aangegaan is vir bedryfsdoeleindes nie. Brincker (2011:V-10) huldig die siening dat artikel 24J nie meer 'n vereiste bevat dat die inkomste of uitgawes van 'n nie-kapitale aard is nie en vervolgens ook dat die vereistes van artikel 23(g) afgewater is met die inwerkingtreding van artikel 24J. Dit is weens die feit dat die algemene aftrekkingsmetode nie meer van toepassing is nie vanweë die feit dat die rente afgetrek sal word in terme van artikel 24J vir inkomstebelastingdoeleindes vir so lank as wat die uitgawe aangegaan is in die voortbrenging van inkomste en die beoefening van 'n bedryf. Artikel 24J bevat ook geen vereiste dat die gelde wat geëis word as aftrekking bestee moet word vir bedryfsdoeleindes nie. Artikel 24J(2) vereis slegs dat die uitgawes moet aangegaan wees in die beoefening van 'n bedryf.

Volgens Emslie (2010:3) moet uitgawes, om aftrekbaar te wees vir inkomstebelastingdoeleindes, normaalweg aan die vereistes van artikel 11(a) in samewerking met artikel 23(g) gelees word tensy 'n spesifieke bepaling voorsiening maak vir die aftrekking van die bepaalde uitgawe. Emslie (2010:3) ondersteun die siening dat weens artikel 23B(3) moet die belastingpligtige eers die vereistes van die spesifieke bepaling ondersoek voor ondersoek na artikel 11(a) sal geskied. Daar word dus aan die hand gedoen dat artikel 23(g) nie van belang is tydens die bespreking van *rente en verwante finansieringskoste* aangegaan in terme van artikel 24J nie weens die spesifieke vereistes van artikel 24J.

Artikel 11A bevat ook sy eie bepalings rakende wanneer die aftrekking toelaatbaar is. Die hoofvereiste van artikel 11A dui aan dat die uitgawes wat voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf aangegaan is slegs as aftrekking toelaatbaar sal wees indien dit aftrekbaar sou gewees het as 'n bedryf reeds beoefen was. Dit verwys spesifiek daarna dat dit aftrekbaar moes gewees het in terme van artikel 24J. Dus enige leningskommissie wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf sal aftrekbaar wees in terme van artikel 11A by die aanvang van die beoefening van 'n bedryf, mits dit aftrekbaar sou gewees het onder artikel 24J, sou 'n bedryf reeds beoefen gewees het. Soos reeds bespreek, bevat artikel 24J sy eie bepalings wanneer die aftrekking toelaatbaar is. Artikel 23(g) beperk geensins 'n artikel 24J-aftrekking nie en daar word dus aan die hand gedoen dat artikel 11A ook nie beperk sal word deur artikel 23(g) nie.

Laastens, artikel 11(bA) omskryf dat die rente aangegaan moes gewees het vir items wat deur die belastingpligtige vir doeleindes van sy bedryf gebruik sal word. Daar word dus aan die hand gedoen dat artikel 11(bA) self vereis dat die uitgawes vir bedryfsdoeleindes aangegaan moes gewees het. Weens die feit dat artikel 11(bA) ook 'n spesifieke bepaling is, sal die vereistes soos omskryf binne die artikel, die vereistes van artikel 11(a) gelees in samewerking met artikel 23(g) oorheers en sal die vereistes van artikel 11(bA) toegepas moet word.

3.6 Noodsaaklikheid van artikel 11(bA)

Die vraagstuk rondom of dit noodsaaklik was om spesifieke wetgewing, in die vorm van artikel 11(bA), in die Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting wetgewing in te sluit om die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die beoefening van 'n bedryf in aanvang geneem het te bepaal, sal kortliks bestudeer word. Onderskeid word hier spesifiek gemaak tussen die periode voor en na die inwerkingtreding van artikel 11A.

Die Inkomstebelastingwet bevat geen ander spesifieke bepalings, behalwe artikel 11A en die onlangs geskrapte artikel 11(bA), wat die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die begin van die beoefening van 'n bedryf reguleer nie. Dus moet die algemene aftrekkingsformule bestudeer word om te bepaal of die rente en verwante finansieringskoste, wat aangegaan is voor die begin van die beoefening van 'n bedryf, aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes. Die algemene aftrekkingsformule, soos gevind in artikel 11(a), laat egter slegs die aftrekbaarheid van uitgawes toe mits dit aan die vereistes van die bepaling voldoen. Een van die vereistes is

dat daar 'n bedryf beoefen moet word voordat die uitgawes aftrekbaar kan wees. As gevolg van hierdie vereiste van artikel 11(a), vra Brincker (2011:H-3) die vraag of uitgawes aangegaan voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf ooit aftrekbaar kan wees vir inkomstebelastingdoeleindes?

Dit blyk dus dat rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf nie aftrekbaar is in terme van artikel 11(a) nie (Witthoft, 2011). Brincker (2011:H-5) dui aan dat die Wetgewer spesifiek artikel 11(bA) in die Wet ingebring het om die onsekerheid uit te klaar rakende die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf. Soos reeds bespreek in 3.2.1, staan artikel 11(bA) 'n aftrekking toe vir rente en finansieringskoste aangegaan, vir die bate soos gelys in die bepaling, voor die onderneming die bate in gebruik neem in die beoefening van sy bedryf. Die aftrekking is ook ten volle aftrekbaar wanneer die bate in gebruik geneem word ter beoefening van 'n bedryf.

Artikel 11A is in 2004 in die Wet ingesluit en reguleer die aftrekking van rente en verwante finansieringskoste aangegaan voor die beoefening van 'n bedryf. Die doel van die bepaling is om die aftrekking van rente en verwante finansieringskoste toe te laat wat aftrekbaar sou wees indien dit aangegaan is tydens die beoefening van 'n bedryf (Interpretasie nota 51, 2009:5).

Beide artikel 11A en artikel 11(bA) laat dus kwalifiserende rente en verwante finansieringskoste as 'n aftrekking toe (Warneke, 2011). Indien beide artikel 11A en artikel 11(bA) dus nie deur die Wetgewer in die Wet ingebring is nie, sou kwalifiserende rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor daar met die beoefening van 'n bedryf begin is, nie aftrekbaar gewees het vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Indien daar slegs gefokus word op of rente en verwante finansieringskoste aftrekbaar is of nie onder beide artikel 11A en artikel 11(bA), kan daar aangevoer word dat artikel 11(bA) nie meer relevant is vir inkomstebelastingdoeleindes nie sedert die inwerkingtreding van artikel 11A omrede beide die aftrekking van hierdie tipe uitgawes toelaat. Die tydstip van die afrekkings sowel as die bedrag wat toelaatbaar is om afgetrek te word in terme van hierdie bepalings verskil egter. Die verskille sal in hoofstuk 5 bespreek word tesame met die bepaling of die aftrekking in terme van artikel 11A of artikel 11(bA), vir kwalifiserende rente en verwante finansieringskoste, meer voordelig is vir die belastingpligtige.

3.7 Aanvang van die beoefening van 'n bedryf

'n Sekondêre vraag van die studie is of voorproduksie leningskommissie wat aangegaan is om 'n bestaande besigheid uit te brei, afgetrek moet word in terme van artikel 11A of artikel 24J. Indien artikel 24J van toepassing is, sal die leningskommissie versprei word oor die termyn van die lening en die gedeelte wat verwys na die huidige jaar van aanslag sal in dieselfde jaar van aanslag aftrekbaar wees. Daar sal dus 'n jaarlikse aftrekking wees oor die termyn van die instrument. Indien artikel 11A die aftrekking reguleer, sal die totale bedrag wat aftrekbaar is in terme van artikel 11A afgetrek word sodra die bedryf in aanvang geneem word. Daar kan dus 'n opeenhoping van onkoste en verliese oor 'n paar jaar vir artikel 11A wees totdat die bedryf in aanvang neem terwyl artikel 24J elke jaar die aftrekking sou toelaat. Dus is die beginsel van wanneer 'n bedryf in aanvang geneem het van sekondêre belang van die studie.

Die eerste belangrike beginsel om te ondersoek in die vraag na of die uitbreiding van 'n bestaande bedryf 'n nuwe bedryf daarstel, is die gedefinieerde begrip "bedryf" soos gevind in die Wet in artikel 1:

"bedryf ook elke professie, handelsaak, besigheid, diens, beroep, vak of onderneming, met inbegrip van die verhuur van goed en die gebruik of die verleen van toestemming tot die gebruik van 'n patent soos in die Wet op Patente, 1978 (Wet No. 57 van 1978), omskryf, of 'n model soos in die Wet op Modelle, 1993 (Wet No. 195 van 1993), omskryf, of 'n handelsmerk soos in die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), omskryf, of 'n outeursreg soos in die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet No. 98 van 1978), omskryf, of van enige ander goed wat van dergelike aard is"

Die betekenis van bedryf word dus wyd omskryf deurdat 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite deel vorm van die definisie. Die hoewe het ook verder gegaan deur aan te voer dat alhoewel die term gedefinieer is, dit nogtans 'n feitevraag is of 'n bedryf beoefen word al dan nie (Marais, 2004:2). Marais (2004:17) haal Van Winsen R in *ITC 1275 (1978) 40 SATC 197 (C)* aan wat daarop wys dat daar eers vasgestel moet word of die uitgawes in die beoefening van 'n bedryf aangegaan is voor die vraag gevra kan word of die leningskommissie in hierdie geval aangegaan is in die voortbrenging van inkomste.

Interpretasie nota 51 (2009:6) voer aan dat daar weinig regsprecedent bestaan rakende wanneer, in terme van die Suid-Afrikaanse regspraak, daar met die beoefening van 'n

bedryf begin word. Die belastinghof het in *ITC 777* (1953) 19 SATC 320 (T) beslis dat daar *meer* benodig word vir die beoefening van 'n bedryf as die bedoeling om 'n gebou te verhuur. Daar moet 'n sogenaamde aktiewe stap wees.

Kirk-Cohen J het in *ITC 1476* (1989) 52 SATC 141 (T) op bladsy 148 die volgende beklemtoon:

“In my view the carrying on of a trade involves an active step – something far more than merely watching over existing investments which are not, and are not intended or expected to be, income producing during the year in question.”

Die aktiewe stap moet *meer* behels as die daarstel van planne. In *C:SARS v Contour Engineering (Pty) Ltd* (1999) 61 SATC 447 op bladsy 456 het regter Eksteen AJ die volgende gesê:

“There is, however, a vast difference between the mere laying of plans for the future, on the one hand, and the commencement of preparatory activities for a future venture, on the other...”

In Suid-Afrika is bevind dat indien daar 'n gebrek aan produktiewe bates is wat aangewend word in die besigheid, daar ook 'n gebrek aan 'n bedryf. In *ITC 697* (1950) 17 SATC 93 (T) het Price J beslis dat indien 'n belastingpligtige nie 'n bate het waarmee hy 'n bedryf kan beoefen nie, daar nie aangevoer kan word dat hy wel 'n bedryf beoefen nie.

Williams (2009:245) voer aan, deur goedkeurend die *IRC v Livingston* (1928) 11 TC 538 542 saak aan te haal, dat om die vraag te beantwoord of 'n bedryf beoefen word daar gekyk moet word of die bedrywighede betrokke van dieselfde aard is en ook in dieselfde manier bedryf word en in lyn is met die eienskappe van die gewone beoefening van 'n bedryf in die gegewe bedryf wat beoefen word. Williams (2009:246) gaan verder deur te sê dat “expenditure incurred before a taxpayer commences trading is “preliminary expenditure” and is not deductible, except in terms of section 11A”.

Regsgesag dui ook aan dat die gebrek aan wins nie noodwendig aandui dat 'n transaksie nie deel is van die belastingpligtige se bedryf nie. Die regter het soos volg in *De Beers Holdings (Pty) Ltd v CIR* 1986 (1) SA 8 (A) (“De Beers”), 47 SATC 229 op bladsy 260 beslis:

“the absence of a profit does not necessarily exclude a transaction from being part of the taxpayer’s trade... Where, however, a trader normally carries on business by buying goods and selling them at a profit, then as a general rule a transaction entered into with the purpose of not making a profit, or in fact registering a loss, must, in order to satisfy section 23(g), be shown to have been so connected with the pursuit of the taxpayer’s trade, e.g. on ground of commercial expediency or indirect facilitation of the trade, as to justify the conclusion that, despite the lack of profit motive, the moneys paid out under the transaction were wholly and exclusively for the purposes of trade.”

RC Williams beklemtoon ook (2009:246) ook die volgende:

“A person can carry on any number of trades simultaneously. Thus for example the fact that the taxpayer is a medical doctor does not preclude the possibility that he is simultaneously carrying on business as a farmer, a dealer in land, shares, stamps, antiques, etc.”

Die howe in die Verenigde Koninkryk verwys na die sogenaamde kentekens van handel (“Badges of trade”) (Williams, 2009:248) wanneer hul bepaal of ’n sekere transaksie die beoefening van ’n bedryf daarstel. Benson (2004:12) verwys na die Margo-kommissie by 12.28 wat die gebruik van hierdie praktyk afgekeur het om te bepaal wanneer ’n bedryf beoefen word. Die kommissie het die volgende stelling gemaak:

“12.28 It was also proposed that we adopt the so called badges of trade test, which in essence seeks to classify particular taxpayers as dealers. Unfortunately this suggestion, too, does not solve the problem (of the subjectiveness test). The criteria by which taxpayers would be classified would also be largely subjective, and all that this approach would achieve would be to substitute, for the ex post facto demarcation by the courts of capital gains from income gains, an ex-ante classification by the revenue authorities on the basis of the same criteria.”

Warneke (2011) haal die Verenigde State van Amerika saak genaamd *Richmond Television Corp v Commissioner* 345 F.2d 901 (4th Cir.1965) goedkeurend aan waar daar gemeen word dat selfs indien ’n belastingpligtige ’n vaste besluit gemaak het om ’n besigheid te begin en oor ’n aansienlike tydperk geld spandeer het ter voorbereiding om

die besigheid te begin, het die belastingpligtige nogtans nie in 'n bedryf getree nie en totdat die besigheid as 'n lopende saak begin funksioneer, sal dit nie aftrekbaar wees nie. Volgens Warneke (2011) is daar in die Verenigde Koninkryk saak *J.&R. O'Kane & Co v The CIR* 12 TC 303 (HL) bevind dat om 'n winkel oop te hou was noodsaaklik in die bedryf van die van 'n verkoper van goedere. In terme van Interpretasie Nota 33 (2014:5) dui SARS aan dat hul elke saak op meriete sal beslis om te bepaal of 'n maatskappy 'n bedryf beoefen al dan nie.

Marais (2004:23) beklemtoon egter dat die Suid-Afrikaanse howe wel met verloop van tyd 'n aantal riglyne gegee het wat die belastingpligtige kan help om te bepaal of 'n bedryf beoefen word of nie. Die riglyne kan kortliks opgesom word as:

- i) positiewe aksie en kontinuïteit;
- ii) bedoeling;
- iii) bedryf van 'n onderneming;
- iv) beoefening van 'n besigheid; en
- v) geïsoleerde transaksies

Volgens Brincker (2011:H-9) bestaan daar nie duidelikheid of artikel 11A verwys na die totstandkoming van 'n splinternuwe bedryf of die uitbreiding van 'n belastingpligtige se bestaande bedryf nie. Brincker (2011:H-9) stel dit dat dieselfde inkomstebelastinghantering nogtans moet geld vir so 'n uitbreiding, al is dit nie 'n nuwe bedryf wat deur die belastingpligtige beoefen word nie. Interpretasie nota 51 (2009:8) poog om duidelikheid te gee rakende hierdie vraag deur die gevolgtrekking te maak dat wanneer 'n belastingpligtige 'n bestaande besigheid uitbrei deur die skepping van 'n bate vir die besigheid, die uitgawes so aangegaan, voordat die bate in gebruik geneem is, van 'n kapitale aard is en nie aangegaan is in die voortbrenging van inkomste van die bestaande bedryf nie. 'n Nuwe bedryf word dus "geskep" wanneer 'n bestaande bedryf uitgebrei word. Die riglyne sal in ag geneem moet word wanneer bepaal word of die uitbreiding van 'n bestaande besigheid die totstandkoming van 'n nuwe bedryf is al dan nie.

Marais (2004:24) maak die stelling dat 'n maatskappy 'n bedryf beoefen selfs al word daar net een enkele transaksie aangegaan in die betrokke jaar van aanslag. Marais (2004:24) haal *Smith v Anderson* 1880 15 ChD 247 aan waar Jessel R beslis het dat 'n maatskappy wat vir 'n spesifieke doel opgerig is, onmiddellik beskou sal word as 'n besigheid wat 'n bedryf beoefen, indien die oprigtingsdoel nagestreef word. Schultz JA het obiter in *Robin Consolidated* op bladsy 206 in sy toespraak beklemtoon dat selfs indien die onderneming

nog net voorbereidingswerk gedoen het voor die begin van die bedryf, dat die aangaan van sulke kostes beteken dat daar reeds 'n bedryf beoefen is. Die regter se obiter aanmerking is soos volg:

“In year one a retailer acquires premises, employs staff and buys stock, but does not open his doors until the beginning of year two. On the authority of Sub-Nigel v CIR 1948 (4) SA 580 (4) at 589-590 he would clearly be entitled to deduct the expenditure incurred in year one from revenue earned in year two.”

Onderskeid word na aanleiding hiervan getref tussen voorbereidingsaktiwiteite en voor bedryfsuitgawes. Voorbereidingsaktiwiteite uitgawes kan gesien word as om aangegaan te wees in die beoefening van 'n bedryf. Brincker (2011:H-10) dui aan uitgawes wat aangegaan is in die voorbereiding van 'n bedryf wel die begin van 'n bedryf kan wees. Die belastingpligtige moet kan aandui dat hy gereed is om dienste te voorsien, met ander woorde hul het hul deure oopgemaak vir besigheid. Die bedoeling van die belastingpligtige tydens die aangaan van 'n transaksie is ook van belang tydens die bepaling van of 'n bedryf beoefen word of nie (*CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 (4) SA 39 (A), 54 SATC 271).

Clegg (2012) maak die volgende gevolgtrekking dat 'n bedryf begin wanneer die stigters van die besigheid ten minste een bate of hulpbron aangeskaf het wat noodsaaklik is vir die gebruik in die bedryf in die toekoms. Die bate mag fisies wees, soos byvoorbeeld toerusting, of iets nie-tasbaar wees soos 'n permit, 'n kontrak, die indiensneming van personeel of die aankoop van handelsvoorraad. Indien so 'n bate of hulpbron in plek is, sal alle uitgawes aangegaan in besigheid verwante transaksies, selfs al is dit van 'n voorbereidingsaard, aangegaan wees tydens die beoefening van 'n bedryf in die huidige jaar van aanslag.

SARS (Interpretasie nota 51, 2009:7) redeneer egter weer dat waar uitgawes en onkoste aangegaan is op 'n bate wat nog nie in die beoefening van 'n bedryf gebruik word nie, dat hierdie uitgawes en onkoste van 'n kapitale aard is. Dit is vanweë die feit dat die bestaande besigheid uitgebrei word deur die skepping van 'n bate vir die gebruik in die besigheid. Dit volg dan dat indien die koste aangegaan is om 'n kapitale bate te skep, dit van kapitale aard is terwyl indien dit aangegaan is vir operasionele uitgawes, dit van 'n inkomste aard is. Interpretasie nota 51 (2009:8) se bevinding is dat die uitbreiding van 'n

bestaande besigheid, en die onkoste en verliese aangegaan voor die ingebruikneming van 'n bate, van kapitale aard is en nie aangegaan is in die beoefening van 'n bedryf nie.

3.8 Gevolgtrekking en samevatting rakende die aanvang van beoefening van 'n bedryf

Die totstandkoming van die beoefening van 'n bedryf word wyd omskryf. Die bepaling van wanneer 'n bedryf in aanvang neem is 'n feitevraag wat deur die howe bepaal moet word. Clegg (2012) dui ook sy kommer aan dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens Kommissaris geen duidelike standpunt ingeneem het rakende wanneer 'n bedryf beoefen word nie. Riglyne is egter deur die howe neergelê deur vorige regsbeslissinge wat die belastingpligtige sal help om te bepaal of die beoefening van 'n bedryf wel alreeds in aanvang geneem is.

Dit wil wel voorkom dat waar 'n kapitale bate tot stand gebring word ter voorbereiding van die beoefening van 'n bedryf, daar aangevoer kan word dat 'n bedryf nog nie beoefen word nie. Tot die tydskop waarop die bedryf in aanvang neem, sal artikel 11A geld in terme van leningkommissie omrede artikel 24J nie 'n verwysing het dat die items van 'n kapitale aard moet wees nie. Indien die howe sou bevind dat daar wel 'n beoefening van 'n bedryf was tydens die uitbreiding van 'n bestaande besigheid, sal artikel 11 irrelevant wees weens die feit dat artikel 24J van toepassing is.

Hoofstuk 4: Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië

4.1 Inleiding¹

Die doel van hierdie hoofstuk is om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die buiteland, spesifiek die Verenigde Koninkryk en Australië, te bestudeer en om te bepaal of die hantering daarvan moontlik byval sal vind by die Suid-Afrikaanse hantering van leningskommissie vir belastingdoeleindes. Dit kan moontlik lei tot die daarstelling van riglyne vir Suid-Afrika oor die inkomstebelastinghantering van leningskommissie.

Die hoofstuk sal 'n oorsigtelike bestudering van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk sowel as in Australië bevat. Daar sal gepoog word om 'n gemeenskaplike ooreenkoms tussen hierdie twee lande se inkomstebelastinghantering van leningskommissie te vind en te vergelyk met Suid-Afrika se hantering daarvan.

Ter afsluiting sal hoofstuk 4 'n opsomming gee van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in beide die Verenigde Koninkryk en Australië, waar relevant. Die doel sal bereik word deur die volgende struktuur en uiteensetting aan die hoofstuk te verleen:

- Motivering vir die gebruik van die Verenigde Koninkryk en Australië as voorbeelde van inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die buiteland;
- Agtergrond en tersaaklike bespreking van die struktuur en werking van die inkomstebelastingwetgewing, praktyk en regspraak in die Verenigde Koninkryk en Australië, wat relevant is tot hierdie studie;
- Bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië.

4.2 Motivering vir die gebruik van die Verenigde Koninkryk en Australië as voorbeelde van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die buiteland

Die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingstelsel, en die Suid-Afrikaanse howe se interpretasie daarvan, is tot in 'n groot mate beïnvloed deur die howe se uitspraak in beide die Verenigde Koninkryk en Australië. Meyerowitz (2008) beklemtoon die invloed van

¹ Die struktuur van hierdie hoofstuk berus op die struktuur van Willemse (2011) se vierde hoofstuk.

hierdie lande se regsuitsprake op ons inkomstebelastingstelsel deur na die volgende te verwys:

“English cases have influenced the development of the South African income tax jurisprudence to a considerable extent. The accepted expression of "an operation of business in carrying out a scheme for profit-making" as the test for the non-capital nature of proceeds from a sale is taken from the decision in Californian Copper Syndicate v IR1(80) as approved by the House of Lords in TC v Melbourne Trusts.²⁽⁸¹⁾ The principle of the literal interpretation of taxation statutes is derived from the decision in Partington v Attorney-General³⁽⁸²⁾ and Cape Brandy Syndicate v Inland Revenue Commissioners.⁴⁽⁸³⁾ Even the rule of Venter v R⁵⁽⁸⁴⁾ is based on an English case.⁶⁽⁸⁵⁾ Occasionally American cases, too, have been referred to,⁷⁽⁸⁶⁾ and in many instances Australian decisions are cited, which can be explained by the fact, mentioned in the remarks on the history of the legislation, that the first Income Tax Act of the Republic was modelled on the Income Tax Act of New South Wales.”

Weens hierdie noue verwantskap tussen ons howe se uitsprake met die van die howe in die Verenigde Koninkryk en Australië, word die siening gehuldig dat die twee lande geskik is om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie mee te vergelyk. Die studie gaan kortliks die individuele toepaslikheid van die Verenigde Koninkryk en Australië bespreek om ten hulp te wees met die bepaling van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie.

4.2.1 Verenigde Koninkryk

Die Verenigde Koninkryk vorm deel van die Statebond (Member countries, [s.a]), waarvan Suid-Afrika weer sedert 1994 'n lid is nadat lidmaatskap in 1961 opgeskort is. Die Statebond se historiese waarde lê in die feit dat die meeste lande wat lede is kolonies van die Verenigde Koninkryk was (Our history, [s.a]). Die Verenigde Koninkryk is verder ook lid van die “Organization for Economic Co-Operation and Development” (“OECD”) (Members and Partners - OECD, [s.a.]). Suid-Afrika is tans nie 'n lid van die OECD nie, maar is betrokke by van die OECD se projekte (South Africa and the OECD, [s.a.]).

Die Verenigde Koninkryk word verder ook gesien as 'n welvarende land (OECD Better Life Index United Kingdom, [s.a.]). Die inwoners van die Verenigde Koninkryk verdien gemiddeld meer as die gemiddelde inkomste van inwoners in die OECD. Laastens, soos

hierbo verwys deur Meyerowitz in die inleiding tot die hoofstuk, het die hofuitsprake en die uitleg van die hofe in die Verenigde Koninkryk aansienlike leiding verskaf in die regsuitspraak en skepping van regspreident in Suid-Afrika. Dit sal dus toepaslik wees om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk te vergelyk met Suid-Afrika om die mate te bepaal waarin beginsels, soos gevind in die Verenigde Koninkryk, sinvol in Suid-Afrika toegepas kan word.

4.2.2 Australië

Willemse (2011:38) dui aan dat Australië beskou kan word as 'n ontwikkelde eerstewêreldland wat globale aansien geniet op ekonomiese sowel as sosiale ontwikkelingsgebied (Australia: World Audit Democracy Profile, [s.a.]). Australië is verder ook 'n lid van die OECD wat toonaangewers is met betrekking tot die daarstel van eenvormige ekonomiese standaarde en toepassing van gesonde deurdagte ekonomiese praktyke, onder andere in die gebiede van ekonomie, belasting en rekeningkunde (Member countries, [s.a.]). Bogenoemde eienskappe van Australië maak dit geskik om deel te vorm van die bespreking van die internasionale inkomstebelastinghantering van leningskommissie in hierdie studie.

Willemse (2011:38) gaan verder deur die siening te huldig dat Suid-Afrika oor gesonde en stewige handelsbande met Australië beskik. Willemse (2011:38) meen dat die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingwetgewing verskeie ooreenkomste met die Australiese inkomstebelastingwetgewing toon vanweë die feit dat beide hierdie lande voormalige Britse Kolonies is, en daar dus 'n sterk Britse invloed te bespeur is by die ontwikkeling van hierdie lande se inkomstebelastingwetgewing.

Inkomstebelasting is voor 1910 slegs gehef op individue en maatskappye in die Kaapkolonie sowel as in Natal (Williams, 2010). Die eerste inkomstebelastingwet vir die hele Suid-Afrika het in 1914 in werking getree. Die wet was genaamd die Inkomstebelastingwet van 1914. Hierdie wetgewing was gebaseer op Australiese wetgewing in die vorm van die New South Wales Act (*ITC 1634 60 SATC 235*). Sedert die gebruik daarvan in 1914, is daar verskeie wysigings aan en konsolidasies aan die wet gemaak (Haupt, 2014:5). Die feit dat Suid-Afrika se Inkomstebelastingwetgewing sy oorsprong grootliks te danke het aan Australiese Inkomstebelastingwetgewing, dien as verdere motivering vir die gebruik van Australië as onderwerp in hierdie studie.

4.3 Agtergrond en tersaaklike bespreking van die struktuur en werking van die inkomstebelastingwetgewing, relevante praktyk en regspraak in die Verenigde Koninkryk en Australië

Dit is wel belangrik om voor die aanvang van die bespreking van die inkomstebelastinghantering soos gevind in die buiteland, daarop te let dat verskeie handboekskrywers en vorige hofuitsprake skepties is oor hierdie praktyk. De Koker & Williams (2014), by paragraaf 25.4, het die volgende hieroor opgemerk:

“As regards the effect of foreign decisions, the courts have frequently pointed out that the income tax decisions of other countries must be cautiously approached owing to the difference in the basis of taxation applicable in foreign countries. In referring to such decisions, therefore one must always bear in mind that they may be based upon a differently worded statute from the statute under consideration. They may, however, be most valuable and may very well influence South African courts, particularly when they deal with a point of law that also occurs in the South African Act.”

Die Suid-Afrikaanse hof het dus beklemtoon dat die inkomstebelastinghantering soos gevind in die buiteland nie in alle gevalle sal ooreenstem met die inkomstebelastinghantering in Suid-Afrika nie. Dit is weens die feit dat die belastingstelsels van Suid-Afrika en die buiteland nie altyd sal ooreenstem nie. Meyerowitz (2008) maak in *Income Tax* paragraaf 3.26 die stelling dat die uitsprake van hofe in die buiteland nie slegs blindelings in Suid-Afrika gevolg moet word nie.

“However, if one bears in mind that the imposition of income tax is based on statute law, one will readily appreciate that the decisions of English or other courts cannot be followed without qualification. If the wording of the statutory provision with which the quoted cases deal is not similar to the South African one, the decision cannot be applied. In Bailey v CIR,8(87) the Appellate Division refused to apply an English case as the English provision considered there differed from the corresponding section of the South African Income Tax Act. Tindall JA, in Rhodesian Metals Ltd (in liquidation) v CoT,9(88) made the following remark:

'Mr Ramsbottom relied on a series of English cases, of which Grainger & Son v Gough, (1896) AC 325 and Lovell & Christmas Ltd v CoT (1908) AC 46, are

examples, in support of the contention that, where the business consists of buying and selling, the business is located where the sales take place and, therefore, the source of the profit is at such place. I do not think that these decisions necessarily apply to the present case. In Grainger & Son v Gough the words in the Statute were "from any trade exercised within the United Kingdom". Under the Rhodesian statute the inquiry is concerned with the "source" of the profit."

Daar kan aan die hand van die regter se uitspraak aanvaar word dat indien die bewoording in die Wet nie ooreenstem met die buitelandse wetgewing nie, dieselfde betekenis nie daaraan gegee kan word nie. Die regter in *Pyott Ltd v CIR* 1945 AD 128, 13 SATC 121 op bladsy 136 het die volgende gevolgtrekking gemaak rakende die gebruik van buitelandse presedent in die uitleg van inkomstebelastingbepalings in Suid-Afrika:

"In Commissioner for Inland Revenue v Delfos (1933 AD at p 254), WESSELS, C.J went so far as to say that: "cases decided in other countries where the definition of income or gross income is not identical with the definition in our Act cannot be of any assistance to us in interpreting the definition ". I am not prepared to go so far as that, but I will say that the decisions of other countries must be cautiously approached, with a due appreciation of any difference in the basis of taxation and that, when they are so approached, it may be found --- as is, in my opinion, the position here --- that they are inapplicable to the case under consideration. Were that not so, then it would have been unnecessary for counsel to attempt, by a line of reasoning which I have already held to be quite untenable, to exclude this £9,000 initially from the definition of "gross income", as he was bound to do if his contention was to succeed."

Daar kan dus aan die hand gedoen word dat dit sinvol sal wees om die inkomstebelastinghantering van lande met inkomstebelastingstelsels soortgelyk aan Suid-Afrika te bestudeer. Dit moet egter nie buite rekening gelaat word dat die onderskeie lande se inkomstebelastingwetgewing verskil en dus verskillende uitsprake wel verkry word in die lande se onderskeie howe rakende dieselfde inkomstebelastingbeginsel nie.

4.3.1 *Verenigde Koninkryk*

Die Verenigde Koninkryk se belastingstelsel word beheer deur drie verskillende vlakke (Jelfs, 2010:2). Die vlakke is statutêre wetgewing, gemene reg en praktyk van *HM Revenue & Customs* ("HMRC"). Die HMRC kan verder praktyknotas, wat as riglyne dien, ter enige tyd uitbring en praktyknotas verander soos wat dit relevant is gedurende die jaar van aanslag.

Die Statutêre wetgewing word, net soos in Suid-Afrika, deur die Parlement bepaal terwyl die gemene reg geskep word deur beslissings van die Verenigde Koninkryk se howe (The Legal System of the United Kingdom, [(s.a.)]). Die hoogste hof van appèl is die Hooggeregshof van die Verenigde Koninkryk (Avery, [s.a.]). Die beslissings deur hierdie hof is bindend op alle laer howe. Nie alle sake wat voor regters verskyn, word spesifiek deur wetgewing geregleer nie (Avery, [s.a.]), wat van die regters vereis om 'n beslissing te maak gegrond op hul eie interpretasie. Die beslissing skep 'n regsbeginsel wat van toepassing is op die publiek totdat statutêre wetgewing deur die Parlement geskep word om die gemene reg beginsels te verander (Avery, [s.a.]). Dus kan die gemene reg gesien word as wetgewing wat deur die howe gemaak is (Avery, [s.a.]). Laastens, soos reeds bespreek, is die HRMC verantwoordelik vir die toepassing van die wetgewing in die praktyk en voorsiening van riglyne vir die belastingpligtiges.

Die verskeie belastingstelsels wat in die Verenigde Koninkryk gevind word, word deur Browne en Rowntree (2012) gelys as:

- Inkomstebelasting;
- Nasionale Versekering Bydraes ("National Insurance contributions");
- Belasting op toegevoegde waarde;
- Kapitaalwinstbelasting
- Maatskappybelasting;
- Ander indirekte belasting (meestal doeane en aksyns).

Daar word 'n onderskeid getref tussen inkomstebelasting en maatskappybelasting in die Verenigde Koninkryk se belastingwetgewing. Waar beide persoonlike en maatskappybelasting in een wet in Suid-Afrika vervat is, word hierdie twee belasting deur aparte wetgewing geregleer in die Verenigde Koninkryk. Die *Income Tax (Trading and other Income) Act 2005* ("ITTO5") is van toepassing op individue terwyl die *Corporation*

Tax Act 2009 (“CTA09”) van toepassing is op maatskappye. Die studie handel slegs oor die inkomstebelasting en maatskappybelasting komponente.

Artikel 3(a) van die *ITTO5* hef belasting op die belasbare winste van die beoefening van 'n bedryf, professie of beroep. Die winste word bereken volgens artikel 25(1) in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. Die winste is onderhewig aan sekere beperkings in terme van die *ITTO5*. Die beperkings, in terme van artikels 33 en 34, sluit hoofsaaklik items van 'n kapitale aard in, sowel as onkoste wat geheel en uitsluitlik aangegaan is ter voortbrenging van inkomste.

Artikel 1(1) van die *CTA09* dui aan dat korporatiewe belasting gehef word op die inkomste en belasbare winste van maatskappye. In terme van die *CTA09* artikel 46(1) word die belasbare inkomste bepaal aan die hand van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. Die bedrag só bereken is wel onderhewig aan spesifieke aanpassings soos deur die *CTA09* bepaal. Uitgesluit by die berekening van die belasbare inkomste, is items van 'n kapitale aard en uitgawes wat aangegaan is nie geheel en al ter voortbrenging van inkomste is nie. Die uitsluitings word gevind in artikel 53 en artikel 54 onderskeidelik.

Daar word dus aan die hand gedoen dat die transaksies se inkomstebelastinghantering in terme van persoonlike inkomstebelasting asook korporatiewe inkomstebelasting moet volg op die hantering daarvan in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. Daar word verder ook aangevoer dat daar bepaal moet word, indien die onkoste aftrekbaar is in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels, of die uitgawes nie voldoen aan enige uitsluitings soos gevind in die *ITTO5* en *CTA09* wat verhoed dat dit afgetrek mag word vir inkomstebelastingdoeleindes nie.

4.3.2 Australië

Willemse (2011:39) maak die stelling, wat ooreenstem met die bespreking van die Verenigde Koninkryk hierbo, dat daar drie vlakke van inkomstebelastingwetgewing in Australië bestaan, naamlik statutêre wetgewing, gemene reg beginsels asook die praktyk wat deur die *Australian Tax Office* (“ATO”) verskaf word as riglyne vir die Australiese belastingpligtiges. Dit stem ooreen met die vlakke soos gevind in die Suid-Afrikaanse konteks, met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens wat die rol van die ATO in Suid-Afrika vervul. Willemse (2011:40) verwys ook in sy studie na die hiërargie van die Australiese regstelsel en bespreek kortliks die werk daarvan soos volg:

“Die hiërargie van die Australiese howe speel ’n belangrike rol in die uitleg van inkomstebelastingwetgewing. Volgens Woellner et al., (2004:54) is die presedenteleer van krag in Australië. Die presedenteleer bepaal dat die beslissing van ’n hoër hof dié van ’n laer hof in die hiërargie bind. Die omgekeerde kan egter nooit geld nie, met ander woorde die beslissings van ’n laer hof kan nooit ’n hoër hof bind nie. ’n Laer hof beslissing mag egter oorredend wees. Die hiërargie van die Australiese howe vir inkomstebelastingdoeleindes (van laag na hoog) is die “Administrative Appeals Tribunal” (soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse Belastinghof), die “Federal Court” (soortgelyk aan die Hooggeregshof in Suid-Afrika) en die “High Court of Australia” (soortgelyk aan die Appèlhof in Suid-Afrika).”

Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die hoogste gesag in Australië rakende die hantering van inkomstebelasting aangeleentheid die Hooggeregshof is, gevolg deur die Federale hof en laastens die Administratiewe appèltribunaal is. Soos gevind in die Verenigde Koninkryk, word die statutêre wetgewing bepaal deur die land se parlement. Die gemene reg uitleg geskied deur die bevindinge wat deur die howe gemaak is gebaseer op die land se inkomstebelastingwetgewing. Die ATO is aanspreeklik vir die dag tot dag bestuur van die inkomstebelastingwetgewing in Australië en reik ook riglyne en praktyknotas uit om hierdie doel te bereik.

Die Australiese belastingwetgewing wat sinvol is om te bestudeer met betrekking tot hierdie studie is die “*Income Tax Assessment Act 1997*” (“ITAA97”) en “*Income Tax Assessment Act 1936*” (“ITAA36”). Die werking van die Australiese wetgewing, soos vervat in die ITAA97, word kortliks deur Gilders, Taylor, Walpole, Burton en Ciro (2012:31) bespreek. Volgens hul verteenwoordig artikel 1 van die ITAA97 die hoofbeginsels van die wet en bestaan dit uit artikel 1-1 tot artikel 1-12. Artikel 4-1 hef belasting op belastingpligtiges en beklemtoon dat inkomstebelasting betaalbaar is deur elke individu en maatskappy, asook sommige ander entiteite. Die bepaling van ’n belastingpligtige se belastingaanspreeklikheid word geformuleer in artikel 4-10(3). Die bepaling dui aan dat die belastingaanspreeklikheid bereken word deur die belasbare inkomste te vermenigvuldig met die belastingkoers. Hiervan moet sekere items afgetrek word (“tax offsets”). Artikel 4-15 bepaal dat belasbare inkomste bereken word as aanslaanbare inkomste (“assessable income”) minus die toelaatbare aftrekkings. Die omskrywing van aanslaanbare inkomste word gevind in artikel 6 van die ITAA97. Aanslaanbare inkomste bestaan volgens ITAA97 artikel 6-1 uit gewone inkomste sowel as statutêre inkomste. In ooreenstemming met Suid-

Afrika, word sekere aanslaanbare inkomste en statutêre inkomste gesien as vrygestelde inkomste wat vrygestel is van inkomstebelasting. Hierdie tipes inkomstes word gevind in artikel 11 van die ITAA97.

Die ITAA97, tesame met ITAA36, bevat bepalings wat die toelaatbare aftrekkings aandui (Gilders *et al.*, (2012:32)). Hierdie aftrekkings bestaan uit beide die algemene aftrekkingsformule, soos gevind in artikel 8-1, en spesifieke aftrekkingsbepalings soos gevind in artikel 8-5. Artikel 8-1(1) van die ITAA97 stem grootliks ooreen met die Suid-Afrikaanse benadering. Hierdie artikel bepaal die volgende:

“You can deduct from your assessable income any loss or outgoing to the extent that: it is incurred in gaining or producing your assessable income; or it is necessarily incurred in carrying on a business for the purpose of gaining or producing your assessable income.”

’n Verdere ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingwetgewing word in artikel 8-1(2) gevind wat bepaal dat uitgawes en verliese van ’n kapitale aard nie aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes nie.

“However, you cannot deduct a loss or outgoing under this section to the extent that: it is a loss or outgoing of capital, or of a capital nature; or it is a loss or outgoing of a private or domestic nature; or it is incurred in relation to gaining or producing your exempt income; or a provision of this Act prevents you from deducting it.”

Die aftrekking-artikels 8-1 en 8-5 lees soos volg:

“8 – 1 General deductions

- (1) You can deduct from your assessable income any loss or outgoing to the extent that:
- a) it is incurred in gaining or producing your assessable income; or
 - b) it is necessarily incurred in carrying on a business for the purpose of gaining or producing your assessable income.

- (2) However, you cannot deduct a loss or outgoing under this section to the extent that:
- a) it is a loss or outgoing of capital, or of a capital nature; or
 - b) it is a loss or outgoing of a private or domestic nature; or
 - c) it is incurred in relation to gaining or producing your exempt income or your non-assessable non-exempt income; or
 - d) a provision of this Act prevents you from deducting it.
- (3) A loss or outgoing that you can deduct under this section is called a general deduction.

8 – 5 Specific deductions

- (1) You can also deduct from your assessable income an amount that a provision of this Act (outside this Division) allows you to deduct.
- (2) Some provisions of this Act prevent you from deducting an amount that you could otherwise deduct, or limit the amount you can deduct.
- (3) An amount that you can deduct under a provision of this Act (outside this Division) is called a specific deduction.”

Willemse (2011:41) bevestig die siening, soos gehuldig in hoofstuk 2, dat aftrekkings slegs geëis kan word in terme van die algemene aftrekkingsformule indien dit nie aftrekbaar is in terme van 'n spesifieke bepaling nie. Hierdie regsbeginsel, soos bespreek in hoofstuk 3, staan bekend as *generalia specialibus non derogant*. Willemse gaan voort deur aan te dui dat hierdie aftrekking egter nie toelaatbaar is in gevalle waar so 'n aftrekking deur enige bepaling in die Inkomstebelastingwet verbied word nie. Dus sal die studie moet bepaal of daar enige spesifieke bepaling is wat die aftrekbaarheid van leningskommissie in Australië reguleer en of enige van hierdie aftrekkings deur ander bepalings verbied word.

4.4 Bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk

4.4.1 Individue

Vir die doeleindes van die studie en die bespreking rondom die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk, is dit belangrik om daarop te let dat daar 'n onderskeid getref word tussen die inkomstebelastinghantering van hierdie onkoste deur 'n eenmansaak en 'n maatskappy (HM Revenue & Customs Capital v Revenue Expenditure Toolkit, 2014:13). Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die inkomstebelastingwetgewing in die Verenigde Koninkryk verdeel word tussen inkomstebelasting wat op maatskappye en individue van toepassing is.

Die studie se fokus sal eerstens val op die inkomstebelastinghantering van leningskommissie vir individue. Spesifieke bepalings in die Verenigde Koninkryk se inkomstebelastingwetgewing bevat spesifieke bepalings wat die inkomstebelastinghantering van leningskommissie uiteensit. Die artikels wat die individu se inkomstebelastinghantering bevat vir leningskommissie in die Verenigde Koninkryk is artikels 58 en 59. Artikel 59 verwys na omskepbare lenings wat nie deel vorm van hierdie studie nie. Artikel 59 word dus uitgesluit by die bespreking in hierdie studie. Artikel 58 van die *ITTO5* lees soos volg:

58 Incidental costs of obtaining finance

- (1) In calculating the profits of a trade, a deduction is allowed for incidental costs of obtaining finance by means of—
- (a) a loan, or
 - (b) the issue of loan stock,

if the interest on the loan or stock is deductible in calculating the profits of the trade.

- (2) Incidental costs of obtaining finance means expenses—
- (a) which are incurred on fees, commissions, advertising, printing and other incidental matters, and
 - (b) which are incurred wholly and exclusively for the purpose of obtaining the finance, providing security for it or repaying it.
- (3) Expenses incurred wholly and exclusively for the purpose of—
- (a) obtaining finance, or
 - (b) providing security for it,

are incidental costs of obtaining the finance even if it is not in fact obtained.

- (4) But the following are not incidental costs of obtaining finance—
- (a) sums paid because of losses resulting from movements in the rate of exchange between different currencies,
 - (b) sums paid for the purpose of protecting against such losses,
 - (c) the cost of repaying a loan or loan stock so far as attributable to its being repayable at a premium or having been obtained or issued at a discount, and
 - (d) stamp duty.
- (5) This section needs to be read with section 59 (which provides for restrictions in relation to convertible loans and loan stock etc.).

Die verklarende uitleg van die bogenoemde bepaling word gevind in die HMRC se verklarende memorandum (BIM45815 - Specific deductions - incidental costs of loan finance: expenses allowable, [s.a.]). Hierin word aangevoer dat die term *toevallige kostes* die verkryging van finansiering uitgawes aangaan op fooie, kommissies, advertensies, drukkoste en ander toevallige kostes, insluit.

BIM45815 – Specific deductions – incidental costs of loan finance: expenses allowable ([s.a.]) verwys daarna dat die volgende tipes toevallige kostes met die verkryging van finansiering normaalweg toelaatbaar sal wees om afgetrek te word in terme van inkomstebelastingwetgewing vir eenmansake:

- Regs- en professionele onkoste aangegaan vir die verkryging van lenings sowel as die voorbereiding van die leningsdokumentasie;
- Onderskrywingskommissies, makelaarsfooie asook 'n fooi op die reël van die lenings;
- Fooi vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite; en
- Fooi vir die waarborg van 'n lening.

Artikel 58 van die *ITTO5* bevat 'n aantal vereistes waaraan die belastingpligtige moet voldoen voordat bogenoemde toevallige onkoste afgetrek mag word vir inkomstebelastingdoeleindes. Eerstens, vir hierdie toevallige kostes, wat toevallig aangegaan is tydens die proses om 'n lening te bekom, om aftrekbaar te wees vir inkomstebelasting moet die rente wat betaalbaar is in terme van die lening ook aftrekbaar wees vir inkomstebelastingdoeleindes. Die toevallige kostes moet ook geheel en al en uitsluitlik aangegaan word vir doeleindes om die lenings te verkry. Artikel 58 van die *ITTO5* bepaal dat hierdie toevallige kostes wat aangegaan is, aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes al is die lenings nie opgeneem of verkry nie.

Dus omskryf die praktyknota van die HMRC leningskommissie as toevallige kostes aangegaan om 'n lening te verkry. *BIM45825 – Specific deductions - incidental costs of loan finance: commitment fees* ([s.a.]) bevat verdere uitklaring rondom die inkomstebelastinghantering van leningskommissie ingevolge artikel 58 van die *Income Tax (Trading and Other Income) Act 2005*. In terme van hierdie verklarende memorandum van die HMRC word daar aangedui dat fooie aangegaan vir die reël van 'n lening en wat betaalbaar is aan die makelaars, leningskommissie is. Die *BIM45825 – Specific deductions - incidental costs of loan finance: commitment fees* ([s.a.]) gaan voort om aan te dui dat hierdie kostes egter nie aftrekbaar sal wees vir inkomstebelastingdoeleindes as die finansiering 'n permanente deel uitmaak van die kapitaal van die onderneming nie. Die leningskommissie kan egter afgetrek word as dit gesien word as 'n tydelike koste asook 'n toevallige koste. Dit is bevestig deur die hof in die Verenigde Koninkryk in die saak *Ascot Gas Water Heaters Ltd v Duff* 24 TC 171 op bladsy 176 (*BIM45825 – Specific deductions - incidental costs of loan finance: commitment fees* [s.a.]

Inkomstebelastinghantering van voorproduksie uitgawes

Artikel 57 van die *ITT05* reguleer die inkomstebelastinghantering van uitgawes wat aangegaan is voor 'n bedryf in aanvang geneem het. Die artikel lees soos volg:

57 Pre-trading expense

(1) This section applies if a person incurs expenses for the purposes of a trade before (but not more than 7 years before) the date on which the person starts to carry on the trade (“the start date”).

(2) If, in calculating the profits of the trade—

- (a) no deduction would otherwise be allowed for the expenses, but
- (b) a deduction would be allowed for them if they were incurred on the start date,

the expenses are treated as if they were incurred on the start date (and therefore a deduction is allowed for them).

Die verklarende memorandum *BIM46351 - Specific deductions: pre-trading expenditure: scope* ([s.a.]) dui aan dat artikel 57 van toepassing sal wees op alle uitgawes, mits die uitgawes binne sewe jaar voor die aanvang van die bedryf aangegaan is. Verder moet die uitgawes ook aftrekbaar wees indien daar wel 'n bedryf beoefen is toe dit aangegaan is. *BIM46351 - Specific deductions: pre-trading expenditure: scope* ([s.a.]) beklemtoon dat die uitgawes ten volle aangegaan moes gewees het ter beoefening van die bedryf en dat die uitgawes nie van 'n kapitale aard mag wees nie. In terme van *BIM46355 - Specific deductions: pre-trading expenditure: relief* [s.a.] is artikel 57 slegs van toepassing op die persoon wat die uitgawes aangegaan het en slegs wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang geneem het.

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 57 van *ITT05* in wese ooreenstem met artikel 11A van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet deurdat beide artikels aftrekkings toelaat vir uitgawes aangegaan voor die beoefening van 'n bedryf wat wel aftrekbaar sou gewees het as die bedryf op die tydstop van die aangaan van die uitgawes wel beoefen is. Die groot verskil lê egter in die feit dat items van 'n kapitale aard nie aftrekbaar is in terme van artikel 57 van die *ITT05* nie, terwyl artikel 11A die aftrekking van artikel 24J toelaat wat moontlik kapitale items kan insluit. Die aard van die lening wat aangegaan is, is dus

kritiek tot die beantwoording van die feitevraag en sal deur die howe in die Verenigde Koninkryk beslis word gebaseer op hul inkomste teenoor kapitaal gemene reg beginsels.

4.4.2 Maatskappye

Maatskappye se inkomstebelastinghantering word deur die *CTA09* gereguleer. Die inkomstebelastinghantering van uitgawes verwant aan lenings word hanteer in terme van *CTA09* Deel 5 ("Part 5") Hoofstuk 3 ("Chapter 3") (*CFM30170 - Loan relationships: a short guide: how are taxable amounts computed?* [s.a.]).

Artikel 307(2) van *CTA09* stel dit dat die "debiete" en "krediete", wat verwys na die inkomste en uitgawes in terme van die lenings, bepaal moet word aan die hand van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels, soos vervat in "International Financial Reporting Standards" ("*IFRS*") en gevolglik die toepaslike "International Accounting Standards" ("*IAS*"). Artikel 307 van die *CTA09* sien soos volg uit:

307 General principles about the bringing into account of credits and debits

- (1) This Part operates by reference to the accounts of companies and amounts recognised for accounting purposes.
- (2) The general rule is that the amounts to be brought into account by a company as credits and debits for any period for the purposes of this Part are those that are recognised in determining the company's profit or loss for the period in accordance with generally accepted accounting practice.
- (3) The credits and debits to be brought into account in respect of a company's loan relationships are the amounts that, when taken together, fairly represent for the accounting period in question—
 - (a) all profits and losses of the company that arise to it from its loan relationships and related transactions (excluding interest or expenses),
 - (b) all interest under those relationships, and
 - (c) all expenses incurred by the company under or for the purposes of those relationships and transactions.

- (4) Expenses are only treated as incurred as mentioned in subsection (3)(c) if they are incurred directly—
 - (a) in bringing any of the loan relationships into existence,
 - (b) in entering into or giving effect to any of the related transactions,
 - (c) in making payments under any of those relationships or as a result of any of those transactions, or
 - (d) in taking steps to ensure the receipt of payments under any of those relationships or in accordance with any of those transactions.
- (5) For the treatment of pre-loan relationship and abortive expenses, see section 329.
- (6) Subsection (2) is subject to the provisions of this Part and, in particular, subsection (3).

Kwalifiserende kostes, in terme van die lenings, sal dus afgetrek word aan die hand van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. *CFM30170 - Loan relationships: a short guide: how are taxable amounts computed?* ([s.a.]) dui aan dat IAS voldoen aan die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels soos gevind in die *CTA09*.

Artikel 307(4)(a) verwys na uitgawes wat aangegaan is om 'n leningsverhouding in plek te kry. Die praktyknota van die HMRC, *CFM33060 - Loan relationships: computational rules: expenses allowed as debits* ([s.a.]), beklemtoon duidelik in artikel 307(4) die relevante uitgawes wat aangegaan is om 'n leningsverhouding daar te stel. Voorbeelde van sulke tipes uitgawes word gegee as die *fooi op die reël van die lening* en *waarborgfooie* of kommissie betaalbaar vir die toestaan van 'n waarborg. *CFM33060 - Loan relationships: computational rules: expenses allowed as debits* ([s.a.]) stel dit duidelik dat dié tipes uitgawes, soos gelys in hierdie skrywe, nie allesomvattend is nie en dat ander uitgawes ook moontlik by hierdie bepaling ingereken kan word. Daar kan aan die hand gedoen word dat die *fooi* vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite asook *ondersoekfooie*, soos bespreek in hoofstuk 2, ook onder artikel 307(4)(a) sal val. Hierdie tipes uitgawes, soos genoem in artikel 307(4)(a), verwys na leningskommissie aangegaan en daar kan aan die hand gedoen word dat leningskommissie aftrekbaar is in die Verenigde Koninkryk in terme van artikel 307(4). Die aftrekking sal bereken word in terme van die IAS hantering

van leningskommissie (*CFM33020 - Loan relationships: computational rules: amounts 'fairly representing' profits and losses, [s.a.]*).

Die gevolgtrekking word ondersteun deur die HM Revenue & Customs Capital v Revenue Expenditure Toolkit (2014:13) wat dit duidelik stel dat hierdie kostes geallokeer moet word oor die termyn van die lening. Dit is soortgelyk aan die bepaling van artikel 24J in die Wet wat rente en verwante finansieringskoste versprei oor die termyn van die lening. *CFM33070 - Loan relationships: computational rules: generally accepted accounting practice (GAAP) [s.a.]* dui aan dat daar spesifiek na IAS 39 gekyk moet word rakende die inkomstebelastinghantering van hierdie onkoste.

IAS 39 *Financial Instruments: Recognition and Measurement* (2013:A1212) bepaal dat die effektiewe rentekoers-metode gebruik kan word in die bepaling van die rente aangegaan asook die toedeling van rente wat aangegaan is in terme van die lening oor die leeftyd van die finansiële bate of las. Die definisie van die effektiewe rentekoers lees as volg:

“The effective interest is the rate that exactly discounts estimated future payments or receipts through the expected life of the financial instrument or, when appropriate, a shorter period to the net carrying amount of the financial asset or financial liability. When calculating the effective interest rate, an entity shall estimate cash flows considering all contractual terms of the financial instrument (for example, prepayment, call and similar options) but shall not consider future credit losses. The calculation includes all fees and points paid or received between parties to the contract that are an integral part of the effective interest rate (see IAS 18 Revenue), transaction costs, and all other premiums or discounts.”

Leningskommissie word dus ingesluit by die definisie en berekening van die effektiewe rentekoers soos bepaal in IAS 39 (Keast, Lovell & Ives; 2006:13). Die leningskommissie aangegaan sal dus saam met rente oor die termyn van die instrument versprei moet word. Keast *et al.*, (2006:13) spreek die mening uit dat weens die feit dat leningskommissie oor die termyn van die lening afgetrek moet word vir inkomstebelastingdoeleindes, daar nie onmiddellike belastingverligting bestaan vir belastingpligtiges nie. Die beginsel stem in breë terme ooreen met artikel 24J wat aandui dat die rente en verwante finansieringskoste oor die termyn van die lening afgetrek moet word.

Inkomstebelastinghantering van voorproduksie-uitgawes

CTA09 artikel 306(2)(f) maak voorsiening vir die hantering van onkoste aangegaan voor lening aangegaan is, gekanselleer is, asook aangegaan voor aanvang van die beoefening van 'n bedryf. Dit hantering daarvan word spesifiek in artikel 329 en 330 uiteengesit. Die artikels lees soos volg:

329 Pre-loan relationship and abortive expenses

- (1) This section applies if—
 - (a) a company may enter into a loan relationship or related transaction but has not yet done so,
 - (b) it incurs any expenses for purposes connected—
 - (i) with entering into it, or
 - (ii) with giving effect to any obligation which might arise under it, and
 - (c) had the company entered into the relationship or transaction, the expenses would be expenses within section 307(3)(c).
- (2) The expenses are treated as expenses in relation to which debits may be brought into account in accordance with section 307(3) to the same extent as if the company had entered into the relationship or transaction.

330 Debits in respect of pre-trading expenditure

- (1) This section applies if—
 - (a) a non-trading debit is given for an accounting period of a company for the purposes of this Part, and
 - (b) within the period of 2 years beginning with the end of the period the company makes an election for the purposes of this section in respect of the debit.
- (2) The debit must not be brought into account for the purposes of this Part as a non-trading debit for that period.

- (3) Instead, if conditions A and B are met in respect of a trade, the debit—
 - (a) is treated for the purposes of this Part as if it were a debit for the accounting period in which the company begins to carry on the trade, and
 - (b) is to be brought into account in accordance with section 297(3) (trading debits).
- (4) Condition A is that the company begins to carry on the trade within the period of 7 years after the end of the accounting period for which a non-trading debit is given for the purposes of this Part.
- (5) Condition B is that that debit is such that, if it were given for the accounting period in which the company begins to carry on the trade, it would be brought into account by reference to that trade in accordance with section 297(3).

Artikel 329 van *CTA09* laat die aftrekking van onkoste toe wat aangegaan is in die proses om die lening te finaliseer en wat aftrekbaar sou gewees het as die lening reeds aangegaan was. Artikel 329 laat selfs sulke kostes toe as aftrekking al is die lening nie eens bekom of gebruik nie. *CFM33060 - Loan relationships: computational rules: expenses allowed as debits*, ([s.a.]) dui aan dat die kostes om 'n lening te verkry aftrekbaar sal wees in terme van hierdie artikel.

Artikel 330 van *CTA09* laat op sy beurt die belastingpligtige toe om die keuse uit die oefen om die debiete (leningskommissie) te hanteer as debiete wat aangegaan is wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem. Daar bestaan egter twee voorbehoudsbepalings deurdat die keuse eerstens binne twee jaar na die rekenkundige tydperk waarin dit aangegaan is, uitgeoefen moet word. Tweedens moet die beoefening van 'n bedryf ook in aanvang neem binne sewe jaar na die einde van die rekeningkundige periode waarin die uitgawes aangegaan is.

Geen onderskeid tussen kapitaal en inkomste word gemaak vir maatskappye in terme van Deel 5 van die *CTA09* wat die inkomstebelastinghantering van lenings hanteer nie. Dit is as gevolg van artikel 293(3) wat spesifiek aandui dat dié Deel verwys na winste en verliese van beide 'n kapitale aard en inkomste aard. Dit word beaam deur praktyknota *CFM30170 - Loan relationships: a short guide: how are taxable amounts computed?*, ([s.a.]). Daar word dus aan die hand gedoen dat voorproduksie-leningskommissie wat

aangegaan is, aftrekbaar sal wees vir inkomstebelastingdoeleindes in terme van artikel 330 van die *CTA09* sover as wat die keuse uitgeoefen word om die leningskommissie as debiete te hanteer wanneer daar begin word met die beoefening van 'n bedryf. Die beoefening van 'n bedryf moet ook binne sewe jaar na die aangaan van die leningskommissie in aanvang neem.

4.5 Bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in Australië

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie volgens die Australiese wetgewing is kompleks en is onlangs verander met die inwerkingtreding van die *Tax Laws Amendment (Taxation of Financial Arrangements) Act 2009* ("TOFA"). Dit verwys na die bepaling soos omskryf in Divisie 230 van die ITAA97 (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014)

ITAA97 Hoofstuk 3 Deel 3-10 Divisie 230 bevat die wetgewing rakende die inkomstebelastinghantering van finansiële transaksies in sekere gevalle in Australië. Die bepaling is nie verpligtend op individue en entiteite met 'n jaarlikse omset van minder as 100 miljoen Australiese dollars (hierna verwys na as "AUD" in die verhandeling), finansiële bates van minder as 100 miljoen AUD en bates minder as 300 miljoen AUD nie. Dimasi (2013:17), 'n ouditvennoot by Ernst & Young in Australië dui aan dat die belastingpligtiges wat nie verplig is om finansiële transaksies in terme van Divisie 230 te hanteer nie, wel kan kies of die reëls van TOFA op hul van toepassing sal wees. Hy dui ook aan dat belastingpligtiges wat kies om die TOFA reëls toe te pas ook kan kies om bestaande finansiële reëlings by die TOFA-reëls in te bring, al het hierdie finansiële reëlings ontstaan voor die inwerkingtreding van TOFA.

Die verskil tussen Divisie 230 in die ITAA97 in vergelyking met vorige wetgewing word deur D'Ascenzo ([s.a.]) verduidelik, toe hy nog die Kommissaris van belasting in Australië was. Die doel was om:

- die onderskeid tussen kapitaal en inkomste te verwyder;
- meeste winste en verliese op inkomste rekening te hanteer; en
- voorsien dat verliese aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes en winste belasbaar.

Die inkomstelastinghantering van winste en verliese gemaak in terme van 'n finansiële reëling, word in artikel 230-15 hanteer. Die bepaling lees soos volg:

Section 230 -15: Gains are assessable and losses deductible

Gains

230-15(1) Your assessable income includes a gain you make from a financial arrangement.

Losses

230-15(2) – You can deduct a loss you make from a financial arrangement, but only to the extent that:

- a) You make it in gaining or producing your assessable income;
or
- b) You necessarily make it in carrying on a business for the purpose of gaining or producing your assessable income.

Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die eerste stap in die bepaling van die inkomstelastinghantering van leningskommissie in Australië die bepaling is of die transaksie voldoen aan die omskrywing *finansiële reëling*. Die ITAA97, soos ook gevind in die Wet, beperk die aftrekking van 'n finansiële reëling sover as wat dit aangegaan is ter voortbrenging van inkomste of aangegaan in die beoefening van 'n bedryf met die doel om belasbare inkomste voort te bring.

'n Finansiële reëling word deur die Australiese wetgewing in artikel 230-45 sowel as 230-50 omskryf. Die omskrywing in artikel 230-50 verwys na 'n finansiële reëling gemaak in 'n reserwerekening en is dus nie van belang vir die doeleindes van hierdie studie nie en sal nie verder bespreek word nie. 'n Finansiële reëling word deur artikel 230-45 soos volg omskryf:

230-45(1) Financial Arrangement

You have a financial arrangement if you have, under an arrangement:

- a) a cash settable legal or equitable right to receive a financial benefit; or
- b) a cash settable legal or equitable obligation to provide a financial benefit; or
- c) a combination of one or more such rights and/or one or more such obligations;

unless:

- d) you also have under the arrangement one or more legal or equitable rights to receive something and/or one or more legal or equitable obligations to provide something; and
- e) for one or more of the rights and/or obligations covered by paragraph (d):
 - (i) the thing that you have the right to receive, or the obligation to provide, is not a financial benefit; or
 - (ii) the right or obligation is not cash settable; and
- f) the one or more rights and/or obligations covered by paragraph (e) are not insignificant in comparison with the right, obligation or combination covered by paragraph (a), (b) or (c).

The right, obligation or combination covered by paragraph (a), (b) or (c) constitutes the financial arrangement.

230-45(2) A right you have to receive, or an obligation you have to provide, a financial benefit is cash settable if, and only if:

- (a) the benefit is money or a money equivalent; or
- (b) in the case of a right - you intend to satisfy or settle it by receiving money or a money equivalent or by starting to have, or ceasing to have, another financial arrangement; or
- (c) in the case of an obligation - you intend to satisfy or settle it by providing money or a money equivalent or by starting to have, or ceasing to have, another financial arrangement; or

- (d) you have a practice of satisfying or settling similar rights or obligations as mentioned in paragraph (b) or (c) (whether or not you intend to satisfy or settle the right or obligation in that way); or
- (e) you deal with the right or obligation, or with similar rights or obligations, in order to generate a profit from short-term fluctuations in price, from a dealer's margin, or from both; or
- (f) none of paragraphs (a) to (e) applies but you satisfy subsection (3); or
- (g) you are able to settle the right or obligation as mentioned in paragraph (b) or (c) (whether or not you intend to satisfy or settle the right or obligation in that way) and you do not have, as your sole or dominant purpose for entering into the arrangement under which you are to receive or provide the financial benefit, the purpose of receiving or delivering the financial benefit as part of your expected purchase, sale or usage requirements.

A reference in paragraph (b) or (c) to a financial arrangement does not include a reference to something that is a financial arrangement under section 230-50.

230-45(3) You satisfy this subsection if:

- (a) the financial benefit is readily convertible into money or a money equivalent; and
- (b) there is a market for the financial benefit that has a high degree of liquidity; and
- (c) subsection (4) or (5) is satisfied.

230-45(4) This subsection is satisfied if, for the recipient of the financial benefit, the amount of the money or money equivalent referred to in paragraph (3)(a) is not subject to a substantial risk of substantial decrease in value.

230-45(5) This subsection is satisfied if your purpose, or one of your purposes, for entering into the arrangement under which you are to receive or

provide the financial benefit, is to receive or deliver the financial benefit:

- (a) to raise or provide finance; or
- (b) if paragraph (a) does not apply - so that it may be converted or liquidated into money or a money equivalent (other than as part of your expected purchase, sale or usage requirements).

In terme van die studie, dui artikel 230-45 dus aan dat 'n onderneming oor 'n finansiële reëling beskik indien dit 'n verpligting het om 'n finansiële voordeel aan iemand anders te betaal. Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) is van mening dat die definisie van 'n finansiële reëling baie na is aan die definisie van 'n finansiële instrument volgens rekenkundige beginsels. Dit dui egter ook aan dat dit nie heeltemal ooreenstem nie.

Daar word aan die hand gedoen dat finansiële reëlings, onder andere, lenings insluit weens die feit dat daar 'n verpligting bestaan om 'n bedrag, waarvan die finansiële waarde bekend is, af te los. Die volgende stap in die bepaling van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie is om te bepaal of leningskommissie 'n aftrekbare verlies is in terme van 'n finansiële reëling.

Die ATO het tydens 'n interne vergadering (Finance and Investment Taxation of Financial Arrangements Working Group minutes, 2012) die inkomstebelastinghantering van die fooi op die reël van leningfasiliteite asook die fooi vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite bespreek. In hierdie bespreking is bevind dat leningskommissie wel 'n aftrekbare verlies is in terme van 'n finansiële reëling. Daar kan aan die hand gedoen word dat leningskommissie 'n verlies is wat deur die lener aangegaan is as gevolg van die verkryging van 'n finansiële lening ter voortbrenging van inkomste tydens die beoefening van 'n bedryf.

Artikel 230-40 omskryf die verskillende metodes tot die belastingpligtige se beskikking ter berekening van die wins of verlies wat in ag geneem moet word in die belastingpligtige se inkomstebelastingopgawe vir die jaar van aanslag met betrekking tot die leningskommissie aangegaan. Indien die belastingpligtige geen keuse uitoefen nie, word die toevallings- ("accruals") en realisasie- ("realisation") metode outomaties gekies. Artikel 230-40 lees soos volg:

Section 230-40 Methods for taking gain or loss into account

Methods available 230-40(1) The methods that can be applied to take account of a gain or loss you make from a financial arrangement are:

- (a) the accruals and realisation methods provided for in Subdivision 230-B; or
- (b) the fair value method provided for in Subdivision 230-C; or
- (c) the foreign exchange retranslation method provided for in Subdivision 230-D; or
- (d) the hedging financial arrangement method provided for in Subdivision 230-E; or
- (e) the method of relying on your financial reports provided for in Subdivision 230-F; or
- (f) a balancing adjustment provided for in Subdivision 230-G.

Dit is belangrik om daarop te let dat paragrawe (b) tot (e) slegs van toepassing kan wees indien die belastingpligtige so verkies. Soos reeds genoem, word metode (a) outomaties gebruik indien die belastingpligtige geen eleksie maak van paragrawe (b) tot (e) nie. Metodes (a) tot (e) word kortliks bespreek. Metode (f) val buite die omvang van hierdie studie.

Die toevallingsmetode voorsien in artikel 230-B (Metode (a))

Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) dui aan dat in terme van hierdie metode moet die winste en verliese van die finansiële reëling bepaal word aan die hand van die interne koers van opbrengs ("internal rate of return"). Die metode sal geld wanneer die algehele wins of verlies met redelike sekerheid bepaal kan word wanneer die finansiële reëling aangegaan word of wanneer dit gedurende die termyn van die lening bekend raak. Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) spreek ook die siening uit dat by die bepaling van die redelike sekerheid of die onderneming 'n wins of verlies gaan realiseer in terme van die finansiële reëling, slegs finansiële voordele wat hul seker is hul gaan ontvang of betaal, in ag geneem mag word.

Artikel 230-115 stel dit dat 'n finansiële voordeel hanteer moet word as redelik seker slegs indien dit redelik verwag kan word dat 'n entiteit 'n finansiële voordeel sal ontvang. Daar word aangevoer dat 'n finansiële voordeel redelik seker is indien aangeneem word dat die

finansiële voordeel sal aanhou vir altyd en as die waarde van hierdie voordeel op daai gegewe oomblik vas is of bepaal kan word met redelike akkuraatheid. Die gids dui aan dat wanneer bepaal moet word of 'n finansiële voordeel redelik seker is, die volgende in ag geneem moet word:

- Die terme en voorwaardes van die finansiële reëling
- Die aanvaarde prys en waardasie-bepalings
- Die ekonomiese of kommersiële volhoubaarheid asook die gevolge van die ooreenkoms
- Finansiële voordele wat afhanklik is van veranderde rentekoerse of wat die verbruikersprysindeks weergee.

Wanneer daar bepaal moet word of daar redelike sekerheid bestaan oor die finansiële voordeel waar daar moontlik 'n veranderlike rentekoers kan wees, moet daar aangeneem word dat, tydens die berekening van die finansiële reëling, die veranderlike koers onveranderd sal bly. Dit sal dus beteken dat finansiële reëlings met 'n vaste termyn, maar wisselende rentekoers ingesluit sal word by die bepaling of 'n finansiële voordeel met redelike sekerheid bepaal kan word.

Die inkomstebelastinghantering gebaseer op die toevallingsmetode bepaal dat die wins en verlies oor die periode van die lening versprei word. Anders gestel, die wins en verlies moet versprei word oor 'n periode wat begin wanneer die finansiële reëling begin en dit eindig slegs wanneer die finansiële reëling eindig.

Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) gee 'n voorbeeld rakende die hantering van winste en verliese aangaan op 'n lening. Die voorbeeld is soos volg: *Iron Co* koop 'n drie jaar koepon skuld obligasie vir AUD100 op 1 Januarie 2011 met 'n gesigwaarde van AUD133.10. *Iron Co* het nie 'n keuse uitgeoefen om 'n ander bepaling van die Wet te mag gebruik in die berekening van sy inkomstebelasting-aanspreeklikheid nie. Daar kan met redelike sekerheid gesê word dat die algehele wins AUD33.10 sal wees. Dus sal die toevalling-metode van toepassing wees op die skuld obligasie. Die wins van AUD33.10 sal oor drie jaar versprei word. Die interne koers van opbrengs van 10% aangaan op die finansiële reëling maak dat *Iron Co* 'n wins van AUD10, AUD11 en AUD12.10 oor die drie jaar realiseer.

Artikel 230-150 laat ook toe dat indien die wins en verlies voortspruit uit sogenaamde portefeuljekostes of afslag/diskonto dat 'n aanpassing tot die verspreiding oor die termyn

van die finansiële reëling deur die belastingpligtige gemaak kan word. Hierdie keuse is egter finaal en kan nie weer verander word deur die belastingpligtige nie. Hierdie winste en verliese kan dan versprei word oor die termyn van die portefeulje in plaas van die finansiële reëling.

Die alternatiewe metode, soos gevind in artikel 230-B, is die realisasie-metode. In sekere gevalle sal die toevallingsmetode asook enige van die geselekteerde metodes nie van toepassing wees op 'n finansiële reëling nie. In so 'n geval sal die realisasie-metode geld. Die realisasie-metode bring winste en verliese in by die inkomstebelastingberekening in die jaar van aanslag waarin die wins of die verlies voorgekom het. Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) gaan voort om aan te toon dat 'n voorbeeld van die realisasie-metode is wanneer 'n wins of verlies nie met sekerheid bepaal kan word nie as gevolg van 'n moontlike gebeurlikheid of as die wins en verlies nie vasgestel kan word met redelike akkuraatheid nie. Die voorbeeld wat gegee word is soos volg: *Russel Co* koop 'n skuldbrief obligasie vir AUD100 van *Guy Co* wat afgelos moet word in drie jaar. Die terme van die skuldbrief obligasie bepaal dat *Russel Co* AUD10 moet ontvang by die begin van jaar een, twee en drie, afhangend van *Guy Co*'s se winsgewendheid.

In jaar een en twee word die vereiste behaal en *Russel Co* ontvang die bedrae op hierdie gegewe tydstip. Weens die feit dat die vereiste nie behaal is in jaar drie nie, ontvang *Russel Co* slegs die aflosbare bedrag aan die einde van jaar drie.

Dit is ook moontlik dat die toevallingsmetode sowel as die realisasie-metode gelyktydig kan plaasvind (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014). Dit is weens die feit dat nie al die finansiële voordele van 'n komponent van 'n finansiële reëling bekend kan wees nie, terwyl die finansiële voordele van 'n ander komponent van die finansiële reëling wel bekend is.

Alternatiewe metodes

Die verskeie alternatiewe metodes ("elective methods") sal kortliks bespreek word. Die belastingpligtige kan, indien dit van toepassing is op die belastingpligtige, enige van die alternatiewe metodes kies in die bepaling van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie. Die prioriteit ("priority") reëls in artikel 230-40 bepaal watter belasting tydsbepaling ("tax timing") metode prioriteit moet geniet wanneer die wins en verlies op die finansiële reëling bepaal word. Die alternatiewe metodes kan gesien word as 'n manier om die koste van nakoming van inkomstebelastingwetgewing te verminder. Dit is weens die

feit dat hierdie metodes belastingpligtiges in staat stel om hul finansiële state te gebruik om die bedrag wins of verlies wat gerealiseer het vir die jaar in verband met hul finansiële reëlings te bepaal en hoeveel ingesluit moet word in die inkomstebelastingberekening vir die jaar.

Die vier metodes wat deur die belastingpligtige gekies kan word in die berekening van die wins of verlies op die finansiële reëling vir die jaar is:

- Billike waarde (“Fair value”) (Metode (b))
- Buitelandse wisselkoers omskakeling (“Foreign exchange translation”) (Metode (c))
- Verskansing van finansiële ooreenkomste (“Hedging financial arrangements”) (Metode (d))
- Vertroue op finansiële verslae (“reliance on financial reports”) (Metode (e))

Daar is enkele vereistes waaraan maatskappye moet voldoen alvorens daar van die alternatiewe metodes gebruik gemaak kan word:

- Die entiteit moet finansiële state opstel vir die belasting jaar in ooreenstemming met relevante rekeningkundige beginsels.
- Die finansiële verslag moet geoudit word in terme van relevante ouditbeginsels.

Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die alternatiewe metodes slegs van toepassing kan wees in verband met ’n finansiële reëling as die wins en verlies erken word in die geouditeerde finansiële verslae. Wanneer ’n keuse uitgeoefen word om ’n alternatiewe metode te gebruik, kan die alternatiewe metode nie hierna weer verander word nie (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014). Die alternatiewe metode wat gekies word sal wel ophou om te geld van die begin van die belastingjaar wanneer die entiteit ophou om aan die vereistes te voldoen om die alternatiewe metodes te mag gebruik (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014). Wanneer die maatskappy egter weer aan die vereistes voldoen, mag die eleksie weer gemaak word (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014).

Daar kan aan die hand gedoen word dat die enigste alternatiewe opsie wat van toepassing kan wees op die belastingpligtige rakende die aftrekbaarheid van leningskommissie is die van vertroue in finansiële verslae (Metode (e)). Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) dui aan dat die inkomstebelastinghantering ooreen sal stem

met die algemeen aanvaarde rekeningskundige hantering van uitgawes indien hierdie metode geselekteer word. Verdere vereistes geld bo en behalwe dat geouditeerde finansiële state voorberei moet word. Die addisionele vereistes sluit in dat 'n die ouditeursverslag van die finansiële state, sowel as die vorige vier jaar se finansiële state, nie gekwalifiseer mag wees op 'n manier wat die belastinghantering van die finansiële reëling sal beïnvloed nie (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014). Die maatskappy se rekeningkundige stelsels en kontroles asook interne beheerproses moet betroubaar wees (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014). Laastens, mag daar geen ongunstige mening uitgespreek word deur 'n verslag of oudit in die huidige jaar, sowel as die vorige vier jaar, met betrekking tot die rekenkundige stelsels wat verband hou met die bepaling van die inkomstebelastinghantering van 'n finansiële reëling nie (*Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*, 2014).

Inkomstebelastinghantering van voorproduksie-uitgawes

Die Australiese wetgewing bevat geen spesifieke wetgewing wat die aftrekking van voorproduksie-leningskommissiekostes aftrek nie. Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die inkomstebelastinghantering van leningskommissie dus aan die hand van die algemene aftrekkingsformule bepaal moet word.

In terme van die algemene aftrekkingsformule, soos gevind in artikel 8-1 van die *ITAA97*, kan enige verlies afgetrek word wat aangegaan is om belasbare inkomste te verdien of aangaan in die beoefening van 'n bedryf om belasbare inkomste voort te bring. Die ATO se praktyknota TR2004/4 4 - *Income tax: deductions for interest incurred prior to the commencement of, or following the cessation of, relevant income earning activities*. ("TR2004/4") (2004:3) dui aan dat in terme van *Steele v. FC of T 99 ATC 4242* rente aangegaan voor die aanvang van 'n beoefening wel aftrekbaar is in terme van artikel 8-1 van die *ITAA97*.

Die TR2004/4 (2004:3) dui verder aan dat rente wat aangegaan word voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf geag sal word as aangegaan ter voortbrenging van inkomste wanneer:

- die aangaan van die rente nie was om te bepaal of die bedryf beoefen moet word aldus nie;
- die rente aangegaan nie van 'n private of persoonlike aard is nie;
- die tydperk tussen die aangaan van die rente-uitgawe en die voortbrenging van inkomste nie so ver verwyderd is dat dit die verwantskap tussen die rente uitgawe en inkomste voortbring tot niet gaan nie;
- die rente aangegaan word met die doel om belasbare inkomste voort te bring in die nabye toekoms; en
- die voortbrenging van inkomste aktief nagestreef word deur die belastingpligtige.

Daar kan aan die hand gedoen word dat leningsproduksie se aard meestal ooreenstem met die van rente en dat die inkomstebelastinghantering daarvan moet ooreenstem, veral na aanleiding van die feit dat beide aangegaan is in terme van 'n finansiële reëling. Dit is egter 'n feitevraag wat deur die Australiese howe sal bepaal moet word indien so 'n saak voor hul gebring word. Indien daar bevind word dat die inkomstebelastinghantering daarvan ooreen sal stem, moet die TR2004/4 se riglyne soos hierbo vermeld gevolg word om te bepaal of die voorproduksieleningskommissie vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar is al dan nie.

4.6 Gevolgtrekking en samevatting

Die hoofmerk van hierdie hoofstuk was die bestudering en bespreking van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië. Die doel was om te bepaal of daar enige byval te vinde is by hierdie lande se hantering van leningskommissie vir Suid-Afrika en moontlike riglyne vir Suid-Afrika af te lei van die twee lande se inkomstebelastinghantering van leningskommissie.

4.6.1 Verenigde Koninkryk

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie vir individue word vervat in artikel 58 van die *ITTO5*. Hierteenoor word die inkomstebelastinghantering van leningskommissie bepaal deur algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels. In terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels behoort leningskommissie meestal dieselfde

hanteer te word as 'n komponent van die effektiewe rentekoers en dus saam met konvensionele rente oor die termyn van die lening versprei word.

Beide hierdie inkomstebelashanterings staan in skrilte kontras met die Suid-Afrikaanse inkomstebelastinghantering waar die inkomstebelastinghantering meer van 'n feitevraag is wat van geval tot geval bestudeer moet word. Die feit dat die inkomstebelastinghantering van leningskommissie spesifiek in die Verenigde Koninkryk se wetgewing aangespreek word, vereenvoudig die inkomstebelastinghantering van leningskommissie.

Daar kan verder ook aangevoer word dat die gebruik van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels deur maatskappye beide die berekening van leningskommissie sal vereenvoudig sowel as die kostes verlaag. Die belastingpligtige sal in die Suid-Afrikaanse konteks, as leningskommissie bereken sou word in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels, nie addisionele kostes hoef aan te gaan om die bedrag wat aftrekbaar is om te skakel van die berekening na artikel 24J nie. Daar word dus aan die hand gedoen dat dit in Suid-Afrika koste-effektief sal wees om die Verenigde Koninkryk inkomstebelastinghantering van leningskommissie na te volg deur die aftrekking ook te bereken in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels.

Die hantering van uitgawes aangegaan voor die totstandkoming van 'n bedryf in die Verenigde Koninkryk stem nouliks ooreen met dié van Suid-Afrika. Die belangrikste onderskeid wat getref kan word tussen die twee inkomstebelastingstelsels is die tydsbeperking van die aangaan van die uitgawes tot die beoefening van 'n bedryf om die uitgawes te kan eis. In Suid-Afrikaanse inkomstebelastingwetgewing bestaan daar geen beperking op die tydsverloop tussen die aangaan van die kostes en die begin van die beoefening van die betrokke bedryf om die uitgawes af te trek nie. In die Verenigde Koninkryk moet hierdie beoefening van 'n bedryf binne sewe jaar na die aangaan van die uitgawes in aanvang neem om die uitgawes te mag aftrek. Die hantering daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks is dus meer voordelig vir die belastingpligtige deurdat daar geen tydsbeperking op die Suid-Afrikaanse belastingpligtiges geplaas word deur wetgewing nie. Geen verandering aan die Suid-Afrikaanse inkomstebelastinghantering van voorproduksie-uitgawes word dus in hierdie studie voorgestel nie.

4.6.2 *Australië*

Die Australiese wetgewing is meer kompleks as dié van die Verenigde Koninkryk rakende die inkomstebelastinghantering van leningskommissie. Die leiding, soos verskaf deur die

belastingowerheid, rakende die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk is ook van 'n beter kwaliteit as die van Australië. In terme hiervan moet daar eers bepaal word of die uitgawes aangegaan is in terme van 'n finansiële reëling. Daar word aan die hand gedoen dat leningskommissie in meeste gevalle wel onder die definisie van 'n finansiële reëling ingelees kan word.

Die *ITAA97* bevat verskeie metodes waaronder leningskommissie, indien daar aangeneem word dat dit voldoen aan die definisie van 'n finansiële reëling, afgetrek kan word. Eerstens kan leningskommissie afgetrek word in terme van die toevallingsmetode. Die metode vereis dat die bedrag bereken moet word in terme van die interne koers van opbrengs en versprei moet word oor die termyn van die lening. Die vereiste om die uitgawe oor die termyn van die lening te versprei, stem ooreen met artikel 24J in die Wet. Die realisasie-metode sal nie van toepassing wees nie weens die feit dat die koste verbonde aan die leningskommissie meestal bekend is en dus sal slegs die toevallingsmetode wel van toepassing kan wees onder die eerste opsie.

Die alternatiewe opsies, soos gegee deur artikel 230-40 paragrawe (b) tot (f), vereis dat die maatskappy finansiële state moet opstel in terme van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk sowel as dat die finansiële state geoudit moet word. Bogenoemde is 'n vereiste waaraan die meeste ondernemings in Suid-Afrika reeds voldoen. Die *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)* (2014) dui aan dat die vertrou in finansiële verslae metode die administrasie en koste verbonde aan die inkomstebelastinghantering van finansiële ooreenkomste, verminder.

Soos bevind in die gevolgtrekking rakende die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk, kan daar aan die hand gedoen word dat die vertrou in finansiële verslae metode ook 'n moontlike alternatief vir Suid-Afrika kan wees. Dit is weens die gebruik van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, soos bepaal deur die vertrou in finansiële verslae metode. Om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie te bepaal sal ook die administrasie en koste verbonde aan die verwerking van die inkomstebelastingopgawe vir maatskappye verminder. Dus stel die studie die gebruik van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels in Suid-Afrika voor om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie te vereenvoudig.

Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningkommissie in Australië is gevind om 'n feitevraag te wees wat beoordeel sal moet word gegewe die relevante aard van die leningskommissie aangegaan. Daar word aangevoer dat die Suid-Afrikaanse

inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie, soos gevind in artikel 11A, meer riglyne bevat deurdat dit bepaal dat leningskommissie aftrekbaar sal wees indien dit aan die vereistes van artikel 24J voldoen.

Die studie se voorstel is dus dat die bepalings van artikel 11A rakende voorproduksie-onkoste steeds in Suid-Afrika moet geld. Die enigste verskil sal wees dat die leningskommissie-aftrekking bepaal sal word aan die hand van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels en nie in terme van artikel 24J nie.

Hoofstuk 5: Inkomstebelastinghantering van voorproduksie-verwante finansieringskoste wat aangegaan is vir die uitbreiding van 'n bestaande bedryf

5.1 Inleiding

In hoofstuk 3 is daar bevind dat leningskommissie aftrekbaar is in terme van artikel 24J en die onlangs geskrapte artikel 24J weens die bevinding dat die uitgawes binne die term *rente en verwante finansieringskoste* val wat deur beide hierdie bepalings omskryf word. Die hoofstuk het verder die oorhoofse werking van artikels 11(bA), 11A en 24J bespreek, sowel as die artikels se onderlinge wisselwerking. Hoofstuk 3 het afgesluit met 'n tersaaklike bespreking rakende of 'n nuwe bedryf geskep word tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf en of 'n bestaande bedryf slegs gehandhaaf word tydens hierdie uitbreiding.

Hoofstuk 5 stel dit ten doel om die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie wat aangegaan is ten opsigte van die *uitbreiding* van 'n bestaande bedryf te ondersoek en te bespreek. Die hoofstuk sal ook oorweeg wat die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie is wat aangegaan is om 'n bestaande bedryf uit te brei indien artikel 11(bA) nie geskrap is nie. Dit sal ten doel hê om deels te bepaal of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en die vervanging daarvan met artikel 11A. Die onderskeie inkomstebelastinghantering sal kortliks geïllustreer word deur middel van voorbeelde.

Laastens, vir volledigheidsoeindes, sal die hoofstuk oorweeg wat die inkomstebelastinghantering van leningskommissie sal wees indien daar deur die howe geïnterpreteer word dat leningskommissie *nie* binne die term *rente en verwante finansieringskoste* val nie. Dus sal artikel 11(bA) nie kon gegeld het nie en artikel 11A en artikel 24J kan tans dan nie van toepassing wees nie. Die bepalings van artikel 11(a) gelees saam met artikel 23(g) en artikel 23H sal dan die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in so gegewe situasie bepaal.

5.2. Belastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan ter uitbreiding van 'n bestaande bedryf

Na aanleiding van die bespreking in hoofstuk 3 kan daar aan die hand gedoen word dat leningskommissie wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf se inkomstebelastinghantering bepaal word in terme van artikels 11A en 24J. Die feitevraag of die bedryf reeds in aanvang geneem het, sal soos dit in hoofstuk 3 bespreek is, bepaal of die voorproduksie-leningskommissie aftrekbaar is in terme van artikel 11A, 24J of beide.

Daar is in hoofstuk 3 (laaste paragraaf van afdeling 3.7) bevind dat waar 'n onderneming 'n bestaande besigheid uitbrei, die uitgawes en onkoste so aangegaan 'n nuwe bate skep en dus van 'n kapitale aard is. Daar is ook verder bevind dat, in so 'n geval, 'n bedryf nog nie beoefen word nie. Tot so 'n tydperk sal artikel 11A geld in terme van leningskommissie omrede artikel 24J nie 'n vereiste het dat die items van 'n kapitale aard moet wees nie. Die feitestel wat spesifiek verband hou moet egter vergelyk word met bestaande wetgewing asook gevestigde regsbeginne en regspraak om te help met die beantwoording van die feitevraag oor wanneer 'n bedryf in aanvang neem. Indien die howe sou bevind dat daar wel 'n beoefening van 'n bedryf was tydens die uitbreiding van 'n bestaande besigheid, sou beide artikels 11(bA) en artikel 11 irrelevant wees weens die feit dat artikel 24J van toepassing is.

Leningskommissie word, soos reeds bespreek, aangegaan om finansiering vir die maatskappy te bekom deur middel van lenings. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens huldig die siening in Interpretasie nota 51 (2009:7) dat die verkryging van 'n lening om die bedryf uit te brei, die skepping van 'n nuwe bedryf te weeg bring. Die gepaardgaande voorproduksie-leningskommissie gaan hand aan hand met die verkryging van die lening. Daar kan dus aan die hand gedoen word dat 'n nuwe bedryf ontstaan tydens die aangaan van voorproduksie-leningskommissie om 'n bestaande bedryf uit te brei.

Voorproduksie-leningskommissie aangegaan sal dus aftrekbaar wees in terme van artikel 11A op die tydstip wanneer die bedryf in aanvang neem. Die rente en verwante finansieringskoste wat aftrekbaar is in terme van artikel 11A word aan die hand van artikel 24J bepaal. Artikel 11A omskryf dat die bedrag wat in terme van artikel 24J aftrekbaar sou wees tydens die periode wat daar nie 'n bedryf beoefen word nie, sal ooploop en aftrekbaar wees wanneer die bedryf in aanvang neem. Die oorblywende leningskommissie sal na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf jaarliks in terme

van artikel 24J afgetrek word. Die praktiese hantering van bogenoemde sal deur middel van verskeie scenario's in 5.4 geïllustreer word.

5.3. Belastinghantering van voorproduksie-leningskommissies aangegaan ter uitbreiding van 'n bestaande bedryf indien artikel 11(bA) steeds van toepassing was.

In terme van artikel 11(bA) sal rente en verwante finansieringskoste eers aftrekbaar wees tot en met die tyd wat die belastingpligtige begin om beide 'n bedryf te beoefen asook die bate in gebruik te neem (Brincker, 2011:H-8). Dit is 'n belangrike onderskeid met artikel 11A waar die rente en verwante finansieringskoste aftrekbaar is wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem. Daar kan aan die hand gedoen word dat die vraagstuk oor wanneer daar begin word om 'n bedryf te beoefen, soos gevind in artikel 11A, verskuif na wanneer die bate in gebruik geneem word tydens die beoefening van 'n bedryf.

Daar kan aan die hand gedoen word, na aanleiding van die bespreking in 5.2, dat die uitbreiding van 'n bestaande bedryf 'n nuwe bedryf daarstel. Leningskommissie wat dus aangegaan is in die uitbreiding van 'n bestaande bedryf, sal tot die nuwe bedryf in aanvang neem, voorproduksie-leningskommissie uitmaak. Indien artikel 11(bA) steeds van krag was, sou die voorproduksie-leningskommissie, gebaseer op die regsprecedent soos gevestig deur die *SA Custodial* saak en *stare decisis* wetsuitleg, aftrekbaar gewees het in terme van artikel 11(bA). Daar is in hoofstuk 3 bevind dat artikel 11(bA) spesifiek in die Wet ingebring is om die onsekerheid rakende die aftrekbaarheid van rente en verwante finansieringskoste wat aangegaan is voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf, uit die weg te ruim.

Soos reeds bespreek, sal die voorproduksie-leningskommissie ten volle aftrekbaar wees in terme van artikel 11(bA), sodra die bate in gebruik geneem word. Die aftrekking van die voorproduksie-leningskommissie sal nie versprei word oor die termyn van die lening of instrument soos verlang deur artikel 24J(2) nie. Die praktiese hantering van bogenoemde sal ook deur middel van verskeie scenario's in 5.4 geïllustreer word.

5.4. Illustrasie van die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan.

Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie in terme van artikel 11A en 24J kan geïllustreer word deur middel van voorbeelde. Daar kan aan die hand gedoen word dat die werklike inkomstebelastinggevolge van items slegs teen mekaar gemeet kan word indien soort met soort vergelyk word. Correia, Flynn, Uliana & Wormald (2013:2-16) stel dit dat die huidige waarde van 'n verwagte reeks toekomstige kontantvloei niks anders is nie as die waarde van die kontantvloei indien dit vandag ontvang sou word. Die beginsel sluit verder in dat 'n Rand vandag meer werd is as 'n Rand in die toekoms weens die feit dat die geld onmiddellik ontvang kan word en produktief aangewend kan word om meer waarde in die toekoms te kan hê (Correia *et al.*, 2013:2-16). Correia *et al.*, (2013:2-15) dui aan dat verskeie beleggings met verskillende toekomstige kontantvloei met mekaar vergelyk kan word deur die huidige waarde van elk te bereken.

Weens die feit dat die aftrekkings in verskillende periodes toeval, sal die studie die huidige waarde van die aftrekkings uitwerk om die voordeligste bepaling te bereken. Die verdiskonteringskoers wat gebruik gaan word in die studie om die netto huidige waarde ("NPV") van die aftrekkings te bepaal, is 5.4%. Die persentasie stem ooreen met die Verbruikersprysindeks (Consumer Price Index) koers vir Desember 2013 (Consumer Price Index December, 2013:2014). Daar word aan die hand gedoen dat die vergelyking van die huidige waarde van die twee artikels die enigste metode is om soort met soort te vergelyk om tot 'n ingeligte gevolgtrekking te kom.

Die bedrag leningskommissie wat jaarlikse aftrekbaar is (die toevallingsbedrag), word bereken in terme van artikel 24J. Soos reeds bespreek in hoofstuk 3 sal daar slegs op die opbrengs-tot-op-vervaldatum-metode gefokus word.

Stiglingh *et al.*, (2014:788) verskaf die volgende eenvoudige raamwerk om die artikel 24J bedrag vir insluiting by die belastingpligtige se inkomstebelastingopgawe in terme van die opbrengs-tot-vervaldatum-metode te bereken. Die raamwerk sal in die studie gebruik word om die artikel 24J toevallingsbedrag te bereken. In terme van hierdie raamwerk moet die belastingpligtige die volgende 8 stappe uitvoer in die berekening van die toevallingsbedrag:

1. Stel vas of artikel 24J van toepassing sal wees;
2. Bereken die kontantvloei oor die tydperk van die instrument;
3. Bereken die opbrengs tot vervaldatum;
4. Bepaal die aanvangsbedrag;
5. Bereken die toevallingsbedrag vir die eerste toevallingstydperk. Gebruik die formule $A=B \times C$ waar A die toevallingsbedrag is, B die opbrengs tot vervaldatum en C die aanvangsbedrag;
6. Bereken die aangepaste aanvangsbedrag. Die bedrag bereken sal "C" in die formule $A=B \times C$ wees;
7. Bereken die toevallingsbedrag vir die tweede toevallingstydperk; en
8. Herhaal stappe 6 en 7 vir oorblywende toevallingstydperke.

Stap 1:

Stap 1 is reeds vasgestel deurdat die bespreking tot dusver die gevolgtrekking gemaak het dat voorproduksie-leningskommissie aangegaan wel binne die definisie van rente en verwante finansieringskoste val en dus ook aftrekbaar sal wees in terme van artikel 24J.

Stap 2:

Die volgende stap sal dus wees om die kontantvloei oor die tydperk van die instrument te bereken. Die studie se fokus is op of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is in terme van die vervanging van artikel 11(bA) met artikel 11A, spesifiek met betrekking tot leningskommissie. Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie (en nie dié van konvensionele rente nie) word dus bespreek. Vir die doeleindes van die illustrasie word daar van die volgende aannames gebruik gemaak:

- 'n lening van R10 miljoen word aangegaan aan die begin van die belastingpligtige se jaar van aanslag;
- die lening is eers terugbetaalbaar aan die einde van 'n 10 jaar periode;
- die lening is rentevry (die doel van die studie is om na inkomstebelastinghantering van leningskommissie, en nie van konvensionele rente nie, te bepaal);
- voorproduksie-leningskommissie van R100 000 is tydens die verkryging van die lening aangegaan ter uitbreiding van die belastingpligtige se bedryf;
- Netto kontantvloei aan die begin van jaar 1 vir die belastingpligtige is R9.9 miljoen wat bestaan uit die R1 miljoen lening wat verminder is met die R100 000 leningskommissie betaal;

- die toevallingstydperk van die artikel 24J-rente stem ooreen met die belastingpligtige se jaar van aanslag; en
- R10 miljoen kontantuitvloei aan die einde van jaar 10 vir die belastingpligtige met die terugbetaling van die lening.

Die kontantvloei in terme van die voorbeeld word geïllustreer deur *Tabel 1*:

Tabel 1: Kontantvloei-skedule met betrekking tot voorproduksie-leningskommissie-illustrasie

Jaar	Kontantvloei	Kommentaar
Begin jaar 1	9,900,000	Kontantinvloei
Einde jaar 1	-	
Einde jaar 2	-	
Einde jaar 3	-	
Einde jaar 4	-	
Einde jaar 5	-	
Einde jaar 6	-	
Einde jaar 7	-	
Einde jaar 8	-	
Einde jaar 9	-	
Einde jaar 10	(10,000,000)	Kontantuitvloei

Stap 3:

Die derde stap in die proses is om die opbrengs tot vervaldatum te bereken. Die begrip word soos volg deur artikel 24J(1) omskryf:

“opbrengs tot op vervaldatum -

die koers van saamgestelde rente per toevallingstydperk waarteen die huidige waarde van alle bedrae betaalbaar of ontvangbaar ingevolge 'n instrument met betrekking tot 'n houer of 'n uitreiker, na gelang van die geval, van bedoelde instrument gedurende die termyn van bedoelde instrument gelyk is aan die aanvangsbedrag met betrekking tot bedoelde houer of uitreiker van bedoelde instrument: Met dien verstande dat waar —“

Die algehele toevallingstydperk in die gegewe voorbeeld is die 10 jaar tydperk van die lening. Daar kan aan die hand gedoen word dat die opbrengs tot op vervaldatum, as jaarliks toegepas word op die aanvangsbedrag (of aangepaste aanvangsbedrag), uiteindelik daarop sal neerkom dat die aanvangsbedrag (of aangepaste aanvangsbedrag)

aan die einde van die termyn van die instrument dieselfde sal wees as die bedrag terugbetaalbaar. Stiglingh *et al.*, (2014:787) omskryf die begrip as die koers wat die instrument 'n netto teenswoordige waarde van nul gee. Gegewe die waardes, soos uiteengesit in stap 4 vir aanvangsbedrag en aangepaste aanvangsbedrag, word die opbrengs-tot-vervaldatum-koers bereken as 0.100554%. Die berekening van die opbrengs-tot-vervaldatum-koers word gedoen deur die volgende in te sleutel in die *HP 10bII Financial Calculator*.

- $N = 10$ (leningsperiode van 10 jaar)
- $PV = R9\,900\,000$ (aanvangsbedrag)
- $P/YR = 1$ (slegs een koeponkoers datum per jaar)
- $PMT = 0$ (geen samegestelde rente – dus is koeponkoers Rnul)
- $FV = R10\,000\,000$ (waarde van die lening wat terugbetaalbaar is aan einde van die 10 jaar leningsperiode)
- **$I/YR = 0.100554\%$ (opbrengs-tot-vervaldatum-koers)**

Die saamgestelde rentekoers gebruik in die berekening van die opbrengs-tot-vervaldatum word aangegee as nul persent weens die feit dat die leningskommissie 'n eenmalige betaling was en geen saamgestelde rente dus bydra nie.

Stap 4:

Die omskrywing van die ander relevante begrippe soos gevind in die definisie van *opbrengs tot op vervaldatum* is soos volg:

“aanvangsbedrag -

die uitreikingsprys of oordragprys, na gelang van die geval, met betrekking tot 'n instrument;”

“aangepaste aanvangsbedrag —

met betrekking tot die houer van 'n inkomste-instrument betreffende 'n bepaalde toevallings tydperk, die som van die aanvangsbedrag en die toevallingsbedrae met betrekking tot alle vorige toevallings tydperke en enige ander betalings deur bedoelde houer gedurende alle bedoelde vorige toevallings tydperke gemaak min enige betalings deur bedoelde houer gedurende alle bedoelde vorige toevallings tydperke ontvang, ingevolge bedoelde inkomste-instrument; of”

Die aanvangsbedrag in die illustrasie is die R9 900 000 wat die netto kontantinvloei is tydens die verkryging van die lening aan die begin van jaar 1.

Stap 5:

Die toevallingsbedrag, soos bespreek in hoofstuk 3, word bereken deur in jaar 1 die aanvangsbedrag te vermenigvuldig met die opbrengs-tot-vervaldatum-koers ($R9\,900\,000 \times 0.100554\%$). Dus is die toevallingsbedrag in jaar een R9 954.83 (verwys na *Tabel 2*).

Stap 6:

Die aangepaste aanvangsbedrag in jaar twee word bereken as die aanvangsbedrag plus die toevallingsbedrag in jaar. Die aangepaste aanvangsbedrag in jaar twee is dus R9 909 954.83 ($R9\,900\,000 + R9\,954.84$ – verwys na *Tabel 2*).

Stap 7:

Die toevallingsbedrag vir die tweede toevallings tydperk word bereken as die aangepaste aanvangsbedrag vermenigvuldig met die opbrengs-tot-vervaldatum-koers $R9\,909\,954.84 \times 0.100554\%$. Dus is die toevallingsbedrag in jaar twee R9 964.84 (verwys na *Tabel 2*).

Stap 8:

Stappe 6-7 is herhaal oor die oorblywende periode. Sien *Tabel 2* hieronder vir illustrasie van die herhaling van stappe 6-7 sowel as die opgelope toevallingsbedrag.

Tabel 2: Berekening van aangepaste aanvangsbedrag sowel as toevallingsbedrag vir jare 1 tot 10

Einde van jaar	Aangepaste aanvangsbedrag	Opbrengs tot vervaldatum-koers	Toevallingsbedrag	Kumulatiewe Toevallingsbedrag
1	9,900,000.00	0.100554%	9,954.84	9,954.84
2	9,909,954.84	0.100554%	9,964.84	19,919.68
3	9,919,919.68	0.100554%	9,974.86	29,894.54
4	9,929,894.54	0.100554%	9,984.89	39,879.43
5	9,939,879.43	0.100554%	9,994.93	49,874.36
6	9,949,874.36	0.100554%	10,004.98	59,879.34
7	9,959,879.34	0.100554%	10,015.05	69,894.39
8	9,969,894.39	0.100554%	10,025.12	79,919.51
10	9,989,954.71	0.100554%	10,045.29	100,000.00
			100,000.00	

Vir die doeleindes van die studie en om die primêre vraagstuk te beantwoord rakende of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en die vervanging daarvan met artikel 11A (gelees saam met artikel 24J), sal verskeie scenario's geskep word. Die scenario's gaan kortliks die verskillende inkomstebelastinggevolge van artikel 11(bA) teenoor artikel 11A en 24J, gebaseerd op die feitestel hierbo, bespreek. Die artikel 24J-toevallingsbedrae, wat in die scenario's gebruik sal word, is reeds bereken in terme van bostaande prosedures by stappe 1 tot 8. Die huidige waarde van die onderskeie scenario's gaan dan uitgewerk word en met mekaar vergelyk word. Die vergelyking van soort met soort sal die primêre vraagstuk beantwoord.

Scenario 1: Die beoefening van 'n bedryf neem in aanvang aan die einde van jaar 3 van die terugbetalingstermyn van die lening. Die bate aangeskaf deur die verkryging van die lening word egter eers aan die einde van jaar 8 in die beoefening van die bedryf in gebruik geneem.

Scenario 2: Dieselfde gegewens as in scenario 1, behalwe dat die bate aan die einde van jaar 3 in die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem word.

Scenario 3: Die beoefening van 'n bedryf neem in aanvang aan die einde van jaar 5 van die terugbetalingstermyn van die lening. Die bate wat aangeskaf is deur middel van die lening verkry, word met die aanvang van die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem.

Scenario 4: Die beoefening van 'n bedryf neem in aanvang aan die einde van jaar 7 van die terugbetalingstermyn van die lening. Die bate wat aangeskaf is deur middel van die lening verkry, word aan die einde van jaar 8 na die verkryging van die lening in gebruik geneem.

5.4.1 Scenario 1

5.4.1.1. Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J

Die leningskommissie toevallingsbedrag in terme van artikel 24J verskil van jaar tot jaar (verwys na *Tabel 2*). Gedurende die tydperk waarin 'n bedryf nog nie beoefen word nie, sal die jaarlikse toevallingsbedrag nogtans bereken word in terme van artikel 24J(2).

Die toevallingsbedrae bereken vir die periode tot en met die begin van die beoefening van 'n bedryf sal bymekaar getel word en eenmalig afgetrek word wanneer die bedryf beoefen word. Die volle opgelope bedrag leningskommissie van R29 984.54 (bereken as die somtotaal van die toevallingsbedrae (opgelope toevallingsbedrag) vir die eerste drie jaar soos geïllustreer in *Tabel 2* (R9 954.84+R9 964.84+R9 974.86)) is dus aftrekbaar in terme van artikel 11A aan die einde van jaar drie. In terme van hierdie bepaling is dit irrelevant wanneer die bate in die beoefening van 'n bedryf in werking tree siende dat daar slegs bepaal moet word wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem.

Die oorblywende bedrag leningskommissie se toevallingsbedrae sal in die daaropvolgende jare aftrekbaar wees in terme van artikel 24J(2). Verwys na *Tabel 2* vir die jaarlikse toevallingsbedrag en *Tabel 3* hieronder vir die aftrekking. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11A en 24J in die scenario is R74 303.70 (verwys na *Tabel 3*). Die huidige waarde word bereken deur die volgende in te sleutel op die *HP 10bII Financial Calculator* (die metode word herhaal vir die berekening van die artikel 11A, 24J-aftrekking in die ander scenario's en sal dus nie weer herhaal word nie) gebaseer op die toevallingsbedrae bereken in *Tabel 2*:

- $P/YR = 1$
- $CF_{j0} = R0$
- $CF_{j1} = R0$
- $CF_{j2} = R0$
- $CF_{j3} = R29\ 894.54$ (artikel 11A-aftrekking)
- $CF_{j4} = R9\ 984.89$ (CF_{j4} tot en met CF_{j10} is artikel 24J-aftrekkings)

- $CF_j_5 = R9\ 994.93$
- $CF_j_6 = R10\ 004.98$
- $CF_j_7 = R10\ 015.05$
- $CF_j_8 = R10\ 025.12$
- $CF_j_9 = R10\ 035.20$
- $CF_j_{10} = R10\ 045.29$
- $I/YR = 5.4\%$ (die verdiskonteringskoers)
- **NPV = R74 303.70**

5.4.1.2 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA)

Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan indien artikel 11(bA) nog van toepassing was, laat die volle aftrekking van leningskommissie aangegaan eers aan die einde van jaar 8 toe. Dit ondanks die feit dat die beoefening van 'n bedryf reeds in aanvang geneem het in jaar 3. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11(bA) in die scenario is R65 656.10 (verwys na *Tabel 3*). Die huidige waarde word bereken deur die volgende in te sleutel op die *HP 10bII Financial Calculator* (die metode word herhaal vir die berekening van die artikel 11(bA)-aftrekking in die ander scenario's en sal dus nie weer herhaal word nie):

- $N = 8$
- $P/YR = 1$
- $I/YR = 5.4\%$ (die verdiskonteringskoers)
- $FV = -R100\ 000$ (die waarde van die aftrekking in jaar 8)
- $PMT = R0$ (geen koeponbetaling gedurende die leningsperiode)
- **PV = R65 656.10**

Tabel 3: Illustrasie van inkomstebelastinghantering van scenario 1

Jaar	Scenario 1	
	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking
1	-	-
2	-	-
3	29,894.54	-
4	9,984.89	-
5	9,994.93	-
6	10,004.98	-
7	10,015.05	-
8	10,025.12	100,000.00
9	10,035.20	-
10	10,045.29	-
Verdiskonteringskoers (VPI) *	5.4%	5.4%
Huidige waarde	R 74,303.70	R 65,656.10

* Bron: Consumer Price Index December 2013 - Statistics South Africa

5.4.2 Scenario 2

5.4.2.1 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J

Die enigste verskil tussen scenario 1 in 5.4.1.1 en 2 is dat die bate in gebruik geneem word aan die einde van jaar 3 in plaas van die einde van jaar 8. Soos reeds bespreek, beïnvloed die datum wanneer die bate in gebruik geneem word nie die inkomstebelastinghantering van leningskommissie so aangegaan nie. Dus is die inkomstebelastinghantering van scenario 2 dieselfde as dié in 5.4.1.1 en die huidige waarde van die aftrekkings ook R74 303.70 (verwys na *Tabel 4*).

5.4.2.2 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA)

Soos reeds bespreek in 5.4.1.2 word voorproduksie-leningskommissie in totaal afgetrek wanneer daar begin word met die beoefening van 'n bedryf en die bate in gebruik geneem word. Dus word die totale R100 000 afgetrek aan die einde van jaar 3. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11(bA) in die scenario is R85 403.99 (verwys na *Tabel 4*).

Tabel 4: Illustrasie van inkomstebelastinghantering van scenario 2

Jaar	Scenario 2	
	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking
1	-	-
2	-	-
3	29,894.54	100,000.00
4	9,984.89	-
5	9,994.93	-
6	10,004.98	-
7	10,015.05	-
8	10,025.12	-
9	10,035.20	-
10	10,045.29	-
Verdiskonteringskoers (VPI) *	5.4%	5.4%
Huidige waarde	R 74,303.70	R 85,403.99

* **Bron:** Consumer Price Index December 2013 - Statistics South Africa

5.4.3 Scenario 3

5.4.3.1 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie verander in scenario 3 deurdat die beoefening van 'n bedryf eers aan die einde van jaar 5 in aanvang neem. Dus moet die toevallingsbedrae opgeloop word tot en met jaar 5 en kan dan eers hierna afgetrek word. Die toevallingsbedrae, soos bereken in *Tabel 2*, se somtotaal vir die eerste vyf jaar is R49 874.36 (opgelope toevallingsbedrag einde van jaar 5 – verwys na *Tabel 2*). Die oorblywende leningskommissie se toevallingsbedrae word bereken in terme van artikel 24J(2) en elke jaar as aftrekking toegelaat. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11A en 24J in die scenario is R71 340.12 (verwys na *Tabel 5*).

5.4.3.2 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA)

Soos reeds bespreek, word die volle bedrag van R100 000 wat op leningskommissie aangegaan is, eenmalig afgetrek wanneer die bate in gebruik geneem word in die voortbrenging van inkomste. Dus sal die hele bedrag aan die einde van jaar 5 afgetrek word vir inkomstebelastingdoeleindes. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11(bA) in die scenario is R76 877.09 (verwys na *Tabel 5*).

Tabel 5: Illustrasie van inkomstebelastinghantering van scenario 3

Jaar	Scenario 3	
	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking
1	-	-
2	-	-
3	-	-
4	-	-
5	49,874.36	100,000.00
6	10,004.98	-
7	10,015.05	-
8	10,025.12	-
9	10,035.20	-
10	10,045.29	-
Verdiskonteringskoers (VPI) *	5.4%	5.4%
Huidige waarde	R 71,340.12	R 76,877.09

* Bron: Consumer Price Index December 2013 - Statistics South Africa

5.4.4 Scenario 4

5.4.4.1. Inkomstebelastinghantering onder artikel 11A en artikel 24J

Die laaste scenario wat bespreek word is waar die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem aan die einde van jaar 7. Die toevallingsbedrae soos bereken vir die eerste 7 jaar kan eers in totaal afgetrek word aan die einde van jaar 7. Die totale toevallingsbedrae dus aftrekbaar in jaar 7 is R69 894.39 (opgelope toevallingsbedrag einde van jaar 7 – verwys na *Tabel 2*). Die toevallingsbedrae vir jare 8 tot 10 sal bereken word aan die hand van artikel 24J(2). Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11A en 24J in die scenario is R67 138.11 (verwys na *Tabel 6*).

5.4.4.2 Inkomstebelastinghantering onder artikel 11(bA)

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie indien artikel 11(bA) nog steeds van toepassing was, bepaal dat die hele R100 000 aftrekbaar is aan die einde van jaar 8 wanneer die bate in gebruik geneem word ter voortbrenging van inkomste. Die huidige waarde van die aftrekkings van leningskommissie in terme van artikel 11(bA) in die scenario is R65 656.10 (verwys na *Tabel 6*).

Tabel 6: Illustrasie van inkomstebelastinghantering van scenario 4

Jaar	Scenario 4	
	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking
1	-	-
2	-	-
3	-	-
4	-	-
5	-	-
6	-	-
7	69,894.39	-
8	10,025.12	100,000.00
9	10,035.20	-
10	10,045.29	-
Verdiskonteringskoers (VPI) *	5.4%	5.4%
Huidige waarde	R 67,138.11	R 65,656.10

* Bron: Consumer Price Index December 2013 - Statistics South Africa

5.4.5 Samevatting van scenario 1 tot 4

In scenario 1, waar die beoefening van 'n bedryf aan die einde van jaar 3 begin en die bate eers in jaar 8 in die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem is, is daar 'n wesenlike verskil in die huidige waarde van die aftrekkings. Die huidige waarde van die artikel 11A en 24J-aftrekkings is groter as die huidige waarde van die artikel 11(bA)-aftrekking. Daar kan dus aan die hand gedoen word dat die nuwe wetgewing meer voordelig is vir die belastingpligtige indien die beoefening van 'n bedryf vroeg in aanvang neem aangesien die uitgawes aangegaan is en die bate eers aan die einde van die lening se termyn in gebruik geneem word.

In scenario 2 word die bedryf op dieselfde tyd in aanvang geneem as in scenario 1, die bate word egter aan die einde van jaar 3 in gebruik geneem in die beoefening van 'n bedryf. Die huidige waarde van die artikel 11(bA)-aftrekking is in hierdie geval groter as die huidige waarde van die aftrekkings soos bereken in terme van artikel 11A en 24J. Die gevolgtrekking wat in dié geval gemaak kan word is dat artikel 11(bA) meer voordelig is vir die belastingpligtige indien die bate kort na die aanskaf daarvan in die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem word. Die voordeel in terme van artikel 11(bA) raak al hoe kleiner na aanleiding van die hoeveelheid tyd wat verloop sedert die aangaan van die leningskommissie en die ingebruikneming van die bate in die beoefening van 'n bedryf. Dit kan gesien word deur die afname in die verskil in die teenwoordige waardes van die artikel

11A en artikel 11(bA)-aftrekking in scenario 2 in vergelyking met scenario 4. Daar sal, soos in scenario 4, 'n punt bereik word wanneer die beoefening van 'n bedryf teen die einde van die leningstermyn eers in aanvang neem dat die huidige waarde van die aftrekkings soos per artikel 11A en artikel 24J groter is as die huidige waarde van aftrekkings soos per artikel 11(bA) (verwys *Tabel 7*).

Tabel 7: Illustrasie van inkomstebelastinghantering van scenario 1 tot 4

Jaar	Scenario 1		Scenario 2		Scenario 3		Scenario 4	
	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking	Artikel 11A/24J aftrekking	Artikel 11(bA) aftrekking
1	-	-	-	-	-	-	-	-
2	-	-	-	-	-	-	-	-
3	29,894.54	-	29,894.54	100,000.00	-	-	-	-
4	9,984.89	-	9,984.89	-	-	-	-	-
5	9,994.93	-	9,994.93	-	49,874.36	100,000.00	-	-
6	10,004.98	-	10,004.98	-	10,004.98	-	-	-
7	10,015.05	-	10,015.05	-	10,015.05	-	69,894.39	-
8	10,025.12	100,000.00	10,025.12	-	10,025.12	-	10,025.12	100,000.00
9	10,035.20	-	10,035.20	-	10,035.20	-	10,035.20	-
10	10,045.29	-	10,045.29	-	10,045.29	-	10,045.29	-
Verdiskonteringskoers (VPI) *	5.4%	5.4%	5.4%	5.4%	5.4%	5.4%	5.4%	5.4%
Huidige waarde	R 74,303.70	R 65,656.10	R 74,303.70	R 85,403.99	R 71,340.12	R 76,877.09	R 67,138.11	R 65,656.10

* Bron: Consumer Price Index December 2013 - Statistics South Africa

5.5 Belastinghantering van leningskommissie indien artikel 11A en artikel 24J nie van toepassing is nie.

In vorige hofsake, onder andere *ITC 882 (1959) 23 SATC 239 (T)* en *ITC 1019 (1962) 25 SATC 411 (N)*, het die hofe beslis dat leningskommissie nie aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Regspresedent is egter geskep in *SA Custodial*-saak waar leningskommissie beslis is om onder artikel 11(bA) aftrekbaar te wees. Weens regspresedent, *stare decisis*, wat geskep is deur die appèlhofsake, moet alle hofe eenvormige beslissings gee ten opsigte van leningskommissie, tensy die hofe ander gronde kry om die betrokke saak te onderskei van die *SA Custodial*-saak. Die studie sal ter volledigheidsoeinde die inkomstebelastinggevolge bestudeer sou daar bevind word dat leningskommissie nie verwante finansieringskoste van rente is nie. 'n Voorbeeld van so 'n geval is die *ITC 1019*-saak waar die belastinghof onderskeid getref het op gegewe feite met 'n appèlhofsake, *Genn Co.*

Daar kan aan die hand gedoen word dat leningskommissie in so geval nie sal voldoen aan die vereistes van artikel 24J en artikel 11A nie en voorts ook nie aftrekbaar sal wees in terme van hierdie artikel nie. Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie sal dan bepaal word deur artikel 11(a) gelees in samewerking met artikels 11A, 23(g) en 23H. Die hofe sal heelwaarskynlik, om 'n gevolgtrekking te kan maak in so situasie rakende die

spesifieke inkomstebelastinghantering, die situasie evalueer aan die hand van die kapitaal teenoor inkomste toetse.

Brincker (2011) dui aan dat daar voor *SA Custodial* slegs een ander hofsaak in Suid-Afrika was wat leningskommissie as aftrekking vir belasting toegelaat het. Volgens Brincker (2011:M-2) was die leningskommissie in *Genn Co* aftrekbaar vanweë die feit dat daar nie onderskeid gemaak kon word tussen die rente en die leningskommissie nie. Schreiner JA het in die appèlhofsaak, *Genn Co* op bladsy 119 en 121 onderskeidelik, die volgende beslis ten opsigte van leningskommissie aangegaan ter verkryging van 'n lening:

“It should I think be observed at the outset that, whatever might be the position on other facts, it is not possible in the present case to justify a difference in treatment between the interest on the loans and the commissions; the circumstances mentioned above show that in each case the commission together with the interest formed in effect one consideration which the company had to pay for the use of the money for the period of the loan. Although, therefore, the commissioner allowed the deduction of the interest, as distinguished from the commission, the principles to be followed are on the present facts equally applicable to both.”

“Interest paid on money borrowed and used for the purpose of a business would appear to be expenditure actually incurred in the production of the income of the business, whether the loan was for the acquisition of fixed or floating capital. There might, of course, be the further question whether or not, because of its association with fixed capital into which the loan is turned, interest on such loan may not properly be said to be expenditure of a capital nature.”

Die appèlhof kon dus nie gronde vind om 'n onderskeid te tref tussen leningskommissie aangegaan en rente wat betaalbaar is op die lening verkry nie. Leningskommissie is in hierdie geval dus as 'n aftrekking toegelaat saam met die rente aangegaan op die lening. Die belastinghewe het egter in verskeie sake sedert *Genn Co* beslis dat leningskommissie nie in alle omstandighede aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes nie. In *ITC 882* (1959) 23 SATC 239 (T) is leningskommissie aangegaan om die belastingpligtige in staat te stel om 'n bate te skep wat die belastingpligtige in staat sal stel om huurinkomste te verdien. Die hof het beslis dat die leningskommissie wat aangegaan is van 'n kapitale aard was en dat dit nie aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Die betrokke feitestel

is deur Kuper J onderskei van die *Genn Co*-saak vanweë die feit dat die lenings ontvang die belastingpligtige in staat gestel het om 'n kapitale bate in plaas van van handelsvoorraad aan te koop, soos in die *Genn Co*-saak.

In 'n daaropvolgende belastinghofspraak, *ITC 995 (1962) 25 SATC 137 (T)*, het die belastingpligtige sy eiendom, waarop hy 'n verband uitgeneem het, uitverhuur. Die belastingpligtige kon op 'n latere stadium 'n goedkoper verbandlening kry, wat die belastingpligtige toe opgeneem het, om die duurder verbandlening te vervang. Leningskommissie is aangegaan tydens die verkryging van die goedkoper verbandlening deur die belastingpligtige. Kuper J het beslis dat die hof se siening was dat die transaksie sy aard behou het, deurdat dit 'n transaksie was waar die vaste kapitaal van die appellant in stand gehou is. Die uitgawes wat aangegaan is in verband hiermee is beslis om van 'n kapitale aard te wees en dus nie aftrekbaar nie.

In *ITC 1019 (1962) 25 SATC 411 (N)* het die hof beslis dat daar ook onderskeid gemaak kan word met die *Genn Co*-saak deurdat daar leningskommissie aangegaan is om 'n kapitale bate te verkry en nie handelsvoorraad soos in die *Genn Co*-saak nie. James J het op bladsy 413 beslis dat indien die leningskommissie aangegaan is om vaste kapitaal in plaas van bedryfskapitaal te verkry, dit nie aftrekbaar kan wees vir inkomste-belastingdoeleindes nie.

Brincker (2011:M-1) huldig die siening dat die algemene inkomstebelastinghantering wat gehandhaaf moet word rakende die aftrekbaarheid van leningskommissie is dat dit aftrekbaar is indien dit aangegaan is in die gewone loop van besigheid, insluitend die verkryging van 'n lening om 'n bedryfsbate te verkry. Die situasie is egter anders indien die leningskommissie aangegaan is om bates te verkry wat die kapitaalstruktuur uitbrei. Brincker (2011:M-2) stel dit ook dat indien die belastingpligtige 'n geldskietter is, leningskommissie wat aangegaan word om lenings te verkry waarskynlik van 'n inkomste aard is omrede die gelde bedryfskapitaal in sy hande sal wees (*Sentra-Oes Koöperatief Beperk v CIR 1995 (3) SA 197 (A), 57 SATC 109*).

Zulman *et al.*, (2013) dui egter vier belangrike beginsels aan wat moet geld rakende die aftrekbaarheid van leningskommissie. Dit word voorgegee soos volg:

1. Leningskommissie wat aangegaan is, hetsy as 'n eenmalige bedrag of as 'n jaarlikse paalement, sal nie aftrekbaar wees as dit verwys na die aankoop van nie-bedryfsbates nie;

2. Leningskommissie aangegaan om 'n lening te verkry wat dan gebruik word om 'n bestaande lening af te los en indien oorspronklike lening aangegaan is om nie-bedryfsbates aan te skaf nie, sal die leningskommissie nie aftrekbaar wees vir inkomstebelastingdoeleindes nie;
3. Leningskommissie aangegaan in die vorm van 'n waarborgfooi wat gereeld betaal word en afhanklik is van die bedrag lening uitstaande, sal aftrekbaar wees in die voortbrenging van inkomste;
4. As die waarborgfooi egter 'n eenmalige bedrag is, sal dit die vorm van kapitaal aanneem.

Zulman *et al.*, (2013) verwys ook na die inkomstebelastinghantering van spesifieke leningskommissie. In terme hiervan is ondersoekfooi van 'n kapitale aard en dus nie aftrekbaar vir inkomstebelastingdoeleindes nie. 'n Fooi vir die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite word hoofsaaklik gesien as die betaling vir die gebruik van geld en is daarvolgens nie van 'n kapitale aard nie.

Daar word aan die hand gedoen dat leningskommissie se inkomstebelastinghantering, afgelei van bogenoemde wetgewing en interpretasie van belastingsdeskundiges, 'n feitevraag is wat van saak tot sal verskil indien artikel 24J saamgelees met artikel 11A nie van toepassing is nie. Daar word ook aan die hand gedoen dat genoegsame gronde bestaan, afhangende van die relevante feitestel van die betrokke saak, vir die howe om in so 'n geval die aftrekking van leningskommissie toe te staan of te weier.

Indien die howe wel beslis dat leningskommissie aftrekbaar is in terme van artikel 11(a), sal die bepalinge wat die waarde van die aftrekkings verminder of beperk, bestudeer moet word. Die relevante bepalinge is artikel 23(g) en artikel 23H.

Artikel 23H is reeds oorhoofs bespreek in hoofstuk 3. In terme van hierdie bespreking is daar aangedui dat vooruitbetaalde uitgawes se aftrekkings vir inkomstebelastingdoeleindes in sekere gevalle beperk sal word. Leningskommissie aangegaan in terme van artikel 11(a) voldoen aan die eerste vereiste van artikel 23H wat alle aftrekkings insluit wat onder andere onder artikel 11(a) val.

Die tweede voorwaarde soos vervat in artikel 23H(1)(b) word as volg omskryf:

“(b) ten opsigte van —

- (i) goed of dienste, waarvan alles nie aan bedoelde persoon verskaf of gelewer sal word gedurende bedoelde jaar van aanslag nie; of
- (ii) enige ander voordeel, waar die tydperk waarop die onkoste betrekking het na daardie jaar van aanslag voortduur,

word die bedrag van die onkoste ten opsigte waarvan ’n aftrekking ingevolge bedoelde artikel in bedoelde jaar en enige daaropvolgende jaar van aanslag toegestaan word, beperk tot, in die geval van onkoste aangegaan ten opsigte van

- (iii) enige ander voordeel waarop bedoelde onkoste betrekking het, ’n bedrag wat tot die totale bedrag van bedoelde onkoste, in dieselfde verhouding staan as wat die aantal maande in bedoelde jaar waartydens bedoelde persoon bedoelde voordeel sal geniet tot die totale aantal maande waartydens bedoelde persoon bedoelde voordeel sal geniet, of waar die tydperk van daardie voordeel nie bepaalbaar is nie, die tydperk waartydens die voordeel waarskynlik geniet sal word, staan:”

Die vraagstuk ontstaan of leningskommissie wat betaal is aan die uitlener geles kan word onder die beskrywing soos gedefinieer in artikel 23H. Dieselfde metodiek, soos gevind in hoofstuk 2, sal gevolg word om die verklaring van die woord “voordeel” te bepaal. Eerstens sal daar aan die hand van die Wet bepaal word of daar enige duidelikheid bestaan rondom die gebruik van die woord “voordeel”. Tweedens sal daar na die woordeboekdefinisie van die woord gekyk word om sy betekenis te bepaal en laastens sal daar ondersoek ingestel word om te bepaal of daar enige uitklaring deur die Suid-Afrikaanse howe is rondom die betekenis van die woord.

Die Wet bevat geen omskrywing van die woord “voordeel” nie. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2010:1480) omskryf die woord *voordeel* as om van iets te profiteer. Harms JA het in *CIR v Datakor Engineering (Pty) Ltd* 1998 (4) SA 1050 (SCA), 4 All SA 414 (A) op bladsy 420 beslis dat *enige voordeel* die volgende betekenis dra:

“The provision in question concerns itself with “any benefit”, words of a wide and indeterminate meaning. Whether the benefit is affected or reduced by other factors is, for this part of the investigation at least, of no consequence. The benefit, in the words of the Act, is to be found in the reduction or extinction of the debt, something which and the extent of which, as said before, is common cause. Indeed, the concession by the creditors (to waive the balance of their eligible claims against the taxpayer in return for a nebulous “right” of redemption of redeemable preference shares) must of necessity translate into a benefit to the taxpayer.”

In die bogenoemde hofsaak is daar bevind dat die vermindering of uitwissing van skuld 'n voordeel vir die belastingpligtige inhou. Heher AJA het in *C:SARS v Scribante Construction (Pty) Ltd* 2002 (4) SA 835 (SCA), 64 SATC 379 op bladsy 385 beslis dat die enigste voordeel vir die maatskappy om die rente te betaal, die verkryging van die lening was sowel as die beskikbaarheid van die fondse vir die gebruik in die beoefening van die belastingpligtige se bedryf.

Die Suid-Afrikaanse howe het nog nie 'n beslissing gemaak rakende of leningskommissie, wat aftrekbaar is in terme van artikel 11(a), se aftrekking beperk sal word deur artikel 23H nie. Daar word aan die hand gedoen dat indien so 'n spesifieke feitstel ooit in die Suid-Afrikaanse howe sal beland, die moontlikheid wel sal bestaan dat artikel 23H van toepassing sal wees op leningskommissie wat aftrekbaar is in terme van artikel 11(a). Dit is weens die moontlikheid dat daar aangevoer sal kan word dat die belastingpligtige, deur leningskommissie aan te gegaan het, die voordeel verkry het om die uitlener se fondse te kon verkry oor 'n tydperk sowel as om die fondse te benut tot die goeddunke van die belastingpligtige. Indien die howe so 'n beslissing maak, sal leningskommissie oor die termyn van die lening versprei moet word.

Artikel 23(g) is ook reeds kortliks in hoofstuk 3 bespreek. Daar is bepaal dat uitgawes, om aftrekbaar te wees in terme van artikel 11(a), geheel en al of gedeeltelik vir bedryfsdoeleindes bestee of uitgegee moes gewees het. Marais (2004:11) dui aan dat indien uitgawes nie geheel en al aangegaan is vir bedryfsdoeleindes nie, daar 'n toedeling van die uitgawes moet wees tussen die gedeelte wat vir bedryfsdoeleindes aangegaan is en die deel wat nie vir bedryfsdoeleindes aangegaan is nie. Die gedeelte wat vir bedryfsdoeleindes aangegaan is, sal aftrekbaar wees vir inkomstebelastingdoeleindes, mits dit aan artikel 11(a) vereistes voldoen. Emslie (2010:8) bevestig die siening gehuldig

rakende artikel 23(g). Daar kan dus aan die hand gedoen word dat indien leningskommissie aftrekbaar is in terme van artikel 11(a), daar bepaal sal moet word of die leningskommissie ten volle aangegaan is vir bedryfsdoeleindes om die toelaatbare aftrekking te bepaal.

Daar word aan die hand gedoen dat die afwesigheid van wins nie sal voorkom dat aftrekkings in terme van artikel 23(g) geweier sal word nie. Daar word egter aangevoer dat dit wel 'n baie belangrike komponent is tydens die bepaling of die uitgawes vir bedryfsdoeleindes aangegaan is of nie. In die *De Beers-saak* is die volgende op bladsy 260 deur die regter beslis:

"It is true, as I have already indicated, that the absence of a profit does not necessarily exclude a transaction from being part of the taxpayer's trade; and correspondingly moneys laid out in a non-profit transaction may nevertheless be wholly or exclusively expended for the purposes of trade within the terms of s 23(g). Such moneys may well be disbursed on grounds of commercial expediency or in order indirectly to facilitate the carrying on of the taxpayer's trade (see in this regard the remarks of Jenkins LJ in Morgan v Tate & Lyle Ltd 1953 Ch 601 at 637-8 and Boarland v Kramat Pulai Ltd [1953] 2 All ER 1122). Where, however, a trader normally carries on business by buying goods and selling them at a profit, then as a general rule a transaction entered into with the purpose of not making profit, or in fact with registering a loss, must, in order to satisfy s 23(g), be shown to have been so connected with the pursuit of the taxpayer's trade, eg on grounds of commercial expediency or indirect facilitation of the trade, as to justify the conclusion that, despite the lack of profit motive, the moneys paid out under the transaction were wholly and exclusively expended for the purposes of trade (cf Nemojim's case supra at 947H-948A). Generally, unless the facts speak for themselves, this will call for an explanation from the taxpayer."

Daar word dus aan die hand gedoen dat die winsmotief 'n belangrike riglyn is om te bepaal of die uitgawes aangegaan is vir bedryfsdoeleindes. Marais (2004:84) huldig die siening dat beide *Solaglass Finance Company (Pty) Ltd v CIR* 53 SATC 1, 1991 (2) SA 257 (A) en *CIR v Sunnyside (Pty) Ltd* 58 SATC 319 die beginsel bevestig het dat al is 'n winsoogmerk nie nodig om 'n bedryf te beoefen nie, die belastingpligtige wel 'n voordeel moet ontvang om die aftrekking rakende die uitgawes aangegaan, te kan verkry.

Marais (2004:84) het 'n ontleding van regspraak gemaak en tot die slotsom gekom dat slegs in die gevalle waar 'n belastingpligtige 'n lening ontvang tydens die beoefening van sy bedryf en die belastingpligtige ten doel het om ekonomiese voordele vir homself te verkry, die rente en ander bedryfsuitgawes wat aangegaan is aftrekbaar sal wees.

Daar word aan die hand gedoen dat die aangaan van voorproduksie-leningskommissie om finansiering te verkry om 'n bestaande besigheid uit te brei, wel ekonomiese voordele vir die belastingpligtige inhou. Indien dit dus bewys kan word, afhangende van die betrokke feitestel, dat die leningskommissie aangegaan nie van 'n kapitale aard is nie, asook ter voortbrenging van inkomste tydens die beoefening van die belastingpligtige se bedryf nie, sal artikel 23(g) nie van toepassing wees nie. Die belastingpligtige sal dus in alle gevalle waar voorproduksie-leningskommissie aangegaan is om 'n bestaande bedryf uit te brei moet kan bewys dat die leningskommissie aangegaan is vir bedryfsdoeleindes. Slegs dan sal die belastingpligtige die leningskommissie kan aftrek.

5.6 Gevolgtrekking en samevatting

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie wat binne die definisie van rente en verwante finansieringskoste val, word eerstens bepaal aan die hand van of die bedryf in terme waarvan dit aangegaan is, reeds in aanvang geneem het of nie. Daar word aan die hand gedoen dat voorproduksie-leningskommissie wat aangegaan is 'n nuwe bedryf daarstel en dat tot die bedryf in aanvang neem, die kostes afgetrek moet word in terme van artikel 11A. Na die bedryf in aanvang geneem het, moet die kostes afgetrek word in terme van artikel 24J.

Die verskillende inkomstebelastinghanterings van voorproduksie-leningskommissie aangegaan in terme van artikel 11A en artikel 11(bA) is in 5.4 bespreek. Die huidige waarde van die aftrekkings is bereken om die verskil in hanterings tussen artikel 11A en artikel 11(bA) met mekaar te kan vergelyk.

Daar is bevind dat die nuwe wetgewing (artikel 11A tesame met artikel 24J) meer voordelig vir die belastingpligtige is wanneer die bedryf feitlik onmiddellik in aanvang neem na die aangaan van die uitgawes en die bate eers aansienlik later in gebruik geneem word deur die belastingpligtige in die beoefening van sy bedryf. Daar is ook verder bevind dat indien die bedryf kort na die aangaan van die uitgawes in aanvang neem en die bate terselfdertyd in gebruik geneem word, artikel 11(bA) meer voordelig vir die belastingpligtige is. Dié voordeel raak egter geleidelik al hoe kleiner hoe groter die

tydsverskil tussen die aangaan van die leningskommissie en die ingebruikneming van die bate in die beoefening van 'n bedryf totdat 'n punt bereik word waar, soos in die eerste scenario in 5.4, die artikel 11A en 24J vir die belastingpligtige meer voordelig is.

Laastens, die vraag of leningskommissie van 'n kapitale aard of inkomste aard is indien in ag geneem word dat leningskommissie nie onder die reikwydte van artikel 11A saamgelees met artikel 24J val nie, is dus 'n feitevraag wat deur die howe op 'n individuele grondslag beslis sal word. Argumente kan gevoer word, soos bespreek in hierdie hoofstuk, vir die aftrekking van leningskommissie in terme van artikel 11(a), sowel as nie-weiering van so 'n aftrekking deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens Kommissaris gebaseer op die howe se uitsprake.

Indien die belastingpligtige kan toon dat die feitestel dieselfde is as dié in die *Genn Co* saak of dat die leningskommissie van 'n inkomste aard is, sal die leningskommissie aftrekbaar wees in terme van artikel 11(a). In so 'n geval sal die feitestel ook bepaal tot watter mate die toelaatbare aftrekking, wat toegestaan word onder artikel 11(a), beperk moet word. Daar word aangevoer dat artikel 23H moontlik sal bepaal dat die leningskommissie se aftrekking versprei moet word oor die termyn van die voordeel ontvang deur die toestaan van die lening. Die beginsel is egter nog nie in die Suid-Afrikaanse howe getoets met betrekking tot voorproduksie-leningskommissie aangegaan nie en redelike onsekerheid heers dus oor of die Suid-Afrikaanse Inkomstediens suksesvol sal wees met die toepassing van artikel 23H in so 'n geval.

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 23(g) ook moontlik die toelaatbare aftrekking in terme van artikel 11(a) sal beperk. Dit sal geskied waar die voorproduksie-leningskommissie nie vir bedryfsdoeleindes aangegaan word nie. Daar word verder aangevoer dat die uitgawes ekonomiese voordele tot gevolg moet hê vir die belastingpligtige, om geag te word dat dit vir bedryfsdoeleindes aangegaan is. Daar is bevind dat leningskommissie wat aangegaan is om 'n bestaande bedryf uit te brei ekonomiese voordele vir die belastingpligtige sal inhou. Indien leningskommissie dus as aftrekking toelaatbaar is in terme van artikel 11(a), sal artikel 23(g) nie die aftrekking beperk nie.

Daar word aan die hand gedoen dat dit slegs in seldsame gevalle sal gebeur dat leningskommissie nie binne die reikwydte van artikel 11A en artikel 24J sal val nie en die aftrekking daarvan in terme van artikel 11(a) bepaal sal moet word. Die weiering van 'n

afrekking vir inkomstebelastingdoeleindes sal hoogs onwaarskynlik wees in die lig van die beslissing gemaak in die *SA Custodial*-saak.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en samevatting

6.1 Inleiding

Navorsing in hierdie studie is onderneem met die doel om die primêre vraag te beantwoord rondom of die belastingpligtige tans in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die vervanging van artikel 11(bA) met artikel 11A. Die studie het spesifiek gefokus op die posisie van belastingpligtiges wat voorproduksie-verwante finansieringskoste aangegaan het om hul bestaande besigheid uit te brei.

Alvorens die primêre vrae rondom leningskommissie beantwoord kon word, moes daar eers antwoorde op die volgende sekondêre vrae verkry word:

- Bestaan daar geldige gronde om die siening dat leningskommissie as “verwante finansieringskoste” gesien kan word, te ondersteun?
- Indien leningskommissie as verwante finansieringskoste geag kan word, sal die bepalinge van artikels 24J, insluitend artikel 11A en 11(bA), daarop toegepas kan word?
- Kan voorproduksie-leningkommissie wat aangegaan is om 'n bestaande besigheid uit te brei, afgetrek word ingevolge artikel 11A of artikel 24J, of selfs enigsins?
- Indien leningskommissie nie onder die gedefinieerde begrip van rente soos in artikel 24J gelys is, sal dit alternatiewelik onder artikel 11(a), gelees in samewerking met artikels 23(g) en 23H, afgetrek kan word?

6.2 Die aard van leningskommissie en die skakeling daarvan met verwante finansieringskoste sowel as die toepaslikheid van artikels 24J en 11(bA)

In hoofstuk 2 is ondersoek ingestel na die aard van sekere tipes leningskommissie wat in die sakepraktyk gevind word en of leningskommissie binne die beskrywing van die term *rente en verwante finansieringskoste*, soos gevind in artikel 11(bA) en artikel 24J, ingelees kan word. Daar is bevind dat die verwysing *verwante finansieringskoste* 'n wyer betekenis het as die nouer woordeboekbetekenis sowel as die gemene reg betekenis van die woord *rente*.

Dit het ook in die ondersoek tot die lig gekom dat die gebruik van die woord *verwant* deur die Wetgewer, in die term *rente en verwante finansieringskoste*, tot gevolg het dat nie alle finansieringskoste binne hierdie definisie val nie, maar slegs finansieringskoste wat *verwant* is aan rente. Daar is ook bevind dat die leningskommissie finansieringskoste is wat nagenoeg verwant is aan rente en dus binne die omskrywing van *rente en verwante finansieringskoste* val.

Verdere ondersteuning vir die siening is gevind in die *SA Custodial* appèlhof-uitspraak waar dit bevestig is dat sekere leningskommissie binne die omskrywing van *rente en verwante finansieringskoste* val. Die uitspraak is gelewer gebaseer op die appèlhof se interpretasie van die onlangs geskrapte artikel 11(bA). Daar is ook bevind dat weens die regsbeginsel *stare decisis*, die appèlhof-uitspraak in *SA Custodial* wat leningskommissie as verwante finansieringskoste geïnterpreteer het, in die toekoms bindend op alle Suid-Afrikaanse howe is. Vir die beginsel om nie te geld nie, sal die howe ander gronde moet kry om die leningskommissie in die betrokke saak te kan onderskei van die leningskommissie in die *SA Custodial*-saak. Daar word dus aan die hand gedoen dat daar wel geldige gronde bestaan om leningskommissie te hanteer as *verwante finansieringskoste*. Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie sal dus ooreenstem met die inkomstebelastinghantering van rente en verwante finansieringskoste.

6.3 Die moontlike toepassing van artikel 24J, insluitend artikel 11A, op leningskommissie

Artikel 11(bA) bepaal dat rente en verwante finansieringskoste aangegaan ter verkryging van sekere items, soos gelys in artikel 11(bA), as aftrekking toegestaan mag word. Daar is in hoofstuk 2 verder bevind, soos hierbo bespreek, dat leningskommissie ook ingelees kan word in die term *rente en verwante finansieringskoste* en dus aftrekbaar sal wees in terme van artikel 11(bA). Die siening is bevestig deur die appèlhof-uitspraak in die *SA Custodial*-saak wat beslis het dat leningskommissie in die betrokke saak aftrekbaar is in terme van artikel 11(bA).

Artikel 11(bA) is egter onlangs geskrap uit die Wet en vervang met artikel 11A. Die vraagstuk is dus of artikel 11A ook van toepassing sal wees op leningskommissie aangegaan. Artikel 11A bepaal dat sekere uitgawes aangegaan voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf aftrekbaar sal wees mits 'n aftrekking toegestaan sou word indien die bedryf wel beoefen is ten tye van die aangaan van die uitgawes.

Artikel 24J-uitgawes word ingesluit onder die lys van bepalings waar artikel 11A van toepassing is. Daar is bevind dat artikel 24J die enigste ander bepaling in die Wet is wat verwys na *rente en verwante finansieringskoste*. Hoofstuk 2 het verder bevind dat regsbeginsel, sowel as die presedent wat deur die hof geskep is, bepaal dat 'n sekere betekenis aan dieselfde stel woorde gegee word in 'n bepaling, en dat dieselfde betekenis aan soortgelyke woorde gegee moet word as dit aangetref word in 'n ander bepaling.

Daar word dus aangevoer dat dieselfde betekenis wat aan *rente en verwante finansieringskoste* toegeëien is in terme van artikel 11(bA), toegeëien moet word aan dieselfde woorde in terme van artikel 24J. Leningskommissie moet dus ingelees word onder *rente en verwante finansieringskoste* soos omskryf deur artikel 24J. Leningskommissie is verder ook aftrekbaar in terme van artikel 11A wanneer die beoefening van 'n bedryf in aanvang neem weens die feit dat dit aftrekbaar is in terme van artikel 24J.

6.4 Inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië is in hoofstuk 4 bestudeer. Die bestudering het ten doel gehad om te bepaal of die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingbeginsels moontlik byval kan vind by die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in die Verenigde Koninkryk en Australië. Dit sal bystand verleen om moontlike riglyne vir Suid-Afrika te identifiseer wat die berekening van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie sal vereenvoudig en vergemaklik. Enige moontlike toepaslike riglyne sal kan bydra tot die vermindering van die kostes om die inkomstebelastingverpligting van die belastingpligtige te bereken sowel as die administratiewe proses by die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingdiens te vereenvoudig en die koste-implikasie vir die nasien van belastingopgawes te verminder.

Die inkomstebelastinghantering van leningskommissie word spesifiek in die Verenigde Koninkryk se wetgewing aangespreek, in teenstelling met die Suid-Afrikaanse wetgewing waar dit nie spesifiek bespreek word nie. Indien die fokus spesifiek op die inkomstebelastinghantering van maatskappye val, is daar bevind dat die Verenigde Koninkryk se inkomstebelastingwetgewing, wat leningskommissie hanteer in terme van IFRS, meer doeltreffend is as dié van Suid-Afrika. Daar is ook bevind dat die Australiese inkomstebelastingwetgewing verskeie metodes bevat in terme waarvan leningskommissie

aftrekbaar sal wees. Daar is verder bevind dat die vertrouwe in die finansiële state, wat leningskommissie se inkomstebelastinghantering in terme van IFRS bepaal, die Australiese metode is wat die meeste byval in Suid-Afrika sal vind.

Suid-Afrikaanse maatskappye moet tans reeds voldoen aan IFRS-vereistes in die voorbereiding van hul finansiële state en dus word die hantering van leningskommissie reeds volgens rekeningkundige beginsels bepaal. Daar kan aangevoer word dat die omskakeling van leningskommissie se IFRS-hantering na die inkomstebelastinghantering onnodig is en onnodiglik administratiewe kostes aan beide die kant van die belastingpligtige en aan die kant van die SAID verhoog. Daar word dus aangevoer dat die Suid-Afrikaanse wetgewing byval kan vind deur direk na die inkomstebelastinghantering van leningskommissie te verwys, sowel as die IFRS-hantering van leningskommissie te volg.

In terme van die inkomstebelastinghantering van leningskommissie aangegaan voor die aanvang van die beoefening van 'n bedryf, is daar bevind dat die hantering daarvan in die Verenigde Koninkryk en Suid-Afrika in vele aspekte ooreenstem. Daar is egter bevind dat, weens beperkinge op die aftrekbaarheid van voorproduksie-leningskommissie in die Verenigde Koninkryk, die Suid-Afrikaanse hantering van voorproduksie-leningskommissie meer byval sal vind by Suid-Afrikaanse belastingpligtiges. Die studie het ook verder bevind dat die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie in Australië gebrekkig is en dat die Suid-Afrikaanse wetgewing beter riglyne bevat en dus ook meer byval sal vind by die Suid-Afrikaanse belastingpligtige.

6.5 Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan in die uitbreiding van 'n bestaande bedryf

Die inkomstebelastinghantering van voorproduksie-leningskommissie aangegaan om 'n bestaande besigheid uit te brei, word tans aan die hand van artikel 11A of artikel 24J bepaal. In beide gevalle sal die jaarlikse aftrekking bereken word in terme van die werking van artikel 24J, met die weselike verskil dat artikel 11A-aftrekkings eers aftrekbaar is in die jaar van aanslag waarin daar begin word met die beoefening van 'n bedryf. Indien die aftrekking aan die hand van artikel 24J geskied, word die aftrekking versprei oor die termyn van die instrument en die jaarlikse komponent word afgetrek.

Die sekondêre vraagstuk wat dus beantwoord moet word is of voorproduksie-leningskommissie wat aangegaan is om 'n bestaande bedryf uit te brei, aftrekbaar is in terme van artikel 11A of artikel 24J? Dit hang dus af van of 'n bedryf beoefen word tydens die uitbreiding van hierdie bestaande bedryf al dan nie. Daar is in hoofstuk 3 bevind dat die definisie van 'n bedryf wyd omskryf is en 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite insluit. Daar is ook verder tot die gevolgtrekking gekom dat die bepaling van of 'n bedryf beoefen word of nie, 'n feitevraag is wat sal afhang van die relevante feitestel en dat daar weinig regsprecedent in Suid-Afrika bestaan rakende wanneer daar begin word met die beoefening van 'n bedryf. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens verskaf ook verder minimale bystand aan belastingpligtiges om te bepaal wanneer daar met beoefening van 'n bedryf begin word.

Die slotsom wat in hoofstuk 3 bereik is, is dat waar 'n kapitale bate tot stand gebring word, 'n bedryf nog nie in aanvang geneem het nie. Indien 'n kapitale bate dus aangeskaf word deur 'n belastingpligtige en leningskommissie word aangegaan, sal die leningskommissie nie aangegaan wees in die beoefening van 'n bedryf nie. Artikel 24J bevat nie 'n vereiste dat die leningskommissie nie van 'n kapitale aard mag wees nie en dus sal leningskommissie van 'n kapitale aard wel 'n toelaatbare aftrekking wees in terme van artikel 24J asook artikel 11A.

Die leningskommissie wat bereken word vandat dit aangegaan is totdat 'n bedryf in aanvang neem in terme van die bepalings van artikel 24J, sal aftrekbaar wees in die jaar van aanslag waarin die bedryf in aanvang neem in terme van artikel 11A. Enige oorblywende tydperk van die instrument na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf se aftrekking sal volgens artikel 24J bereken word.

Die onlangs geskrapte artikel 11(bA) bepaal dat die aftrekking van voorproduksie-leningskommissie aangegaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf as aftrekking toelaatbaar sal wees wanneer die bate tydens die beoefening van 'n bedryf in gebruik geneem word. Artikel 11(bA) laat die volle aftrekking van leningskommissie toe op die tydstip wat die bate in gebruik geneem word, teenoor artikel 11A wat die opgeloopte jaarlikse rente wat oor die termyn van die instrument toegeval het, soos bepaal deur artikel 24J, as aftrekking toelaat wanneer die bedryf in aanvang neem. As gevolg van die vervanging van artikel 11(bA) met artikel 11A is daar dus 'n verandering van die tydstip waarop die aftrekking mag geskied, vanaf wanneer die bate in gebruik geneem word tydens die beoefening van 'n bedryf na slegs die tydstip van die beoefening van 'n bedryf.

Verder bepaal artikel 11A(2) dat die aftrekking nie 'n aangeslane verlies vir die belastingpligtige mag skep nie, selfs nie eens teen inkomste van 'n ander bedryf wat deur die belastingpligtige bedryf word nie. Artikel 11(bA) het nie so 'n beperking bevat nie en 'n aangeslane verlies kon geskep word het deur die artikel 11(bA)-aftrekking te benut.

Die primêre vraag - of die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A ten opsigte van leningskommissie aangegaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf - is in hoofstuk 5 bestudeer. Hoofstuk 5 het die primêre vraag beantwoord aan die hand van verskillende scenario's. Daar is aangeneem dat artikel 11A nie in die gegewe scenario's 'n aangeslane verlies sal veroorsaak nie en dus nie beperk sal word nie.

In die gegewe scenario's in hoofstuk 5 is die aftrekkings gelykgestel aan mekaar deurdat die aftrekkings se huidige waarde van die verwagte toekomstige aftrekkings oor die termyn van die instrument vir die vier scenario's bepaal is. In die scenario's is verskillende tye toegeken aan beide wanneer die bedryf in aanvang neem sowel as wanneer die bate in gebruik geneem is.

Daar is bevind dat indien die bate vroeg tydens die leeftyd van die instrument beide in gebruik geneem word asook ter beoefening van 'n bedryf, die artikel 11(bA)-aftrekking meer voordelig is vir die belastingpligtige as die artikel 11A-aftrekking. Die groter aftrekking wat artikel 11(bA) toelaat bo artikel 11A, raak egter kleiner hoe meer tyd verloop sedert die ingebruikneming van die bate en die begin van die beoefening van die bedryf indien daar aangeneem word dat dit nog steeds kort op mekaar volg. Indien die beoefening van 'n bedryf egter vroeg tydens die lewensydperk van die instrument in aanvang neem en die bate eers baie later in gebruik geneem word, sal artikel 11A en artikel 24J meer voordelig wees vir die belastingpligtige as die toelaatbare aftrekking in terme van artikel 11(bA).

6.6 Die moontlike inkomstebelastinghantering van leningskommissie indien dit nie aan die omskrywing rente en verwante finansieringskoste voldoen nie.

Ter afsluiting het die studie gefokus op die moontlike inkomstebelastinghantering van leningskommissie indien dit nie aan die omskrywing *rente en verwante finansieringskoste* soos gevind in artikel 24J en die onlangs geskrapte artikel 11(bA) voldoen nie. Daar is bevind dat artikel 11(a), gelees in samewerking met artikel 23(g) en 23H, in so 'n geval die inkomstebelastinghantering van leningskommissie sal bepaal.

In hoofstuk 5 is die bevinding gemaak dat om die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in terme van artikel 11(a) te bepaal, daar heelwaarskynlik eerstens ondersoek ingestel moet word om te bepaal of die leningskommissie inkomste of kapitaal van aard is. Appèlhofpresedent is geskep in die *Genn Co*-saak waar daar beslis is dat geen onderskeid tussen leningskommissie aangegaan en rente betaalbaar op die lening verkry gemaak kan word nie. Die leningskommissie is in bogenoemde geval toelaatbaar as 'n aftrekking vir inkomstebelasting saam met die rente aangegaan op die lening.

Indien die belastingpligtige kan toon dat die betrokke feitestel met die feitestel soos gevind in die *Genn Co*-saak ooreenstem, daar genoegsame gronde sal wees om die leningskommissie vir inkomstebelastingdoeleindes af te trek. Daar is egter bevind dat in hofsake sedert *Genn Co*, waar daar 'n onderskeid gemaak is tussen die betrokke feitestel en die feitestel van *Genn Co*, dat leningskommissie in meeste gevalle van 'n kapitale aard is en dus nie aftrekbaar is vir inkomstebelastingdoeleindes nie. Dit volg dus dat die inkomstebelastinghantering van leningskommissie in terme van artikel 11(a) bepaal sal word afhangende van die betrokke feitestel en of daar ooreenstemmings met die *Genn Co*-saak gevind kan word.

Indien daar bevind word dat die leningskommissie wel aftrekbaar is in terme van artikel 11(a), moet daar verdere ondersoek ingestel word oor of artikel 23H of artikel 23(g) die aftrekbaarheid van leningskommissie beperk. Daar is bevind dat die moontlikheid wel bestaan dat leningskommissie aangegaan in terme van 'n lening verkry wel oor die termyn van die lening versprei sal moet word in terme van artikel 23H. Die belastingpligtige ontvang die voordeel van die gebruik van die fondse oor die termyn van die lening en artikel 23H bepaal dat die inkomstebelasting-aftrekking versprei moet word oor die termyn van hierdie voordeel ontvang. Hierdie beginsel is egter nog nie in die Suid-Afrikaanse howe getoets nie en dus is daar geen sekerheid of die howe wel die aftrekking van voorproduksie-leningskommissie oor die termyn van die lening sal versprei nie.

Hoofstuk 5 het ook bevind dat artikel 23(g) heelwaarskynlik nie die aftrekking van voorproduksie-leningskommissie aangegaan sal beperk nie. Leningskommissie moet eers aftrekbaar wees in terme van artikel 11(a) voor die negatiewe beperking soos gevind in artikel 23(g) bestudeer moet word. Leningskommissie wat dus toelaatbaar is in terme van artikel 11(a) sal dus nie van 'n kapitale aard wees nie en sal ook aangegaan wees in die beoefening van 'n bedryf. Daar is bevind dat indien ekonomiese voordele die belastingpligtige toeval weens die aangaan van die leningskommissie, dit aftrekbaar in

terme van artikel 11(a) is. Daar is verder bevind dat indien ekonomiese voordele die belastingpligtige toeval, die leningskommissie vir bedryfsdoeleindes aangegaan is. Dus sal artikel 23(g) nie die leningskommissie wat aftrekbaar is in terme van artikel 11(a) beperk nie.

6.7 Samevatting en gevolgtrekking

Die studie het ten doel gestel om te bepaal of die belastingpligtige wat leningskommissie aangaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skraping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A. Daar is bevind dat daar na 'n verskeidenheid van faktore gekyk moet word om hierdie vraag te kan beantwoord.

Eerstens is gevind dat die belastingpligtige in 'n meer nadelige posisie met die skraping van artikel 11(bA) en vervanging met artikel 11A is omrede artikel 11A die uitgawes en onkoste by die uitbreiding van 'n spesifieke bedryf omhein, terwyl artikel 11(bA) dit nie gedoen het nie. Indien die bedryf wat uitgebrei word dus stadig aan die gang kom en nie gou belasbare inkomste oplewer nie, en daar wel ander bedrywe is wat goed presteer, sal die verliese van die uitgebreide bedryf nie teen ander belasbare bedrywe afgesit mag word nie. Dit sal tot 'n groter belastinglas vir die belastingpligtige lei.

Tweedens word die belastingpligtige se inkomstebelastingposisie bepaal deur die tydstip waarop die bedryf in aanvang neem sowel as wanneer die bate in gebruik geneem word tydens die beoefening van die bedryf. Daar is bevind dat dit wel meer nadelig sal wees vir die belastingpligtige indien die bate eers aan die einde van die instrument se periode in gebruik geneem word weens die rede dat die aftrekking tot nou toe beperk sou gewees het en die aftrekking vroeër in terme van artikel 24J afgetrek kan word.

Artikel 11(bA) is egter meer voordelig as artikel 11A indien die bate vroeg in gebruik geneem word na die aanvang van die bedryf. Dit is weens die feit dat artikel 11(bA) die volle bedrag leningskommissie as aftrekking toelaat op hierdie gegewe tydstip teenoor artikel 11A wat slegs die gedeelte toestaan as aftrekking wat toelaatbaar sou gewees het in terme van artikel 24J indien dit geag is dat die beoefening van die bedryf reeds in aanvang geneem het. Daar word aan die hand gedoen dat daar verwag sal word dat die tydperk vanaf die aanvang van die beoefening van 'n bedryf tot die ingebruikneming van die bate in die bedryf, nie weselik sal wees nie.

Daar word dus aan die hand gedoen dat die belastingpligtige wel in 'n meer nadelige posisie is as gevolg van die skrapping van artikel 11(bA) en die vervanging daarvan met artikel 11A in die Wet rakende voorproduksie-leningskommissie aangegaan tydens die uitbreiding van 'n bestaande bedryf. Daar word ook aan die hand gedoen dat hierdie studie riglyne vir die inkomstebelastinghantering van leningskommissie uiteengesit het om, spesifiek, die belastingpligtige in te lig rakende die verandering in belastingposisie as gevolg van die skrapping van artikel 11(bA) en vervanging daarvan met artikel 11A. Laastens het die studie ook belangrike riglyne bespreek en geïdentifiseer van hoe leningskommissie in die buiteland vir inkomstebelastingdoeleindes hanteer word en hoe Suid-Afrika moontlik byval kan vind by hierdie inkomstebelastinghantering ten einde dit beide te vereenvoudig sowel as om kostes rakende die nakoming daarvan te verminder.

Bronnelys

Australia: World Audit Democracy Profile. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.worldaudit.org/countries/australia.htm> [2014, Februarie 11].

Australia Taxation Office. 2004. *TR 2004/4 - Income tax: deductions for interest incurred prior to the commencement of, or following the cessation of, relevant income earning activities*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://law.ato.gov.au/atolaw/view.htm?DocID=TXR/TR20044/NAT/ATO/00001> [2014, Augustus 23].

Australian Tax Office. 2013. *Finance and Investment Taxation of Financial Arrangements Working Group minutes, October 2012*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.ato.gov.au/Tax-professionals/TP/Finance-and-Investment-Taxation-of-Financial-Arrangements-Working-Group-minutes,-October-2012/?page=13> [2014, Augustus 23].

Australian Taxation Office. 2014. *Guide to taxation of financial arrangements (TOFA)*. [Intyds]. Beskikbaar: [https://www.ato.gov.au/Business/Taxation-of-financial-arrangements/In-detail/Overview/Guide-to-the-taxation-of-financial-arrangements-\(TOFA\)/](https://www.ato.gov.au/Business/Taxation-of-financial-arrangements/In-detail/Overview/Guide-to-the-taxation-of-financial-arrangements-(TOFA)/) [2014, Augustus 21].

Avery, G. [S.a.]. *Law and Ethics in Nursing and Healthcare: An Introduction*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sagepub.com/upm-data/50943_01_Avery_CH_01.pdf [2014, Augustus 24].

Benson, J. 2004. *The trade requirement in the determination of expenditure and losses in the calculation of taxable income*. Magister-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Black's Law Dictionary. 2007. 2de Uitgawe. St Paul, Minnosota: West Publishing Co.

Brincker, T.E. 2011. *The deduction of funding costs*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page197?oid=64008&sn=Detail> [2013, April 6].

Brincker, T.E. 2011. *Taxation Principles of Interest and Other Financing Transactions*. Durban: LexisNexis. Elektroniese Weergawe. Opedateer Mei 2011. LexisNexis

Browne, J., & Roantree, B. 2012. *A Survey of the UK Tax System*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.ifs.org.uk/bns/bn09.pdf> [2014, Februarie 24].

Chiang, W.C., Di, H., & Hanke, S.A. 2010. Debt or Equity Financing? Analyzing Relevant Factors. *Tax Adviser*, 41(6):412-417.

Clegg, D. 2012. In the beginning. *Tax Planning Corporate and Personal*, Volume 26 (3):71-72.

Clegg, D. & Stretch, R. 2013. *Income Tax in South Africa*. Elektroniese Weergawe. Opedateer Maart 2014. LexisNexis.

Correia, C., Flynn, D., Uliana, E., & Wormald, M. 2013. *Financial Management*. 7de Uitgawe. Hersiene uitgawe. Cape Town: Juta and Company Ltd.

CIR v Allied Building Society 1963 (4) SA 1 (A), 25 SATC 343.

CIR v Giuseppe Brollo Properties (Pty) Ltd 1994 (2) SA 147 (A), 56 SATC 47.

CIR v Datakor Engineering (Pty) Ltd 1998 (4) SA 1050 (SCA), 4 All SA 414 (A).

CIR v Genn & Co (Pty) Ltd 1955 (3) SA 293 (A), 20 SATC 113.

CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust 1992 (4) SA 39 (A), 54 SATC 271.

CIR v Lever Brothers & Unilever 1946 AD 441, 14 SATC 1.

C:SARS v Contour Engineering (Pty) Ltd (1999) 61 SATC 447.

C:SARS v Scribante Construction (Pty) Ltd 2002 (4) SA 835 (SCA), 64 SATC 379.

C:SARS v South African Custodial Services (Pty) Ltd 2012 (1) SA 522 (SCA), 74 SATC 61.

Corporation Tax Act 2009 (Verenigde Koninkryk).

D'Ascenzo, M. [S.a.]. *What role is played by common and fundamental distortions in the tax treatment of debt versus equity?* [Intyds]: Beskikbaar: http://www.itdweb.org/financialconference/documents/Australia_TAXATION_OF_THE_FINANCIAL_SECTOR.pdf [2014, Februarie 26].

De Beers Holdings (Pty) Ltd v CIR 1986 (1) SA 8 (A), 47 SATC 229.

- De Jager, T. 1987. The deductibility of raising fees. *SA Tax Journal*. 2(1), Junie:1-11.
- De Koker, A.P., & Williams, R.C. 2014. *Silke on South African Income Tax*. Elektroniese Weergawe. Opedateer Mei 2014. LexisNexis.
- De Villiers, D.B.M. 2001. *Die inkomstebelastinggevolge van die verkryging van 'n skuldbrief teen 'n diskonto*. Magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Die Woordeboek van Regs en Handelsterme*. 1992. Eerste Uitgawe, Eerste Druk. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Dimasi, B. 2013. *Doing Business in Australia-Introduction to the Australian taxation system for New Zealand businesses*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.nzica.com/Training-and-events/CPD-policy-and-online-log/~media/NZICA/Docs/Resources%20and%20publications/2013%20Doing%20Business%20in%20Australia/2a%20B%20Dimasi%20ppr.ashx> [2014, Februarie 26].
- Director of Education, Transvaal v McCagic & Others* 1918 A.D. 616.
- Du Plessis, L. 2002. *Bill of Rights Compendium*. Elektroniese Weergawe. Opedateer Junie 2002. LexisNexis.
- Emslie, C. 2010. *The tax deductibility of interest on money borrowed to pay penalties imposed by the Competition Tribunal in terms of the Competition Act, 89 of 1998*. Magister-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Gilder, F., Taylor, J., Walpole, M., Burton, M., & Ciro, T. 2012. *Understanding Taxation Law 2013*. LexisNexis.
- Goldberg v PJ Joubert Ltd* 1960 (1) SA 521 (T).
- Haupt, P. 2014. *Notes on South African Income Tax*. Cape Town: Hedron Tax Consulting and Publishing CC.
- HM Revenue & Customs. 2014. *Capital v Revenue Expenditure Toolkit. 2013-14 Self Assessment and Company Tax Returns*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/agents/toolkits/capital-v-revenue.pdf> [2014, Augustus 20].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *BIM45815 - Specific deductions - incidental costs of loan finance: expenses allowable.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/bimmanual/bim45815.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *BIM45825 - Specific deductions - incidental costs of loan finance: commitment fees.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/bimmanual/bim45825.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *BIM46351 - Specific deductions: pre-trading expenditure: scope.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/bimmanual/bim46351.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *BIM46355 - Specific deductions: pre-trading expenditure: relief.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/bimmanual/bim46355.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *CFM30170 - Loan relationships: a short guide: how are taxable amounts computed?* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/cfmmanual/cfm30170.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *CFM33020 - Loan relationships: computational rules: amounts 'fairly representing' profits and losses.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/cfmmanual/cfm33020.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *CFM33060 - Loan relationships: computational rules: expenses allowed as debits.* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/cfmmanual/cfm33060.htm> [2014, Februarie 26].

HM Revenue & Customs. [S.a.]. *CFM33070 - Loan relationships: computational rules: generally accepted accounting practice (GAAP).* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.hmrc.gov.uk/manuals/cfmmanual/cfm33070.htm> [2014, Februarie 26].

Income Tax (Trading and other Income) Act 2005 (Verenigde Koninkryk).

Income Tax Assessment Act 1936 Act No. 27 of 1936 of Australia as amended.

Income Tax Assessment Act 1997 Act No. 38 of 1997 of Australia as amended.

Inkomstebelastingwet No.58 van 1962 (soos gewysig).

International Accounting Standards Board. 2013. *A Guide through International Financial Reporting Standards (IFRSs)* (Vol. Part A). London: IFRS Foundation Publications Department.

ITC 697 (1950) 17 SATC 93 (T).

ITC 777 (1953) 19 SATC 320 (T).

ITC 882 (1959) 23 SATC 239 (T).

ITC 995 (1962) 25 SATC 137 (T).

ITC 1019 (1962) 25 SATC 411 (N).

ITC 1275 (1978) 40 SATC 197 (C)

ITC 1476 (1989) 52 SATC 141 (T)

ITC 1485 (1990) 52 SATC 337 (T).

ITC 1634 (1997) 60 SATC 235.

ITC 1845 73 SATC 80.

Jelfs, P.D. 2010. *Would a 'flat tax' simplify the UK's corporation tax legislation and reduce the associated compliance costs?* Magister verhandeling. Birmingham: Universiteit van Birmingham.

Keast, B., Lovell, G., & Ives, A. 2006. Corporation tax treatment of deal fees. *Tax Adviser*, 12-13. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.tax.org.uk/Resources/CIOT/Migrated%20Resources/0-9/012-013qxd_2.pdf [2014, Augustus 21].

Kellaway, E.A. 1995. *Principles of Legal Interpretation: statutes, contracts and wills*. Durban: Butterworths.

Marais, S. 2004. *Die beoefening van 'n bedryf met spesifieke verwysing na die toestaan van lenings deur houermaatskappye aan filiale of geassosieerdes*. Magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Members and partners - OECD. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.oecd.org/general/listofoecdmembercountries-ratificationoftheconventionontheoecd.htm> [2014, Januarie 23].

Member Countries. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://thecommonwealth.org/member-countries> [2014, Januarie 23].

Meyerowitz, D. 2008. *Meyerowitz on Income Tax*. Kaapstad: The Taxpayer.

Minister of the Interior v Machadodorp Investments (Pty) Ltd 1957 (2) SA 395 (A), 2 All SA 355 (A).

Moodley v Umzinto North Town Board 1998 (2) SA 188 (SCA), 2 All SA 57 (A).

New States Areas Ltd v CIR 1946 AD 61, 14 SATC 155.

New Union Goldfields Ltd v CIR 1950 (3) SA 392 (A), 3 All SA 310 (A).

OECD Better Life Index United Kingdom [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.oecdbetterlifeindex.org/countries/united-kingdom/> [2014, Januarie 24].

Our history. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://thecommonwealth.org/our-history> [2014, Augustus 20].

Oxford Dictionary of English. 2005. Tweede uitgawe, hersien. Oxford: Oxford University Press.

Pyott Ltd v CIR 1945 AD 128, 13 SATC 121.

Reef Estates Ltd v CIR 1954 (2) SA 593 (T), 19 SATC 153.

Robin Consolidated Industries Limited v CIR 1997 (3) SA 654 (SCA), 2 All SA 195 (A).

S v Ffrench-Beytach 1971 (4) SA 333 (T), 4 All SA 391 (T).

Sentra-Oes Koöperatief Bpk v Kommissaris van Binnelandse Inkomste 1995 (3) SA 197 (A), 57 SATC 109.

SIR v Somers Vine 1968 (2) SA 138 (A), 2 All SA 31 (A).

South African Revenue Service. 1995. *Explanatory Memorandum on Income Tax Bill*. Pretoria: SARS, Legal and Policy Division.

South African Revenue Service. 2003. *Explanatory Memorandum on Income Tax Bill*. Pretoria: SARS, Legal and Policy Division.

South African Revenue Service. 2004. *Explanatory Memorandum on the Revenue Laws Amendment Bill*. Pretoria: SARS, Legal and Policy Division.

South African Revenue Services, 2009. *Interpretation Note 51: Pre-trade expenditure and losses*. Pretoria: SARS, Legal and Policy Division.

South African Revenue Services, 2014. *Interpretation Note 33: Assessed Loss: Companies: The "trade" and "income from trade" requirements*. Pretoria: SARS, Legal and Policy Division.

South Africa and the OECD. [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.oecd.org/southafrica/southafricaandtheoecd.htm> [2014, Februarie 21].

Statistics South Africa. 2013. *Consumer Price Index December 2013*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://beta2.statssa.gov.za/publications/P0141/P0141December2013.pdf> [2014, Maart 5].

Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v Distillers Corporation (SA) and Another 1962 (1) SA 458 (A).

Stretch, R., & Silke, J. 2000. Deductibility of Raising Fees in terms of s 11(bA) of the Income Tax Act. *Taxgram* (Julie).

Stiglingh, M., Koekemoer, A.D., van Schalkwyk, L., Wilcocks, J.S., de Swardt, R.D., & Jordaan, K. 2011. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2011*. Durban: LexisNexis.

Stiglingh, M., Koekemoer, A.D., van Schalkwyk, L., Wilcocks, J.S., de Swardt, R.D., & Jordaan, K. 2014. *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2014*. Durban: LexisNexis.

Tax Laws Amendment (Taxation of Financial Arrangements) Act No. 15 of 2009 (Australië).

Union Government v Mack 1917 AD 731.

Taljaard, J.C. 2001. *Geld die gewone reëls en beginsels van wetsuitleg by die uitleg van belastingwetgewing?* Magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

The Legal System of the United Kingdom [S.a.] [Intyds]. Beskikbaar: http://www.cilex.org.uk/about_cilex_lawyers/the_uk_legal_system.aspx [2014, Februarie 25].

The South African Concise Oxford Dictionary. 2002. Cape Town: Oxford University Press South Africa.

Union Government v Mack 1917 AD 731.

Venter v Rex TS 910 (1907).

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2000. 4de uitgawe. Midrand: Perskor.

Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 2010. 9de, hersiene uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Warneke, D. 2011. *The demise of section 11(bA) on interest or finance charges*. [Intyds] Beskikbaar: <http://www.moneyweb.co.za/moneyweb-tax/the-demise-of-section-11ba-on-interest-or-finance-?sn=2009+Detail> [2014, Augustus 20].

Wet No. 31 van 2013: Wysigingswet op Belastingwette.

Williams, R.C. 1997. Can Expenditure on Interest be of a Capital Nature. *The South African Law Journal*. Volume 114 (Deel IV): 641 - 644.

Williams, R.C. 2009. *Income Tax in South Africa Cases and Materials*. Durban: LexisNexis.

Williams, R.C. 2010. Law of South Africa. *Revenue: Part 1, Volume 22(1), Second Edition Replacement Volume*. Elektroniese Weergawe. Opedateer 2010. LexisNexis.

Willemse, L.C. 2011. *Die inkomstebelastinghantering van franchisefooie betaalbaar deur franchisehouers in die Suid-Afrikaanse Petroleumbedryf*. Magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Witthoft, V. 2011. Pre-trade interest incurred on land purchased. *Tax Planning Corporate and Personal*, 25(6). Desember.

Zulman, R.H., Stretch, R., & Silke, J. 2013. Raising Fees - Deduction *Income Tax Practice Manual*. Elektroniese Weergawe. Opedateer Desember 2013. LexisNexis.

Zulman, R.H., Stretch, R., & Silke, J. 2013. Deductions – Raising fees – Section 11(bA) and Section 11(bB) *Income Tax Practice Manual*. Elektroniese Weergawe. Opgedateer Desember 2013. LexisNexis.